Ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), soos gewysig, word hierby bekendgemaak dat die Stadsrad van Carletonville by Spesiale Besluit die Tarief van Gelde, ten opsigte van die Reinigingsdiensteverordeninge, soos afgekondig by Munisipale Kennisgewing 46/1983 in die Provinsiale Koerant van 3 Augustus 1983, met ingang van 1 Julie 1989 soos volg verder gewysig het:

(a) Deur in item 1(1)(a) die syfer "R5,50" deur die syfer "R7,00" te vervang;

(b) deur in item 1(2) die syfer "R13,10" deur die syfer "R15,10" te vervang;

(c) deur in item 1(3) die syfer "R19,70" deur die syfer "R22,70" te vervang;

(d) deur in item 2(1) die syfer "R65,00" deur die syfer "R75,00" te vervang;

(e) deur in item 2(2) die syfer "R119,70" deur die syfer "R138,00" te vervang;

(f) deur in item 2(3) die syfer "R179,55" deur die syfer "R207,00" te vervang;

(g) deur in item 2(4) die syfer "R299,20" deur die syfer "R345,00" te vervang;

(h) deur in item 3(1) die syfer "R1 120,00" deur die syfer "R1 291,00" te vervang;

(i) deur in item 3(2) die syfer "R2 050,00" deur die syfer "R2 362,00" te vervang;

(j) deur in item 3(3) die syfer "R3 080,00" deur die syfer "R3 550,00" te vervang;

(k) deur in item 3(4) die syfer "R5 130,00" deur die syfer "R5 910,00" te vervang;

(l) deur in item 4(4) die syfer "R40,00" deur die syfer "R46,00" te vervang;

(m) deur in item 5 die syfer "R22,00" deur die syfer "R25,40" te vervang;

(n) deur in item 7 die syfer "R27,00" deur die syfer "R31,10" te vervang;

(o) deur in item 8 die syfer "R16,50" deur die syfer "R19,00" te vervang;

(p) deur in item 9(1) die syfer "R38,50" deur die syfer "R44,35" te vervang;

(q) deur in item 9(2) die syfer "R22,00" deur die syfer "R25,40" te vervang;

(r) deur in item 10(1) die syfer "R16,40" deur die syfer "R18,90" te vervang;

(s) deur in item 10(2) die syfer "R3,30" deur die syfer "R3,80" te vervang;

(t) deur in item 11 die syfer "R13,00" deur die syfer "R15,00" te vervang.

J J PRETORIUS
Waarnemende Stadsklerk

Munisispale kantore
Halitestraat
Posbus 3
Carletonville
2500
6 September 1989
Kennisgewing No 49/1989

6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2541

TOWN COUNCIL OF CARLETONVILLE

AMENDMENT OF DETERMINATION OF CHARGES: WATER SUPPLY BY-LAWS

In terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), as amended, it is hereby notified that the Town Council of Carletonville has by Special Resolution further amended the Determination of Charges, in respect of the Water Supply By-laws, promulgated under Municipal Notice 88/1983 in the Provincial Gazette dated 21 March 1984, as amended, with effect from the July 1989 accounts, as follows:

(a) By the substitution for the figure "R8,40" of the figure "R9,66" in item 1(1);

(b) by the substitution for the expression "52c per kilolitre or part thereof" of the following in item 2:

"60c per kilolitre or part thereof for household consumption and 66c per kilolitre or part thereof for other consumers.".

J J PRETORIUS
Acting Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 3
Carletonville
2500
6 September 1989
Notice No 50/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2541

STADSRAAD VAN CARLETONVILLE

WYSIGING VAN TARIEF VAN GELDE: WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE

Ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), soos gewysig, word hierby bekendgemaak dat die Stadsraad van Carletonville by Spesiale Besluit die Tarief van Gelde, ten opsigte van die Watervoorsieningsverordeninge, soos afgekondig by Munisipale Kennisgewing 88/83 in die Provinsiale Koerant van 21 Maart 1984, met ingang van die Julie 1989 rekenings, soos volg verder gewysig het:

(a) Deur in item 1(1) die syfer "R8,40" deur die syfer "R9,66" te vervang;

(b) deur in item 2 die uitdrukking "52c per kiloliter of gedeelte daarvan" deur die volgende te vervang:

"60c per kiloliter of gedeelte daarvan vir huishoudelike verbruik en 66c per kiloliter of gedeelte daarvan vir ander verbruikers.".

J J PRETORIUS
Waarnemende Stadsklerk

Munisipale Kantore
Halitestraat
Posbus 3
Carletonville
2500
6 September 1989
Kennisgewing No 50/1989

6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2542

TOWN COUNCIL OF CARLETONVILLE

AMENDMENT OF DETERMINATION OF CHARGES: DRAINAGE BY-LAWS

In terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), as amended, it is hereby notified that the Town Council of Carletonville has by Special Resolution further amended the Determination of Charges, in respect of the Drainage By-laws, promulgated under Municipal Notice 45/1983 in the Provincial Gazette dated 3 August 1983, as amended, with effect from 1 July 1989, as follows:

(a) Schedule B — Part II:

By the substitution for the figure "R9,15" of the figure "R10,58" in item 1;

(b) Schedule B — Part III:

(1) By the substitution for the figure "R6,95" of the figure "R8,03" in item (1);

(2) by the substitution for the figure "R7,35" of the figure "R8,50" in item (2);

(3) By the substitution for the figure "R6,95" of the figure "R8,03" in item (3)1;

(4) by the substitution for the figure "R6,30" of the figure "R7,30" in item (3)2;

(5) by the substitution for the figure "R6,95" of the figure "R8,03" in item (4);

(6) by the substitution for the figure "R7,35" of the figure "R8,50" in item (5);

(c) Schedule B — Part IV:

(1) By the substitution for the figure "12c" of the figure "14c" in item 8(a);

(2) by the substitution for the figure "R36,75" of the figure "R42,48" in item 8(b);

(d) Schedule B — Part V:

By the substitution for the figure "R11,55" of the figure "R13,35";

(e) Schedule B — Part VI:

By the substitution for the figure "R36,75" of the figure "R42,48";

(f) Schedule B — Part VII:

By the substitution for the figure "R15,75" of the figure "R18,21";

(g) Schedule C:

(1) By the substitution for the figure "R21" of the figure "R25" in item 2(1)(a);

(2) by the substitution for the figure "R16" of the figure "R19" in item 2(1)(b);

(3) by the substitution for the figure "R27" of the figure "R32" in item 2(2)(a);

(4) by the substitution for the figure "R21" of the figure "R25" in item 2(2)(b).

J J PRETORIUS
Acting Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 3
Carletonville
2500
6 September 1989
Notice No 48/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2542

STADSRAAD VAN CARLETONVILLE

WYSIGINGS TARIEWE VAN GELDE: RIOLERINGSVERORDENINGE

Ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Carletonville by Spesiale Besluit die Tarief van Gelde, ten opsigte van die Rioleringsverordeninge, soos afgekondig by Munisipale Kennisgewing: 45/1983 in die Provinsiale Koerant van 3 Augustus 1983, met ingang van 1 Julie 1989 soos volg verder gewysig het:

(a) Bylae B — Deel II:

Deur in item 1 die syfer "R9,15" deur die syfer "R10,58" te vervang;

(b) Bylae B — Deel III:

(1) Deur in item (1) die syfer "R6,95" deur die syfer "R8,03" te vervang;

(2) deur in item (2) die syfer "R7,35" deur die syfer "R8,50" te vervang;

(3) deur in item (3) 1 die syfer "R6,95" deur die syfer "R8,03" te vervang;

(4) deur in item (3) 2 die syfer "R6,30" deur die syfer "R7,30" te vervang;

(5) deur in item (4) die syfer "R6,95" deur die syfer "R8,03" te vervang;

(6) deur in item (5) die syfer "R7,35" deur die syfer "R8,50" te vervang;

(c) Bylae B — Deel IV:

(1) Deur in item 8(a) die syfer "12c" deur die syfer "14c" te vervang:

(2) deur in item 8(b) die syfer "R36,75" deur die syfer "R42,48" te vervang;

(d) Bylae B — Deel V:

Deur die syfer "R11,55" deur die syfer "R13,35" te vervang;

(e) Bylae B — Deel VI:

Deur die syfer "R36,75" deur die syfer "R42,48" te vervang;

(f) Bylae B — Deel VII:

Deur die syfer "R15,75" deur die syfer "R18,21" te vervang;

(g) Bylae C:

(1) Deur in item 2(1)(a) die syfer "R21" deur die syfer "R25" te vervang;

(2) deur in item 2(1)(b) die syfer "R16" deur die syfer "R19" te vervang;

(3) deur in item 2(2)(a) die syfer "R27" deur die syfer "R32" te vervang;

(4) deur in item 2(2)(b) die syfer "R21" deur die syfer "R25" te vervang.

J J PRETORIUS
Waarnemende Stadsklerk

Munisipale Kantore
Halitestraat
Posbus 3
Carletonville
2500
6 September 1989
Kennisgewing No 48/1989 6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2543

TOWN COUNCIL OF CARLETONVILLE

AMENDMENT OF DETERMINATION OF CHARGES: ELECTRICITY BY-LAWS

In terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), as amended, it is hereby notified that the Town Council of Carletonville has by Special Resolution amended the Determination of Charges, in respect of the Electricity By-laws, promulgated under Municipal Notice 4/1986 in the Provincial Gazette dated 19 February 1986, with effect from 1 July 1989, as follows:

(a) By the deletion of items 3(2) and 3(7) and the renumbering of items 3(3) to 3(6) to read 3(2) to 3(5) respectively;

(b) by the substitution for the amount "R2,00" in item 3(4) of the amount "R3,00";

(c) by the substitution for the amount "R150,00" in item 4(2) of the amount "R100,00";

(d) by the substitution for the formula "A = (B)(C) (1 + P/100)" in item 4(3)(a) of the formula "A = (B)(C)";

(e) by the deletion of the expression "P= the percentage general surcharge or rebate in Eskom's tariff" in item 4(3)(a);

(f) by the substitution for the amount "R20,00" in item 5(1)(a) of the amount "R25,00";

(g) by the substitution for the amount "R2,60" in item 5(2)(b) of the amount "R3,20";

(h) by the deletion of items 6 and 7 in their entirety;

(i) by renumbering items 8 to 14 to read 6 to 12 respectively;

(j) by the substitution for the newly numbered item 6 of the following:

"6. Municipal Consumption

Electricity consumption shall be levied as follows:

(1) All consumers equal to or smaller than 60 kVA — at cost;

(2) all consumers more than 60 kVA — as calculated in item 4(3)(a) and item 4(4) of these by-laws;

(k) by the substitution for the times "21h30" and "07h00" in the newly numbered item 8(1) of the times "21h00" and "06h30" respectively;

(l) by the substitution for the amount "R45" in the newly numbered item 9(1) of the amount "R200,00";

(m) by the substitution for the amount "R20,00" in the newly numbered items 10(1), 10(2) and 10(3) of the amount "R25,00";

(n) by the substitution for the amount "R50,00" in the newly numbered item 10(4) of the amount "R60,00";

(o) by the substitution for the amount "R30,00" in the newly numbered item 10(5)(a) of the amount "R40,00";

(p) by the substitution for the amount "R50,00" in the newly numbered item 10(5)(b) of the amount "R60,00";

(q) by the substitution for the amount "R25,00" in the newly numbered item 10(6)(a) of the amount "R30,00";

(r) by the substitution for the amount "R20,00" in the newly numbered item 10(7)(a) of the amount "R25,00";

(s) by the substitution for the amount "R40,00" in the newly numbered item 10(7)(b) of the amount "R50,00";

(t) by the deletion of the newly numbered item 12(1)(b) and the renumbering of the newly numbered item "12(1)(c) — Guarantee Deposit" to item "12(1)(b) — Guarantee Deposit".

J J PRETORIUS
Acting Town Clerk

Municipal Offices
Halite Street
PO Box 3
Carletonville
2500
6 September 1989
Notice No 47/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2543

STADSRAAD VAN CARLETONVILLE

WYSIGING VAN TARIEF VAN GELDE: ELEKTRISITEITSVERORDENINGE

Ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Carletonville by Spesiale besluit die Tarief van Gelde, ten opsigte van die Elektrisiteitsverordeninge, soos afgekondig by Munisipale Kennisgewing 4/1986 in die Provinsiale Koerant van 19 Februarie 1986, met ingang van 1 Julie 1989 soos volg verder gewysig word:

(a) Deur items 3(2) en 3(7) te skrap en items 3(3) tot 3(6) te hernommer na 3(2) tot 3(5);

(b) deur die bedrag "R2,00" in item 3(4) deur die bedrag "R3,00" te vervang;

(c) deur die bedrag "R150,00" in item 4(2) deur die bedrag "R100,00" te vervang;

(d) deur die formule "A = (B)(C) (1 + P/100)" in item 4(3)(a) deur die formule "A = (B)(C)" te vervang;

(e) deur die uitdrukking "P = die persentasie algemene toeslag of afslag in ESKOM se tarief" in item 4(3)(a) te skrap;

(f) deur die bedrag "R20,00" in item 5(1)(a) deur die bedrag "R25,00" te vervang;

(g) deur die bedrag "R2,60" in item 5(2)(b) deur die bedrag "R3,20" te vervang;

(h) deur items 6 en 7 in geheel te skrap;

(i) deur items 8 tot 14 na items 6 tot 12 onderskeidelik te hernommer;

(j) deur die nuutgenommerde item 6 deur die volgende te vervang:

"6. Munisipale verbruik

Vorderings vir elektrisiteitsverbruik word soos volg gehef:

(1) Alle verbruikers kleiner of gelyk aan 60 kVA - teen koste;

(2) alle verbruikers groter as 60 kVA - soos bereken in ITEM 4(3)(a) en ITEM 4(4) in hierdie Verordeninge uiteengesit.";

(k) deur die tye "21h30" en "07h00" in die nuutgenommerde item 8(1) deur die tye "21h00" en "06h30" te vervang;

(l) deur die bedrag "R45" in die nuutgenommerde item 9(1) deur die berag "R200,00" te vervang;

(m) deur die bedrae "R20,00" in die nuutgenommerde items 10(1), 10(2) en 10(3) deur die bedrae "R25,00" te vervang;

(n) deur die bedrag "R50,00" in die nuutgenommerde item 10(4) deur die bedrag "R60,00" te vervang;

(o) deur die bedrag "R30,00" in die nuutgenommerde item 10(5)(a) deur die bedrag "R40,00" te vervang;

(p) deur die bedrag "R50,00" in die nuutgenommerde item 10(5)(b) deur die bedrag "R60,00" te vervang;

(q) deur die bedrag "R25,00" in die nuutgenommerde item 10(6)(a) deur die bedrag "R30,00" te vervang;

(r) deur die bedrag "R20,00" in die nuutgenommerde item 10(7)(a) deurd ie bedrag "R25,00" te vervang;

(s) deur die bedrag "R40,00" in die nuutgenommerde item 10(7)(b) deur die bedrag "R50,00" te vervang;

(t) deur die nuutgenommerde item 12(1)(b) te skrap en die nuutgenommerde item "12(1)(c) — Waarborgdeposito" na item "12(1)(b) — Waarborgdeposito" te hernommer.

J J PRETORIUS
Waarnemende Stadsklerk

Munisipale Kantore
Halitestraat
Posbus 3
Carletonville
2500
6 September 1989
Kennisgewing No 47/1989

6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2544

TOWN COUNCIL OF CHRISTIANA

AMENDMENT TO BY-LAWS RELATING TO DOGS

The Town Clerk of Christiana hereby in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), publishes the by-laws set forth hereinafter which have been approved by the Council in terms of section 96 of the said Ordinance.

The By-laws Relating to Dogs of the Town Council of Christiana adopted by the Council under Administrator's Notice 1594, dated 3

November 1982, as amended, are hereby further amended by amending the Tariff of Charges under the Schedule as follows:

1. By the substitution in item 1(1)(a) for the figures "R5" and "R12" of the figures "R10" and "R30" respectively.

2. By the substitution in item 1(1)(b) for the figures "R10" and "R24" of the figures R30" and "R60" respectively.

A J CORNELIUS
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 13
Christiana
2680
6 September 1989
Notice No 33/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2544

STADSRAAD VAN CHRISTIANA

WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE HONDE

Die Stadsklerk van Christiana publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), die verordeninge hierna uiteengesit wat deur die Raad ingevolge artikel 96 van voornoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge Betreffende Honde van die Stadsraad van Christiana deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1594 van 3 November 1982, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Tarief van Gelde onder die Bylae soos volg te wysig:

1. Deur in item 1(1)(a) die syfers "R5" en "R12" deur die syfers "R10" en "R30" ondeskeidelik te vervang.

2. Deur in item 1(1)(b) die syfers "R10" en "R24" deur die syfers "R30" en "R60" onderskeidelik te vervang.

A J CORNELIUS
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 13
Christiana
6 September 1989
Kennisgewing No 33/1989

6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2545

LOCAL AUTHORITY OF DELAREYVILLE

NOTICE OF GENERAL RATE AND OF FIXED DAY FOR PAYMENT IN RESPECT OF FINANCIAL YEAR 1 JULY, 1989 TO 30 JUNE 1990

Notice is hereby given that in terms of section 26(2)(a) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), the following general rate will be levied in respect of the above-mentioned financial year on rateable property recorded in the valuation roll:

(a) On the site value of any land or right in land, 9,50 cents in the Rand.

(b) On the improvement value of all rateable property 0,5 cent in the Rand.

The amount due for rates as contemplated in section 27 of the said Ordinance shall be payable on 1 July, 1989 (fixed day) or in twelve (12) monthly payments rounded off to the nearest cent, on or before the fifteenth day of each month.

Interest of fifteen per cent (15 %) per annum is chargeable on all amount in arrear after the fixed day and defaulters are liable to legal proceedings for recovery of such arrear amounts.

H M JOUBERT
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 24
Delareyville
2770
6 September 1989
Notice No 21/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2545

PLAASLIKE BESTUUR VAN DELAREYVILLE

KENNISGEWING VAN ALGEMENE EIENDOMSBELASTING EN VAN VASGESTELDE DAG VIR BETALING TEN OPSIGTE VAN DIE BOEKJAAR 1 JULIE 1989 TOT 30 JUNIE 1990

Kennis word hierby gegee dat, ingevolge artikel 26(2)(a) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), die volgende algemene eiendomsbelasting ten opsigte van die bogemelde boekjaar gehef sal word op belasbare eiendom in die waarderingslys opgeteken:

(a) Op die terreinwaarde van enige grond of reg in grond, 9,50 sent in die Rand;

(b) Op die verbeteringswaarde van alle belasbare eiendom, 0,5 sent in die Rand.

Die bedrag verskuldig vir eiendomsbelasting, soos in artikel 27 van genoemde Ordonnansie beoog, is op 1 Julie 1989 (vasgestelde dag) of in twaalf (12) maandelikse paaiemente, afgerond tot die naaste sent, voor of op die vyftiende dag van elke maand betaalbaar.

Rente teen vyftien persent (15 %) per jaar is op alle agterstallige bedrae na die vasgestelde dag hefbaar en wanbetalers is onderhewig aan regsproses vir die invordering van sodanige agterstallige bedrae.

H M JOUBERT
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 24
Delareyville
2770
6 September 1989
Kennisgewing No 21/1989

6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2546

TOWN COUNCIL OF EDENVALE

EDENVALE MUNICIPALITY: BY-LAWS RELATING TO DOGS

The Town Clerk of Edenvale hereby in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter which have been adopted by the Council in terms of section 96 of the aforementioned Ordinance.

The By-laws Relating to Dogs of the Edenvale Municipality, published under Administrator's Notice 1888 dated 8 October 1986, as amended, are hereby further amended by the substitution for the Schedule of the following:

"SCHEDULE

PART 1: TAX

1. The annual licence fees payable shall be as follows:

(1) For the first dog, or spayed bitch, where a certificate by a veterinary surgeon to the effect that the bitch has indeed been spayed, is submitted: R10,00.

(2) For the second dog or spayed bitch: R10,00.

(3) For every additional dog or spayed bitch: R80,00.

Provided that where an unspayed bitch is included in subitems (1), (2) or (3) above, a surcharge of R40,00 per unspayed bitch shall be payable.

(4) If all dogs are sterilised the licence fee in 3 above will be R20,00.

2. The fees payable for a duplicate dog licence and the transfer of a dog licence shall be as follows:

(1) For the issue of a dog licence: R1,00.

(2) For the transfer of a dog licence: R2,00.

PART 2: RESTRICTION

There is no restriction in terms of section 16 on the number of dogs that may be kept on premises."

The provisions contained in this notice shall come into operation on the first day of the month following the date of publication hereof.

P J JACOBS
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 25
Edenvale
1610
6 September 1989
Notice No 88/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2546

STADSRAAD VAN EDENVALE

MUNISIPALITEIT EDENVALE: VERORDENINGE BETREFFENDE HONDE

Die Stadsklerk van Edenvale publiseer hierby, ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit wat deur die Raad ingevolge artikel 96 van voormelde Ordonnansie aangeneem is.

Die Verordeninge Betreffende Honde van die Munisipaliteit Edenvale, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1888 gedateer 8 Oktober 1986, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Bylae met die volgende te vervang:

"BYLAE

DEEL 1: BELASTING

1. Die jaarlikse lisensiegelde betaalbaar, is soos volg:

(1) Vir die eerste hond, of gesteriliseerde teef, waar 'n sertifikaat van 'n veearts voorgelê is dat die teef wel gesteriliseer is: R10,00.

(2) Vir die tweede hond of gesteriliseerde teef: R10,00.

(3) Vir elke addisionele hond of gesteriliseerde teef: R80,00.

Met dien verstande dat waar 'n ongesteriliseerde teef by subitems (1), (2) of (3) hierbo ingesluit is, 'n toeslag van R40,00 per ongesteriliseerde teef betaalbaar is.

(4) Indien alle honde gesteriliseer is, sal die lisensiegelde in (3) hierbo R20,00 beloop.

2. Die gelde betaalbaar vir 'n duplikaat hondelisensie en die oordrag van 'n hondelisensie is soos volg:

(1) Vir die uitreik van 'n duplikaat hondelisensie: R1,00.

(2) Vir die oordrag van 'n hondelisensie, elk: R2,00.

DEEL 2: BEPERKING

Daar is geen beperking ingevolge artikel 16 op die aantal honde wat op 'n perseel aangehou mag word nie."

Die bepalings in hierdie kennisgewing vervat, tree in werking op die eerste dag van die maand wat volg op publikasie hiervan.

P J JACOBS
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 25
[illegible]envale
[illegible]10
6 September 1989
Kennisgewing No 88/1989

6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2547

NOTICE OF APPROVAL

ELSBURG AMENDMENT SCHEME 34

It is hereby notified in terms of section 57(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the City Council of Germiston has approved the amendment of the Elsburg Town-planning Scheme, 1973, by the rezoning of Portions 5 and 6 of Erf 281, Elsburg to General Business and by the deletion of Annexure 10.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Head of Department, Department of Local Government Housing and Works, Pretoria and the City Engineer, Germiston, 3rd Floor, Samie Building, [illegible]r Queen and Spilsbury Streets, Germiston and [illegible] open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Elsburg Amendment Scheme No 34.

J A DU PLESSIS
Town Clerk

Civic Centre
Cross Street
Germiston
6 September 1989
Notice No 142/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2547

ELSBURG-WYSIGINGSKEMA 34

KENNISGEWING VAN GOEDKEURING

Daar word hiermee kennis gegee ingevolge artikel 57(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, dat die Stadsraad van Germiston die wysiging van die Elsburgdorpsbeplanningskema, 1973, goedgekeur het deur Gedeeltes 5 en 6 van Erf 281, Elsburg te [illegible]ersoneer na Algemene Besigheid en deur die skrapping van Bylae 10 onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou by die Hoof van die Departement, Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Pretoria en by die Stadsingenieur, Germiston, Derde Verdieping, Samie Gebou, hoek van Queen en Spilsburystraat, Germiston en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Elsburg Wysigingskema No 34.

J A DU PLESSIS
Stadsklerk

Burgersentrum
Cross-straat
Germiston
6 September 1989
Kennisgewing No 142/1989

6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2548

CITY OF JOHANNESBURG

PROPOSED CLOSING, REZONING AND DONATION OF PORTION OF SANITARY LANE AND A PORTION OF ANNIE ROAD, RICHMOND

(Notice in terms of sections 67 and 79(18) read with section 79(16) of the Local Government Ordinance, 1939)

The Council intends to close permanently a portion of a sanitary lane (next to Empire Road between Stands 7 and 238 in the block bounded by Marie, Napier, Lewis and Empire Roads, Richmond) and a portion of Annie Road (in the same block next to Empire Road, Richmond) and to donate these portions to the German Old Age Home.

Details of the Council's resolution and a plan of the portions to be closed and donated may be inspected during ordinary office hours at Room S205, Second Floor, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg.

Any person who objects to the proposed closing or donation or who will have any claim for compensation if the closing is effected must lodge his objection or claim with me on or before 6 November 1989.

H T VEALE
City Secretary

Civic Centre
Braamfontein
6 September 1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2548

STAD VAN JOHANNESBURG

VOORGESTELDE SLUITING, HERSONERING EN SKENKING VAN GEDEELTE VAN SANITASIESTEEG EN 'N GEDEELTE VAN ANNIEWEG, RICHMOND

(Kennisgewing ingevolge artikel 67 en 79(18), gelees tesame met artikel 79(16) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939)

Die Raad is voornemens om 'n gedeelte van 'n sanitasiesteeg (langs Empireweg tussen standplase 7 en 238 in die straatblok wat deur Marie, Napier-, Lewis- en Empireweg, Richmond, begrens word) en 'n gedeelte van Annieweg (in dieselfde straatblok langs Empireweg, Richmond) permanent te sluit en om hierdie gedeeltes aan die Duitse Ouetehuis te skenk.

Besonderhede van die Raad se besluit en 'n plan van die gedeeltes wat gesluit en geskenk gaan word, kan gedurende gewone kantoorure in Kamer S205, Tweede Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg, besigtig word.

Enige persoon wat beswaar opper teen die voorgestelde sluiting of skenking of wat 'n eis om vergoeding sal hê as die sluiting uitgevoer word, moet sy beswaar of eis nie later nie as 6 November 1989 by my aanhangig maak.

H T VEALE
Stadsekretaris

Burgersentrum
Braamfontein
6 September 1989

6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2549

TOWN COUNCIL OF KLERKSDORP

DETERMINATION OF TARIFFS FOR THE LEVYING OF ADDITIONAL COSTS IN RESPECT OF INTERMENTS

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that the Town Council has determined the following tariffs for the levying of additional costs in respect of interments with effect from 1 July 1989:

White Cemetery

Week days after 15:30 ..... R20,00

Saturdays R80,00

Sundays R115,00

Public Holidays R115,00

J L MULLER
Town Clerk

Civic Centre
Klerksdorp
6 September 1989
Notice No 155/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2549

STADSRAAD VAN KLERKSDORP

VASSTELLING VAN TARIEWE VIR DIE HEFFING VAN ADDISIONELE KOSTE TEN OPSIGTE VAN TERAARDEBESTELLING

Hiermee word kennis gegee ingevolge die bepalings van artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad die volgende tariewe vir die heffing van addisionele koste ten opsigte van teraardebestellings met ingang van 1 Julie 1989 vasgestel het:

Blanke Begraafplaas

Weeksdae na 15:30 ..... R20,00

Saterdae R80,00

Sondae R115,00

Openbare Vakansiedae R115,00

J L MULLER
Stadsklerk

Burgersentrum
Klerksdorp
6 September 1989
Kennisgewing 155/1989

6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2550

TOWN COUNCIL OF KLERKSDORP

AMENDMENT TO BY-LAWS

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that it is the intention of the Town Council to amend its Tariff for Sanitary and Refuse Removal Services in order to provide for an increase in the charges payable for the rendering of the service.

A copy of the proposed amendment will lie for inspection at Room 212, Civic Centre during normal office hours for a period of fourteen days from the date of publication of this notice.

Any person who has any objection to the proposed amendment, must lodge his objection in writing with the undersigned within a period of fourteen days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

J L MULLER
Town Clerk

Civic Centre
Klerksdorp
6 September 1989
Notice No 138/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2550

STADSRAAD VAN KLERKSDORP

WYSIGING VAN VERORDENINGE

Hiermee word kennis gegee ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad voorneme is om sy Tarief vir Sanitêre- en Vullisverwyderingsdienste te wysig ten einde voorsiening te maak vir 'n verhoging van die tariewe vir die lewering van diens:

Afskrifte van die voormelde wysiging sal gedurende gewone kantoorure by Kamer 212, Burgersentrum vir 'n tydperk van veertien dae vanaf die publikasie van hierdie kennisgewing, ter insae lê.

Enige persoon wat beswaar teen die voorgestelde wysiging wil aanteken, moet sodanige beswaar skriftelik binne veertien dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant by die ondergetekende indien.

J L MULLER
Stadsklerk

Burgersentrum
Klerksdorp
6 September 1989
Kennisgewing No 138/1989

6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2551

KRUGERSDORP AMENDMENT SCHEME 138

Notice is hereby given in terms of section 57(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the Town Council of Krugersdorp has approved the amendment of the Krugersdorp Town-planning Scheme, 1980, by the rezoning of a portion of the Remainder of Portion 7 of the farm Paardeplaats 177 IQ to "Special" for a Helistop.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Town Clerk, Krugersdorp and the Director-general, Administration: House of Assembly, Department of Local Government, Housing and Works, Pretoria and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Krugersdorp Amendment Scheme 138.

I S JOOSTE
Town Secretary

PO Box 94
Krugersdorp
1740
6 September 1989
Notice No 104/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2551

KRUGERSDORP-WYSIGINGSKEMA 138

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 57(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, bekend gemaak dat die Krugersdorp Stadsraad goedgekeur het dat die Krugersdorp-dorpsbeplanningskema, 1980, gewysig word deur die hersonering van 'n gedeelte van die Restant van Gedeelte 7 van die plaas Paardeplaats 177 IQ na "Spesiaal" vir 'n Helistop.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Stadsklerk, Krugersdorp en die Direkteur-generaal, Administrasie Volksraad, Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Pretoria en is beskikbaar vir inspeksie te alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Krugersdorp-wysigingskema 138.

I S Jooste
Stadsekretaris

Posbus 94
Krugersdorp
1740
6 September 1989
Kennisgewing No 104/1989

6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2552

LOCAL AUTHORITY OF LOUIS TRICHARDT

NOTICE OF GENERAL ASSESSMENT RATES AND OF FIXED DAY FOR PAYMENT IN RESPECT OF THE FINANCIAL YEAR 1 JULY 1989 TO 30 JUNE 1990 (REGULATION 17)

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 26(2)(a) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the following general assessment rates have been levied in respect of the above mentioned financial year on rateable property recorded in the valuation roll on the site value of any land or on the site value of a right in any land: 3 (three) cent in the Rand.

The amount due for assessment rates as contemplated in section 27 of the said Ordinance shall be payable in 12 (twelve) equal monthly instalments; the first on 7 August 1989, and thereafter on the 7th day of every month until 7 July 1990.

Interest calculated at the maximum rate of interest as approved by the Administrator in terms of the provision of Section 50A of the Local Government Ordinance, 1939, will be charged on all amounts not paid on the fixed date. Defaulters are liable to legal proceedings for recovery of such arrear amounts.

C J VAN ROOYEN
Town Clerk

Civic Centre
Voortrekker Square
Krogh Street
PO Box 96
Louis Trichardt
6 September 1989
Notice No 38/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2552

PLAASLIKE BESTUUR VAN LOUIS TRICHARDT

KENNISGEWING VAN ALGEMENE EIENDOMSBELASTING EN VAN VASGESTELDE DAG VIR BETALING TEN OPSIGTE VAN DIE BOEKJAAR 1 JULIE 1989 TOT 30 JUNIE 1990 (REGULASIE 17)

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 26(2)(a) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977) dat die volgende algemene eiendomsbelasting ten opsigte van die bogenoemde boekjaar gehef is op belasbare eiendom in die waarderingslys opgeteken op die terreinwaarde van enige grond of op die terreinwaarde van 'n reg in enige grond: 3 (drie) sent in die Rand.

Die bedrag verskuldig vir eiendomsbelasting, soos in Artikel 27 van genoemde Ordonnansie beoog is in 12 (twaalf) gelyke maandelikse paaiemente betaalbaar; die eerste op 7 Augustus 1989 en daarna op die 7de dag van elke maand tot 7 Julie 1990.

Rente bereken teen die maksimum rentekoers soos deur die Administrateur goedgekeur ingevolge die bepalings van artikel 50A van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, sal gehef word op alle bedrae wat nie op die vasgestelde dag betaal is nie. Wanbetalers is onderhewig aan regsproses vir die invordering van sodanige agterstallige bedrae.

C J VAN ROOYEN
Stadsklerk

Burgersentrum
Voortrekkerplein
Kroghstraat
Posbus 96
Louis Trichardt
6 September 1989
Kennisgewing No 38/1989

6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2553

LOUIS TRICHARDT TOWN COUNCIL

DETERMINATION OF CHARGES IN TERMS OF SECTION 80B(1) OF THE LOCAL GOVERNMENT ORDINANCE, NO 17 OF 1939, AS AMENDED: ABATTOIR BY-LAWS

In terms of section 80B(3) of the Local Government Ordinance, No 17 of 1939, as amended, it is hereby notified that the Louis Trichardt Town Council has, in terms of section 80B(1) of the said Ordinance, by Special Resolution dated 27 June 1989, determined amended charges for the rendering of services at the Abattoir with effect from 1 July 1989.

The general purport of the resolution is an increase in tariffs.

Copies of the said resolution and particulars of the determination are open for inspection at the office of the Town Secretary, Room A027, Civic Centre, Louis Trichardt, for a period of 14 days from date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

Any person who wishes to object to the said determination must lodge such objection in writing with the undersigned within 14 days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

C J VAN ROOYEN
Town Clerk

Civic Centre
Voortrekker Square
Krogh Street
PO Box 96
Louis Trichardt
0920
6 September 1989
Notice No 39/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2553

STADSRAAD VAN LOUIS TRICHARDT

VASSTELLING VAN TARIEWE INGEVOLGE ARTIKEL 80B(1) VAN DIE ORDONNANSIE OP PLAASLIKE BESTUUR, NO 17 VAN 1939, SOOS GEWYSIG: ABATTOIRVERORDENINGE

Ooreenkomstig artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No 17 van 1939, soos gewysig, word hiermee kennis gegee dat die Stadsraad van Louis Trichardt, ingevolge die bepalings van artikel 80B(1) van bogemelde Ordonnansie, by Spesiale Besluit gedateer 27 Junie 1989, gewysigde gelde vir die lewering van dienste by die Abattoir vasgestel het met ingang van 1 Julie 1989.

Die algemene strekking van die besluit is 'n verhoging van tariewe.

Afskrifte van genoemde besluit en besonderhede van die vasstelling lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer A027, Burgersentrum, Louis Trichardt, vir 'n tydperk van 14 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde vasstelling wens aan te teken, moet dit skriftelik binne 14 dae na datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant, by ondergetekende doen.

C J VAN ROOYEN
Stadsklerk

Burgersentrum
Voortrekkerplein
Kroghstraat
Posbus 96
Louis Trichardt
0920
6 September 1989
Kennisgewing No 39/1989 6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2554

LOUIS TRICHARDT TOWN COUNCIL

DETERMINATION OF CHARGES IN TERMS OF SECTION 80B(1) OF THE LOCAL GOVERNMENT ORDINANCE, NO 17 OF 1939, AS AMENDED: ELECTRICITY BY-LAWS

In terms of section 80B(3) of the Local Government Ordinance, No 17 of 1939, as amended, it is hereby notified that the Louis Trichardt Town Council has, in terms of section 80B(1) of the said Ordinance, by Special Resolution dated 27 June 1989, determined amended charges for the supply of electricity with effect from 1 July 1989.

The general purport of the resolution is an increase in tariffs.

Copies of the said resolution and particulars of the determination are open for inspection at the office of the Town Secretary, Room A027, Civic Centre, Louis Trichardt, for a period of 14 days from date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

Any person who wishes to object to the said determination must lodge such objection in writing with the undersigned within 14 days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

C J VAN ROOYEN
Town Clerk

Civic Centre
Voortrekker Square
Krogh Street
PO Box 96
Louis Trichardt
0920
6 September 1989
Notice No 40/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2554

STADSRAAD VAN LOUIS TRICHARDT

VASSTELLING VAN TARIEWE INGEVOLGE ARTIKEL 80B(1) VAN DIE ORDONNANSIE OP PLAASLIKE BESTUUR, NO 17 VAN 1939, SOOS GEWYSIG: ELEKTRISITEITSVERORDENINGE

Ooreenkomstig artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No 17 van 1939, soos gewysig, word hiermee kennis gegee dat die Stadsraad van Louis Trichardt, ingevolge die bepalings van artikel 80B(1) van bogemelde Ordonnansie, by Spesiale Besluit gedateer 27 Junie 1989, gewysigde gelde vir die lewering van elektrisiteit vasgestel het met ingang van 1 Julie 1989.

Die algemene strekking van die besluit is 'n verhoging van tariewe.

Afskrifte van genoemde besluit en besonderhede van die vasstelling lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer A027, Burgersentrum, Louis Trichardt, vir 'n tydperk van 14 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde vasstelling wens aan te teken, moet dit skriftelik binne 14 dae na datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant, by ondergetekende doen.

C J VAN ROOYEN
Stadsklerk

Burgersentrum
Voortrekkerplein
Kroghstraat
Posbus 96
Louis Trichardt
0920
6 September 1989
Kennisgewing No 40/1989 6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2555

LOUIS TRICHARDT TOWN COUNCIL

DETERMINATION OF CHARGES IN TERMS OF SECTION 80B(1) OF THE LOCAL GOVERNMENT ORDINANCE, NO 17 OF 1939, AS AMENDED: DRAINAGE BY-LAWS

In terms of section 80B(3) of the Local Government Ordinance, No 17 of 1939, as amended, it is hereby notified that the Louis Trichardt Town Council has, in terms of section 80B(1) of the said Ordinance, by Special Resolution dated 27 June 1989, determined amended charges for sewerage with effect from 1 July 1989.

The general purport of the resolution is an increase in tariffs.

Copies of the said resolution and particulars of the determination are open for inspection at the office of the Town Secretary, Room A027, Civic Centre, Louis Trichardt, for a period of 14 days from date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

Any person who wishes to object to the said determination must lodge such objection in writing with the undersigned within 14 days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

C J VAN ROOYEN
Town Clerk

Civic Centre
Voortrekker Square
Krogh Street
PO Box 96
Louis Trichardt
0920
6 September 1989
Notice No 41/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2555

STADSRAAD VAN LOUIS TRICHARDT

VASSTELLING VAN TARIEWE INGEVOLGE ARTIKEL 80B(1) VAN DIE ORDONNANSIE OP PLAASLIKE BESTUUR, NO 17 VAN 1939, SOOS GEWYSIG: RIOLERINGSVERORDENINGE

Ooreenkomstig artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No 17 van 1939, soos gewysig, word hiermee kennis gegee dat die Stadsraad van Louis Trichardt, ingevolge die bepalings van artikel 80B(1) van bogemelde Ordonnansie, by Spesiale Besluit gedateer 27 Junie 1989, gewysigde gelde vir riolering vasgestel het met ingang van 1 Julie 1989.

Die algemene strekking van die besluit is 'n verhoging van tariewe.

Afskrifte van genoemde besluit en besonderhede van die vasstelling lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer A027, Burgersentrum, Louis Trichardt, vir 'n tydperk van 14 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde vasstelling wens aan te teken, moet dit skriftelik binne 14 dae na datum van publikasie van hier-

die kennisgewing in die Provinsiale Koerant, by ondergetekende doen.

CJ VAN ROOYEN
Stadsklerk

Burgersentrum
Voortrekkerplein
Kroghstraat
Posbus 96
Louis Trichardt
0920
6 September 1989
Kennisgewing No 41/1989

6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2556

LOUIS TRICHARDT TOWN COUNCIL

DETERMINATION OF CHARGES IN TERMS OF SECTION 80B(1) OF THE LOCAL GOVERNMENT ORDINANCE, NO 17 OF 1939, AS AMENDED: WATER SUPPLY BY-LAWS

In terms of section 80B(3) of the Local Government Ordinance, No 17 of 1939, as amended, it is hereby notified that the Louis Trichardt Town Council has, in terms of section 80B(1) of the said Ordinance, by Special Resolution dated 27 June 1989, determined amended charges for the supply of water with effect from 1 July 1989.

The general purport of the resolution is an increase in tariffs.

Copies of the said resolution and particulars of the determination are open for inspection at the office of the Town Secretary, Room A027, Civic Centre, Louis Trichardt, for a period of 14 days from date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

Any person who wishes to object to the said determination must lodge such objection in writing with the undersigned within 14 days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

CJ VAN ROOYEN
Town Clerk

Civic Centre
Voortrekker Square
Krogh Street
PO Box 96
Louis Trichardt
0920
6 September 1989
Notice No 42/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2556

STADSRAAD VAN LOUIS TRICHARDT

VASSTELLING VAN TARIEWE INGEVOLGE ARTIKEL 80B(1) VAN DIE ORDONNANSIE OP PLAASLIKE BESTUUR, NO 17 VAN 1939, SOOS GEWYSIG: WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE

Ooreenkomstig artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No 17 van 1939, soos gewysig, word hiermee kennis gegee dat die Stadsraad van Louis Trichardt, ingevolge die bepalings van artikel 80B(1) van bogemelde Ordonnansie, by Spesiale Besluit gedateer 27 Junie 1989, gewysigde gelde vir die lewering van water vasgestel het met ingang van 1 Julie 1989.

Die algemene strekking van die besluit is 'n verhoging van tariewe.

Afskrifte van genoemde besluit en besonderhede van die vasstelling lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer A027, Burgersentrum, Louis Trichardt, vir 'n tydperk van 14 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde vasstelling wens aan te teken, moet dit skriftelik binne 14 dae na datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant, by ondergetekende doen.

CJ VAN ROOYEN
Stadsklerk

Burgersentrum
Voortrekkerplein
Kroghstraat
Posbus 96
Louis Trichardt
0920
6 September 1989
Kennisgewing No 42/1989

6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2557

NELSPRUIT TOWN COUNCIL

DETERMINATION OF CHARGES FOR DRAINAGE SERVICES

In terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Nelspruit Town Council has, by special resolution, determined the charges for drainage services, as set out below, with effect from 1 July 1989.

TARIFF OF CHARGES

1. Availability Charges

The owner or occupier of a piece of land which is connected to the sewer or, in the opinion of the Council, can be connected to the sewer shall pay to the Council an amount of R14,26 per month or part thereof, in advance, in respect of each such piece of land.

2. Sewerage Charges

The owner or occupier of a piece of land which is connected to the sewer, shall pay the following applicable charges, per month or part thereof, to the Council:

(1) For each water closet installed for use at—

(a) Private Dwellings:

(i) for the first water closet: R10,20;

(ii) for each additional water closet: R6,83: Provided that where such water closet is installed for the exclusive use of servants, this charge shall not be levied;

(b) Flats:

(i) for the first water closet: R21,53;

(ii) for each additional water closet: R6,83;

(iii) for the exclusive use of persons other than Whites: R21,53;

(c) Educational Institutions:

(i) for the first water closet: R21,53;

(ii) for each additional water closet: R10,90;

(iii) for the exclusive use of persons other than Whites: R21,53;

(d) Any other premises: R21,53.

(2) For each domestic sink: R16,26: provided that in the case of—

(a) private dwellings;
(b) flats;
(c) private hotels;
(d) boarding houses; and
(e) lodging-houses,

this charge shall not be levied.

(3) For each bath, including immersion baths, footbaths, showers or any other similar installation or device which is connected to the sewer of the erf with a discharge capacity of more than 20 ℓ per day: R6,83: provided that in the case of private dwellings and flats this charge shall not be levied.

(4) For urinal equipment installed at any premises:

(a) For each pan: R16,26.

(b) For a compartment or trough, for each 1,5 m or part calculated on the total length of each such fitting: R16,26: provided that in the case of private dwellings, this charge shall not be levied.

(5) For each grease trap on any premises with a diameter—

(a) up to and including 150 mm: R16,26;
(b) over 150 mm up to and including 230 mm: R22,39;
(c) over 230 mm up to and including 300 mm: R33,99;
(d) over 300 mm: R42,69: provided that in the case of private dwellings and flats this charge shall not be levied.

3. Discharge of Swimming Pool Water

For the discharge of swimming pool water into a drainage installation in terms of section 76(3) of the Council's Drainage By-Laws, per 5 kℓ: 53c: provided that such discharge may not be effected without the prior approval of the engineer.

4. Removal of Blockages from a Drainage Installation

For the removal of blockages from a drainage installation in terms of section 13 of the Council's Drainage By-Laws:

(1) During working hours, per hour or part thereof: R53,24.

(2) After working hours, per hour or part thereof: R66,55.

5. Application Charges in terms of Section 23(1) of the Council's Drainage By-Laws.

(1) For the approval mentioned in section 20(1) of the Council's Drainage By-Laws the following charges shall be payable to the Council:

(a) for each connection point of a gulley, grease trap, water closet, soil-water pipe or waste-water pipe to a drain pipe, branch drain pipe or stack pipe: R37,45;

(b) the minimum charge payable for an approval in terms of this item shall be R100,00: provided that where a drainage plan in terms of the provisions of section 21 of the Council's Drainage By-Laws is lodged together with a building plan in terms of the Council's Building By-Laws, the amount of R100,00 shall not be levied.

(2) Should a plan be amended in terms of the provisions of section 21 of the Council's Drainage By-Laws, the charges in subitem (1) minus 50% shall be payable: provided that should there be an additional point of inlet as defined in subitem (1) the full charges shall be payable for each connection point.

6. Receipt of Sewage

For the receipt of sewage transported by tanker, per kℓ: 65c.

7. Spillage of Industrial Effluent

(a) Basic Charge

The basic charge payable in respect of the spillage of industrial effluent into a sewer is calculated in terms of the following formula:

$[\frac{PW}{(50)} + 6{,}78c]$ X kℓ spilled into sewer = RX

where

PW = Permanganate reading.

(b) Additional penalty charge

(i) where the reading of the pH value of the Industrial Effluent is 3 or less: 5,27c per kℓ for every pH value under 7;

(ii) where the reading of the pH value of the Industrial Effluent is 10 or more: 5,27c per kℓ for every pH value above 7;

(iii) where the reading of the metal content of the Industrial Effluent is in excess of 20 mg per litre: 5,27c per kℓ for every 10 mg or part thereof with which the metal content is in excess of 20 mg per litre.

The pH value referred to above in clause 7(b)(i) and (ii) is the average pH value recorded over a period of six preceding months.

The costs pertaining to the analysis of samples shall be for the account of the industrialist concerned.

D W VAN ROOYEN
Town Clerk

Civic Centre
P O Box 45
Nelspruit
1200
6 September 1989
Notice No 81/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2557

STADSRAAD VAN NELSPRUIT

VASSTELLING VAN GELDE VIR RIOLERINGSDIENSTE

Ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekendgemaak dat die Stadsraad van Nelspruit by spesiale besluit die gelde vir rioleringsdienste vasgestel het met ingang 1 Julie 1989 soos hieronder uiteengesit.

TARIEF VAN GELDE

1. Beskikbaarheidsgelde

Die eienaar of okkupant van 'n stuk grond wat by die straatriool aangesluit is of, na die mening van die Raad, by die straatriool aangesluit kan word, moet aan die Raad 'n bedrag van R14,26 per maand of gedeelte daarvan ten opsigte van sodanige stuk grond vooruitbetaal.

2. Rioolgelde

Die eienaar of okkupant van 'n stuk grond wat by die straatriool aangesluit is, moet die toepaslike gelde per maand of gedeelte daarvan, aan die Raad betaal:

(1) Vir elke spoelkloset geïnstalleer vir gebruik by—

(a) Private Wonings:

(i) vir die eerste spoelkloset: R10,20;

(ii) vir elke bykomende spoelkloset: R6,83: met dien verstande dat waar sodanige spoelkloset geïnstalleer word vir die uitsluitlike gebruik deur bediendes, die geld nie gehef word nie.

(b) Woonstelle:

(i) vir die eerste spoelkloset: R21,53;

(ii) vir elke bykomende spoelkloset: R6,83;

(iii) vir die uitsluitlike gebruik van anderskleuriges: R21,53.

(c) Onderwysinrigtings:

(i) vir die eerste spoelkloset: R21,53;

(ii) vir elke bykomende spoelkloset: R10,90;

(iii) vir die uitsluitlike gebruik van anderskleuriges: R21,53.

(d) Enige ander perseel: R21,53.

(2) Vir elke huishoudelike opwasbak: R16,26: met dien verstande dat in geval van—

(a) private wonings;
(b) woonstelle;
(c) private hotelle;
(d) losieshuise; en
(e) huurkamerhuise,

die gelde nie gehef word nie.

(3) Vir elke bad, met inbegrip van indompelbaddens, voetbaddens, stortbaddens of enige ander soortgelyke installasie of toestel wat met die straatriool van die erf verbind word met 'n ontlastingskapasiteit van meer as 20 ℓ per dag: R6,83: met dien verstande dat in die geval van private wonings en woonstelle, die geld nie gehef word nie.

(4) Urinaaluitrusting: geïnstalleer by enige perseel:

(a) vir elke bak: R16,26;

(b) vir 'n kompartement of trog, vir elke 1,5 m of gedeelte daarvan, bereken op die totale lengte van elke sodanige uitrusting: R16,26: met dien verstande dat in die geval van private wonings, die geld nie gehef word nie.

(5) Vir elke vetvanger, by enige perseel, met 'n deursnee—

(a) tot en met 150 mm: R16,26;

(b) bo 150 mm tot en met 230 mm: R22,39;

(c) bo 230 mm tot en met 300 mm: R33,99;

(d) bo 300 mm: R41,69: met dien verstande dat in die geval van private wonings en woonstelle, die geld nie gehef word nie.

3. Ontlasting van Swembadwater

Vir die ontlasting van water uit 'n swembad in 'n perseelrioolstelsel ingevolge artikel 76(3) van die Raad se Rioleringsverordeninge, per 5 kℓ: 53c: met dien verstande dat geen sodanige ontlasting sonder die voorafverkreë toestemming van die ingenieur mag plaasvind nie.

4. Verwydering van Belemmerings uit 'n Perseelrioolstelsel

Vir die verwydering van belemmerings uit 'n perseelrioolstelsel ingevolge artikel 13 van die Raad se Rioleringsverordeninge:

(1) Gedurende werkure, per uur of gedeelte daarvan: R53,24.

(2) Na werkure, per uur of gedeelte daarvan: R66,55.

5. Aansoekgelde ingevolge artikel 23(1) van die Raad se Rioleringsverordeninge

(1) Vir die goedkeuring vermeld in artikel 20(1) moet die volgende gelde aan die Raad betaal word:

(a) Vir elke aansluitingspunt van 'n rioolput vetvanger, spoelkloset, drekwaterpyp of vuilwaterpyp by 'n perseelrioolpyp, takperseelrioolpyp of stampyp: R37,45.

(b) Die minimum geld betaalbaar vir goedkeuring ingevolge hierdie item is R100,00: met dien verstande dat waar 'n rioleringsplan ingevolge die bepalings van artikel 21 van die Raad se Rioleringsverordeninge saam met 'n bouplan, ingevolge die Raad se Bouverordeninge, ingedien word, die bedrag van R100,00 nie gehef word nie.

(2) Indien 'n plan gewysig word ingevolge die bepalings van artikel 21 van die Raad se Rioleringsverordeninge is die gelde in subitem (1), minus 50% betaalbaar: met dien verstande dat indien daar 'n bykomende inlatingspunt is, soos in subitem (1) omskryf, die volle gelde betaalbaar is vir elke bykomende aansluitingspunt.

6. Opneem van Rioolwater

Vir die opneem van rioolwater wat per tenkwa vervoer word, per kℓ: 65c.

7. Storting van Fabrieksuitvloeisel

(a) Basiese Heffing.

Die basiese gelde betaalbaar ten opsigte van die storting van fabrieksuitvloeisel in die straatriool word volgens die volgende formule bereken:

$[\frac{PW}{(50)} + 6{,}78c]$ X kℓ in straatriool gestort = RX

waar

PW = Permanganaatwaarde.

(b) Aanvullende boeteheffings.

(i) waar die fabrieksuitvloeisel se pH-waarde 3 of minder is: 5,27c per kℓ vir elke pH-waarde onder 7;

(ii) waar die fabrieksuitvloeisel se pH-waarde 10 of meer is: 5,27c per kℓ vir elke pH-waarde bo 7;

(iii) waar die fabrieksuitvloeisel se metaalinhoud 20 mg per liter oorskry: 5,27c per kℓ vir elke 10 mg of gedeelte daarvan waarmee die metaalinhoud aldus 20 mg per liter oorskry.

Die pH-waarde waarna hierbo in klousule 7(b)(i) en (ii) verwys word is die gemiddelde pH-waarde wat verkry is nadat lesings oor 'n periode van ses voorafgaande maande geneem is.

Die koste verbonde aan die ontleding van monsters is vir die rekening van die betrokke nyweraar.

D W VAN ROOYEN
Stadsklerk

Burgersentrum
Posbus 45
Nelspruit
1200
6 September 1989
Kennisgewing No 81/1989

6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2558

NELSPRUIT TOWN COUNCIL

DETERMINATION OF CHARGES FOR WATER SUPPLY

In terms of the provisions of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Nelspruit Town Council has by Special Resolution determined the charges for the supply of water as set out below with effect from 1 July 1989.

TARIFF OF CHARGES

PART I

SUPPLY OF WATER

1. Basic Charge

Where any erf, stand, lot or other area, with or without improvements, is or, in the opinion of the council, can be connected to the main, whether water is consumed or not, a basic charge of R10,15 per month or part thereof per

such erf, stand, lot or other area shall be payable by the owner or occupier.

2. Charges for Supply of Water within the Municipality, per Month

(1) Private Dwellings:

(a) For the first 50 kℓ or part thereof, per kℓ or part thereof: 32c.

(b) For all water in excess of 50 kℓ, per kℓ or part thereof: 59c.

(2) Flats:

(a) For the first 7 kℓ or part thereof, whether water is consumed or not, per flat: R5,41.

(b) For all water in excess of 7 kℓ, per kℓ or part thereof: 59c.

(3) Businesses and Any other Type of Consumer not Specifically Mentioned Elsewhere in this Tariff:

(a) For the first 7 kℓ or part thereof, whether water is consumed or not: R5,41.

(b) For all water in excess of 7 kℓ, per kℓ or part thereof: 59c.

(c) Whenever, with the consent of the Council, more than one consumer in a building is served through one meter, the following charges shall be payable:

(i) For every 100 m² or part thereof of the gross floor area of each storey in such building, in respect of which 7 kℓ water shall be allowed: R5,41.

(ii) Thereafter per kℓ water consumed in such building: 59c.

(iii) For the purpose of sub-paragraph (i) 'gross floor area' means the total floor area of each storey, including the area of all external and internal walls at floor level.

(4) Hospitals, Nursing Homes, Sport Bodies and Bantu Beer Brewery:

(a) For the first 20 kℓ or part thereof, whether water is consumed or not: R10,91.

(b) For all water in excess of 20 kℓ, per kℓ or part thereof: 59c.

(5) South African Transport Services and Industrial Consumers:

(a) For the first 100 kℓ or part thereof, whether water is consumed or not: R58,43.

(b) For all water in excess of 100 kℓ, per kℓ or part thereof: 59c.

(6) Semi-treated Water:

Semi-treated water may, on receipt of a written request by any consumer, with the consent of the Council be supplied in accordance with the conditions in these by-laws contained and subject to such further conditions as the Council may deem fit. The following charges shall be payable, per month:

(a) For the first 1 000 kℓ or part thereof, whether water is consumed or not: R477,35.

(b) For all water in excess of 1 000 kℓ, per kℓ or part thereof: 47c.

(7) Consumers Outside the Municipality:

The charges payable for the supply of water to consumers outside the municipality shall be as set out in this Schedule, plus a surcharge of 30% of such charges.

PART II

FIRE EXTINGUISHING SERVICES

1. Sprinkler Installations

For the inspection and maintenance of communication pipe, per annum: R21,22.

2. Drencher Installations

(1) For the inspection and maintenance of communication pipe, if it is part of the general sprinkler installation: Free of charge.

(2) For the inspection and maintenance of communication pipe, if it is not part of the general sprinkler intallation, per annum: R21,22.

3. Hydrant Installations, Other Than Sprinklers and Drenchers, not being the Property of the Council.

(1) For the inspection and maintenance of communication pipe, per annum: R21,22.

(2) For resealing of each hydrant installation of which the seal has been broken by any person other than an officer of the Council, where —

(a) the Council is satisfied that no water went thourgh the hydrant installation system, except for the purpose of drenching a fire, for each hydrant installation so resealed: R35,27;

(b) the Council is not satisfied that no water went through the hydrant installation system, except for the purpose of drenching a fire, for each hydrant installation so resealed as well as for water so used through the hydrant intallation: R106,01.

(3) The valve fitted to a hydraulic fire hose shall be deemed for the purpose of this item to be a hydrant installation.

PART III

RULES APPLICABLE TO THE SUPPLY OF WATER IN ACCORDANCE WITH PART I.

1. Definitions

(1) For the purpose of this tariff 'month' means a consecutive period of 30,4 days.

(2) The consumption of water shall, in the case of meters which register in gallons, be converted to kiloliters on the basis that 220 gallons shall be deemed to be equal to 1 kℓ.

2. Charges for Connection of Water Supply

(1) For the connection of the water supply at the request of a new consumer: R7,27: provided that should such a new consumer simultaneously request an electricity connection on the same premises in terms of the Council's Electricity By-laws, no charge shall be payable in repect of such water connection.

(2) If the supply of water is disconnected in terms of section 14(1) of the Council's Water Supply By-laws, a charge of R17,95 during working hours and R35,27 after working hours shall be payable for each call by an authorised employee of the Council in respect of reconnection.

(3) The charges payable for the connection of the premises of a new consumer shall be the actual cost of material (including the cost of the meter) and labour used to make a connection to the nearest main of the Council, plus a surcharge of 20% on such amount.

3. Deposits

The minimum deposit payable in terms of section 12(1)(a) of the Council's Water Supply By-laws: R20,00.

4. Charges Payable in connection with Meters

(1) For the special reading of a meter: R17,58: provided that if a simultaneous special reading is requested in respect of the electricity meter in terms of the Council's Electricity By-laws, no charge shall be made in respect of the water meter reading.

(2) For the testing of a meter supplied by the Council in cases where it is found that the meter does not show an error of more than 2½% either way: R35,27.

(3) For the hire of a portable meter, per month: R35,27.

(4) Deposit for each portable meter: R106,01.

5. Charges payable for water pressure tests

The charges payable for water pressure tests shall be R36,80 per test.

6. Charges for Work

For all work in connection with the supply of water performed by the council for which no charge has been fixed in this tariff, the charges shall be the actual cost of material and labour, plus a surcharge of 20% on such amount.

D W VAN ROOYEN
Town clerk

Civic Centre
PO Box 45
Nelspruit
1200
6 September 1989
Notice No 84/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2558

STADSRAAD VAN NELSPRUIT

VASSTELLING VAN GELDE VIR WATERVOORSIENING

Ingevolge die bepalings van artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekendgemaak dat die Stadsraad van Nelspruit by Spesiale Besluit die gelde vir die lewering van water, vasgestel het met ingang 1 Julie 1989 soos hieronder uiteengesit:

TARIEF VAN GELDE

DEEL I

LEWERING VAN WATER

1. Basiese Heffing

Waar enige erf, standplaas, perseel of ander terrein met of sonder verbeterings, by die hoofwaterpyp aangesluit is of, na die mening van die Raad, daarby aangesluit kan word, of water verbruik word al dan nie, is 'n basiese heffing van R10,15 per maand of 'n gedeelte daarvan per sodanige erf, standplaas, perseel of ander terrein deur die eienaar of bewoner betaalbaar.

2. Gelde vir die Lewering van Water binne die Munisipaliteit, per maand

(1) Private Woonhuise:

(a) Vir die eerste 50 kℓ of gedeelte daarvan, per kℓ of gedeelte daarvan: 32c.

(b) Vir alle water bo 50 kℓ of gedeelte daarvan: 59c.

(2) Woonstelle:

(a) Vir die eerste 7 kℓ of gedeelte daarvan, of water verbruik word al dan nie, per woonstel: R5,41.

(b) Vir alle water bo 7 kℓ per kℓ of gedeelte daarvan, per woonstel: 59c.

(3) Besighede en Enige Ander Tipe Verbuiker nie Spesifiek Elders in hierdie Tarief vermeld nie:

(A) Vir die eerste 7 kℓ of gedeelte daarvan, of water verbruik word al dan nie: R5,41.

(b) Vir alle water bo 7 kℓ, per kℓ of gedeelte daarvan: 59c.

(c) Wanneer, met die toestemming van die Raad, meer as een verbruiker in 'n gebou deur een meter bedien word, is die volgende gelde betaalbaar:

(i) Vir elke 100 m² of gedeelte daarvan van die bruto vloeroppervakte van elke verdieping in so-

danige gebou, ten opsigte waarvan 7 kℓ water toegelaat word: R5,41.

(ii) Daarna, per kℓ water wat in sodanige gebou verbruik word: 59c.

(iii) Vir die toepassing van subparagraaf (i), beteken 'bruto vloeroppervalkte' die totale vloeroppervlakte van elke verdieping, insluitende die oppervlakte op vloerhoogte van alle buite- en binnemure.

(4) Hospitale, Verpleeginrigtings, Sportliggame en Bantoebierbrouery:

(a) Vir die eerste 20 kℓ of gedeelte daarvan, of water verbruik word al dan nie: R10,91.

(b) Vir alle water bo 20 kℓ, per kℓ of gedeelte daarvan: 59c.

(5) Administrasie van Suid-Afrikaanse Vervoerdienste en Nywerheidsverbruikers:

(a) Vir die eerste 100 kℓ of gedeelte daarvan, of water verbruik word, al dan nie: R58,43.

(b) Vir alle water bo 100 kℓ, per kℓ of gedeelte daarvan: 59c.

(6) Gedeeltelik-behandelde Water:

Gedeeltelik-behandelde water kan, by ontvangs van 'n skriftelike aansoek van enige verbruiker, met die goedkeuring van die Raad verskaf word ooreenkomstig die voorwaarde in hierdie verordeninge vervat en onderworpe aan sodanige verdere voorwaardes as wat die Raad mag goeddunk. Die volgende gelde is betaalbaar per maand:

(a) Vir die eerste 1 000 kℓ of gedeelte daarvan, of water verbruik word al dan nie: R477,35.

(b) Vir alle water bo 1 000 kℓ, per kℓ of gedeelte daarvan: 47c.

(7) Verbruikers Buite die Munisipaliteit:

Die gelde betaalbaar vir die lewering van water aan verbruikers buite die munisipaliteit is soos in hierdie Bylae uiteengesit, plus 'n toeslag van 30% van sodanige gelde.

DEEL II

BRANDBLUSDIENSTE

1. Sproeiblustoestelle

Vir die ondersoek en instandhouding van die verbindingspyp, per jaar: R21,22.

2. Drenkblustoestelle

(1) Vir die ondersoek en instandhouding van die verbindingspyp indien dit 'n deel van die gewone sproeiblusstelsel is: Gratis.

(2) Vir die ondersoek en instandhouding van die verbindingspyp indien dit nie 'n deel van die gewone sproeiblusstelsel is nie, per jaar: R21,22.

3. Brandkraantoestelle, uitgesonderd Sproei- en Drenkblustoestelle wat nie die eiendom van die Raad is nie.

(1) Vir die ondersoek en instandhouding van die verbindingspyp, per jaar: R21,22.

(2) Vir die herverseëling van elke brandkraan waar die seël gebreek is deur 'n persoon wat nie 'n beampte van die Raad is nie, indien —

(a) die Raad tevrede is dat geen water deur die brandkraantoestel gegaan het nie, uitgesonderd vir die doel om vuur te blus, vir elke brandkraan aldus herverseël: R35,27;

(b) die Raad nie tevrede is dat geen water deur die brandkraantoestel gegaan het nie, uitgesonderd vir die doel om 'n vuur te blus, vir elke brandkraan aldus herverseël en vir water wat aldus deur die brandkraantoestel gegaan het: R106,01.

(3) Vir die doel van hierdie item, word die klep wat aan 'n hidrouliese brandslang geheg is, geag 'n brandkraan te wees.

DEEL III

REËLS WAT OP DIE LEWERING VAN WATER OOREENKOMSTIG DEEL I VAN TOEPASSING IS

1. Woordomskrywing

(1) Vir die toepassing van hierdie tarief beteken 'maand' 'n aaneenlopende tyderk van 30,4 dae.

(2) Die waterverbruik word, in die geval van meters wat in gellings registreer is, na kiloliters omreken op die grondslag dat 220 gellings geag word gelykstaande te wees aan 1 kℓ.

2. Gelde Betaalbaar vir aansluiting van Watertoevoer

(1) Vir die aansluiting van die watertoevoer op versoek van 'n nuwe verbruiker: R7,27: met dien verstande dat waar sodanige nuwe verbruiker versoek dat elektrisiteit ook gelyktydig vir hom aangeskakel word op dieselfde perseel, ooreenkomstig die Raad se Elektrisiteitsverordeninge, geen vordering ten opsigte van die wateraansluiting gemaak word nie.

(2) As die lewering van water ingevolge die bepalings van artikel 14(1) van die Raad se Watervoorsieningsverordeninge gestaak word, is 'n vordering van R17,95 vir elke besoek gedurende werkure en R35,27 na werkure deur 'n gemagtigde werknemer van die Raad in verband met die heraansluiting betaalbaar.

(3) Die gelde betaalbaar vir die aansluiting van die perseel van 'n nuwe verbruiker is die werklike koste van materiaal (met inbegrip van die meter) en arbeid wat gebruik word om 'n aansluiting vanaf die naaste hoofwaterpyp van die Raad te maak, plus 'n toeslag van 20% op sodanige bedrag.

3. Deposito's

Die minimum deposito betaalbaar ingevolge artikel 12(1)(a) van die Raad se Watervoorsieningsverordeninge: R20,00.

4. Gelde Betaalbaar in verband met Meters

(1) Vir 'n spesiale aflesing van 'n meter: R17,58: met dien verstande dat indien 'n gelyktydige spesiale aflesing aangevra word van die elektrisiteitsmeter ooreenkomstig die Raad se Elektrisiteitsverordenine, geen vordering ten opsigte van die watermeteraflesing gemaak word nie.

(2) Vir die toets van 'n meter deur die Raad verskaf, in gevalle waar daar gevind word dat die meter nie meer as 2½ % te veel of te min aanwys nie: R35,27.

(3) Vir die huur van 'n verplaasbare meter, per maand: R35,27.

(4) Deposito vir elke verplaasbare meter: R106,01.

5. Gelde Betaalbaar vir Waterdruktoetse

Die gelde betaalbaar vir waterdruktoetse beloop R36,80 per toets.

6. Gelde Betaalbaar vir Werk

Die vordering vir alle werk in verband met watervoorsiening deur die Raad verrig en waarvoor geen heffing in hierdie tarief vasgestel word nie, is die werklike koste van materiaal en arbeid, plus 'n toeslag van 20% op sodanige bedrag.

D W VAN ROOYEN
Stadsklerk

Burgersentrum
Posbus 45
Nelspruit
1200
6 September 1989
Kennisgewing No 84/1989 6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2559

TOWN COUNCIL OF NELSPRUIT

AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS

The Town Clerk of Nelspruit hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which were drawn up by the Council in terms of section 96 of the said Ordinance.

1. The Electricity By-Laws of the Nelspruit Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 221 dated 5 February 1986, as amended, are hereby further amended by the substitution for the Schedule of the following:

"SCHEDULE

PART I

TARIFF OF CHARGES

1. Basic Charge

The owner or occupier of an erf, stand, lot or other area, with or without improvements, which is, or in the opinion of the Council, can be connected to the supply main, shall pay to the Council a basic charge of R28,14 per month, in advance, in respect of each such erf, stand, lot or other area.

PART II

TARIFF FOR THE SUPPLY OF ELECTRICITY

1. Domestic Consumers

(1)(a) This tariff shall apply to the following:

(i) Private dwellings;

(ii) Boarding-houses or hotels, excluding hotels licensed in terms of the Liquor Act;

(iii) Provincial and aided nursing homes and hospitals as defined in the Hospitals Ordinance, 1958. If the demand of this type of consumer is too large to be classified under this tariff group, such consumer shall be charged the lowest tariff in terms of item 3;

(iv) Homes for benevolent institutions;

(v) Educational institutions and school hostels. If the demand of this type of consumer is too large to be classified under this tariff group, such consumer shall be charged the lowest tariff in terms of item 3;

(vi) Sports clubs; and

(vii) Churches and church halls used exclusively for public worship.

(b) The following charges shall be payable:

Group	Type of Supply	Fixed charge per month or part thereof	Unit charge per kWh up to and including 600 kWh	Unit charge per kWh above 600 kWh
		R	c	c
(i)	50 ampère current limit, 1 phase.....	0	12,75	10,50
(ii)	60 ampère current limit, 1 phase.....	15,10	12,75	10,50
(iii)	50 ampère current limit, 3 phase.....	36,61	12,75	10,50

(2)(a) This tariff shall apply to the following:

(i) Flats; and

(ii) buildings or part of buildings containing a number of the classifications under subitem (1)(a)(i) to (vii) inclusive, and where the consumption in terms of this tariff is metered separately by the Council.

(b) The following charges shall be payable:

Group	Type of Supply	Fixed charge per month or part thereof	Unit charge per kWh up to and including 600 kWh	Unit charge per kWh above 600 kWh
		R	c	c
(i)	50 ampère current limit, 1 phase.....	32,43	12,75	10,50
(ii)	60 ampère current limit, 1 phase.....	47,57	12,75	10,50
(iii)	50 ampère current limit, 3 phase.....	69,05	12,75	10,50

2. Commercial, Industrial and General Consumers

(1)(a) This tariff shall apply to electricity supplied at low tension within the municipal proclaimed township to the following consumers:

(i) shops;
(ii) commercial houses;
(iii) office buildings;
(iv) hotels, licensed in terms of the Liquor Act;
(v) cafes, tea-rooms and restaurants;
(vi) combined shops and tea-rooms;
(vii) public halls;
(viii) clubs, excluding sport clubs;
(ix) itinerant and temporary consumers; and
(x) industrial undertakings.

(b) The following charges shall be payable:

Group	Type of Supply	Fixed charge per month or part thereof	Unit charge per kWh up to and including 600 kWh	Unit charge per kWh above 600 kWh
		R	c	c
(i)	50 ampère current limit, 1 phase.....	36,61	16,00	12,75
(ii)	50 ampère current limit, 3 phase.....	101,50	16,00	12,75

(2)(a) This tariff shall apply to buildings or parts of buildings containing a number of classifications under subitem (1)(a)(i) to (x) inclusive and where the consumption in terms of this tariff is metered separately by the Council.

(b) The following charges shall be payable:

Group	Type of Supply	Fixed charge per month or part thereof	Unit charge per kWh up to and including 600 kWh	Unit charge per kWh above 600 kWh
		R	c	c
(i)	50 ampère current limit, 1 phase.....	69,05	15,63	12,75
(ii)	50 ampère current limit, 3 phase.....	133,92	15,63	12,75

3. Bulk Consumers.

(1) The Council shall reserve the right to charge consumers with an estimated load of more than 40 kVA as bulk cosumers, either by means of low tension or high tension. The Council shall take the high tension supply op to the consumer's substation only and such consumer shall supply his own transformer and switch-gear for high tension connection.

(2) In the event of a consumer providing a substation in order that the Council can supply other consumers therefrom, such consumer shall be connected as a bulk low tension consumer, but shall be metered according to high tension or low tension, whichever is the most economic tariff for the consumer.

(3) The following charges shall be payable per month or part thereof:

(a) Bulk consumers connected to low tension:

(i) A fixed monthly service charge of R207,23; plus

(ii) a maximum demand charge of—

(aa) R18,39 per kVA per month or part thereof metered over a period of 30 minutes by means of a kVA meter; or

(bb) R4,21 per ampère per month or part thereof, metered by means of an ammeter; plus

(iii) per kWh consumed: 10,77c.

(b) Bulk consumers connected to high tension with a maximum demand of up to and including 200 kVA:

(i) A fixed monthly service charge of R626,87; plus

(ii) a maximum demand charge of—

(aa) R13,93 per kVA per month or part thereof, metered over a period of 30 minutes by means of a kVA meter; or

(bb) R3,20 per ampère per month or part thereof, metered by means of an ammeter; plus

(iii) per kWh consumed: 7,15c.

(c) Bulk consumers connected to high tension with a maximum demand of more than 200 kVA.

(i) A fixed monthly service charge of R1 252,05; plus

(ii) a maximum demand charge of—

(aa) R11,41 per kVA per month or part thereof, metered over a period of 30 minutes by means of a kVA meter; or

(bb) R2,73 per ampère per month or part thereof, metered by means of an ammeter; plus

(iii) per kWh consumed: 7,15c.

4. Itinerant and Temporary Consumers

The following charges shall be payable for the supply of electricity to itinerant consumers, for temporary purposes and any similar class of consumer.

(1)(a) A demand charge per ampere of maximum demand registered over any 20 consecutive minutes during intervals between successive readings of the demand meter: Per month or part thereof: R9,36; plus

(b) for all electricity consumed in the same month or part thereof: Per kWh: 12,75c.

(2) Minimum charge in terms of subitem (1)(a) and (b) per month or part thereof, whether electricity to that value is consumed or not: R68,52.

5. HL Hall & Sons Limited

Electricity shall be supplied to HL Hall & Sons Limited in accordance with an agreement entered into by and between the Council and HL Hall & Sons Limited, dated 28 November 1974.

6.1 Crocodile Valley Estates (Proprietary) Limited

Electricity shall be supplied to Crocodile Valley Estates (Proprietary) Limited in accordance with an agreement entered into by and between the Council and Crocodile Valley Estates (Proprietary) Limited, dated 26 April 1977 and 10 July 1986.

6.2 Delta EMD

The following tariffs are imposed in respect of the supply of electricity to Delta EMD:

(a) Basic levy: R500,00

(b) Units actually used: 3,373c per unit

(c) kVA actually used: R17,58

(d) Council surcharge on ESKOM tariff surcharge: 7,5%.

7. Consumers Outside the Municipal Distribution Area

The following tariff is applicable to Stonehenge 1 and 2 as well as Beryl:

Group	Type of Supply	Fixed charge per month or part thereof	Extension charges per month or part thereof	Unit charge per kWh up to and including 600 kWh	Unit charge per kWh above 600 kWh
		R	R	c	c
(i)	50 ampère current limit, 1 phase...	0	35,50	12,75	10,50
(ii)	60 ampère current limit, 1 phase...	15,10	35,50	12,75	10,50
(iii)	50 ampère current limit, 3 phase...	36,61	35,50	12,75	10,50

8. Municipal Departments

Supply of electricity to municipal departments shall be charged at actual cost, calculated on the cost of the previous twelve months.

PART III

RULES APPLICABLE TO THE SUPPLY OF ELECTRICITY IN ACCORDANCE WITH PART II

1. Definition

For the purpose of this tariff 'month' means a consecutive period of 30,4 days.

2. Charges for Special Meter Reading

If a consumer causes his meter to be read by an authorised employee of the Council at any time other than the date set aside by the Council for that purpose, a charge of R18,79 shall be payable for that reading.

3. Charges for Connection of Premises

(1)(a) The charges for connecting premises of a new consumer shall be the cost of material, inclusive of a meter and accessories, and labour used to make the connection from the consumer's meter board or terminal connection-box, as the case may be, to the nearest pole of the Council's supply mains in the centre of the

nearest road, street, thoroughfare, or in cases where the mains are constructed on the side of the road, street or thoroughfare, then to the centre of such road, street or thorougfare opposite the nearest pole.

(b) The cost calculated in terms of paragraph (a) shall be subject to a surcharge of 15% in respect of administration charges with a maximum of R6 000,00.

(2) Before a connection is made in terms of subitem (1), the applicant shall make a deposit equal to the estimated cost of such connection, as calculated by the engineer, at the Council's revenue office.

4. Charges for Switching on and Reconnection

(1) A charge of R16,80 for each call by an authorised employee of the Council during working hours and R22,40 after working hours shall be payable in respect of the switching on of the electricity supply to a premise in respect of which an existing service exists.

(2) If the supply of electricity is interrupted in terms of section 11(1), (2), or (4), a charge of R44,80 during working hours shall be payable for each call by an authorised employee of the Council in respect of a reconnection. No reconnections will be affected after working hours.

5. Complaints of Failure of Supply

If an authorised employee of the Council is called to a consumer's premises to attend to a complaint regarding a power failure, and it is found that the defect is caused by the consumer's electrical installation, a charge of R57,00 shall be payable for each call by an authorised employee of the Council during working hours and R85,00 after working hours.

6. Testing of Accuracy of Meter

If an authorised employee of the Council is requested to test the accuracy of a meter, a charge of R81,00 per single phase meter and R100,00 per three phase meter, required to be tested, shall be payable, which amount shall be refunded if the meter proves to be over or under registering by more than 5% when tested in accordance with the code of practice of the South African Bureau of Standards for the testing of electricity meters or in accordance with the procedure laid down by the engineer.

7. Testing and Inspection of Installations

For a second and each succeeding inspection in terms of section 17(8)(b): R75,00.

8. Deposits

The minimum deposit payable in terms of section 6(1)(a) shall be R10,00.

2. The provisions contained in this Schedule, shall be deemed to have come into operation on 1 July 1989.

D W VAN ROOYEN
Town Clerk

Civic Centre
P O Box 45
Nelspruit
1200
6 September 1989
Notice No 80/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2559

STADSRAAD VAN NELSPRUIT

WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE

Die Stadsklerk van Nelspruit publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die Verordeninge hierna uiteengesit, wat deur die Raad ingevolge artikel 96 van voornoemde Ordonnansie opgestel is.

1. Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Nelspruit deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 221 van 5 Februarie 1986, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Bylae deur die volgende te vervang:

"BYLAE

DEEL I

TARIEF VAN GELDE

1. Basiese Heffing

Die eienaar of bewoner van 'n erf, standplaas, perseel of ander terrein, met of sonder verbeterings, wat by die hooftoevoerleiding aangesluit is of, na die mening van die Raad daarby aangesluit kan word, moet aan die Raad 'n basiese heffing van R28,14 per maand ten opsigte van elke sodanige erf, standplaas, perseel of ander terrein, vooruit betaal.

DEEL II

TARIEF VIR DIE LEWERING VAN ELEKTRISITEIT

1. Huishoudelike Verbruikers

(1)(a) Hierdie tarief is van toepassing op die volgende:

(i) Privaatwoonhuise;

(ii) losieshuise of hotelle, uitgesonderd hotelle wat ingevolge die Drankwet gelisensieer is;

(iii) provinsiale en ondersteunde verpleeginrigtings en hospitale soos omskryf in die Ordonnansie op Hospitale, 1958. Indien die aanvraag van hierdie tipe verbruiker te groot is om onder hierdie tariefgroep ingedeel te word, word die laagste tarief ingevolge item 3 ten opsigte van sodanige verbruiker gehef;

(iv) tehuise vir liefdadigheidsinrigtings;

(v) onderwysinrigtings en skoolkoshuise. Indien die aanvraag van hierdie tipe verbruiker te groot is om onder hierdie tariefgroep ingedeel te word, word die laagste tarief ingevolge item 3 ten opsigte van sodanige verbruiker gehef;

(vi) sportklubs; en

(vii) kerke en kerksale wat uitsluitlik vir openbare aanbidding gebruik word.

(b) Die volgende gelde is betaalbaar:

Groep	Tipe voorsiening	Vaste heffing per maand of gedeelte daarvan	Eenheidsheffing per kWh tot en met 600 kWh	Eenheidsheffing per kWh oor 600 kWh
		R	c	c
(i)	50 ampère stroombeperking, 1 fase.....	0	12,75	10,50
(ii)	60 ampère stroombeperking, 1 fase.....	15,10	12,75	10,50
(iii)	50 ampère stroombeperking, 3 fase.....	36,61	12,75	10,50

(2)(a) Hierdie tarief is van toepassing op die volgende:

(i) Woonstelle; en

(ii) geboue of gedeelte van geboue wat 'n aantal van die indelings onder subitem (1)(a)(i) tot en met (vii) bevat, en waar die verbruik ingevolge hierdie tarief afsonderlik deur die Raad gemeet word.

(b) Die volgende gelde is betaalbaar:

Groep	Tipe voorsiening	Vaste heffing per maand of gedeelte daarvan	Eenheidsheffing per kWh tot en met 600 kWh	Eenheidsheffing per kWh oor 600 kWh
		R	c	c
(i)	50 ampère stroombeperking, 1 fase.....	32,43	12,75	10,50
(ii)	60 ampère stroombeperking, 1 fase.....	47,57	12,75	10,50
(iii)	50 ampère stroombeperking, 3 fase.....	69,05	12,75	10,50

2. Handels-, Nywerheids- en Algemene Verbruikers

(1)(a) Hierdie tarief is van toepassing op elektrisiteit wat binne die munisipale geproklameerde dorp teen lae spanning aan die volgende verbruikers gelewer word:

(i) winkels;
(ii) handelshuise;
(iii) kantoorgeboue;
(iv) hotelle wat ingevolge die Drankwet gelisensieer is;
(v) kafees, teekamers en restaurante;
(vi) gekombineerde winkels en teekamers;
(vii) openbare sale;
(viii) klubs, uitgesonderd sportklubs;
(ix) rondtrekkende en tydelike verbruikers; en
(x) nywerheidsondernemings.

(b) Die volgende gelde is betaalbaar:

Groep	Tipe voorsiening	Vaste heffing per maand of gedeelte daarvan	Eenheidsheffing per kWh tot en met 600 kWh	Eenheidsheffing per kWh oor 600 kWh
		R	c	c
(i)	50 ampère stroombeperking, 1 fase.....	36,61	16,00	12,75
(ii)	50 ampère stroombeperking, 3 fase.....	101,50	16,00	12,75

(2)(a) Hierdie tarief is van toepassing op geboue of gedeeltes van geboue wat 'n aantal van die indelings onder subitem (1)(a)(i) tot en met (x) bevat, en waar die verbruik ingevolge hierdie tarief afsonderlik deur die Raad gemeet word:

(b) Die volgende gelde is betaalbaar:

Groep	Tipe voorsiening	Vaste heffing per maand of gedeelte daarvan	Eenheidsheffing per kWh tot en met 600 kWh	Eenheidsheffing per kWh oor 600 kWh
		R	c	c
(i)	50 ampère stroombeperking, 1 fase.....	69,05	15,63	12,75
(ii)	50 ampère stroombe-			

perking, 3 fase.....	133,92	15,63	12,75

3. Grootmaatverbruikers

(1) Die Raad behou hom die reg voor om verbruikers met 'n beraamde vraag van meer as 40 kVa as grootmaatverbruikers aan te slaan, hetsy deur laagspanning of hoogspanning. Die Raad bring die hoogspanningstoevoer slegs tot by die verbruiker se substasie en sodanige verbruiker verskaf sy eie transformator en skakeltuig vir die hoogspanningsaansluiting.

(2) Wanneer 'n verbruiker 'n substasie beskikbaar stel sodat die Raad ook ander verbruikers daarvandaan kan voer, word so 'n verbruiker as 'n grootmaatlaagspanningsverbruiker aangesluit, maar gemeter volgens hoogspanning of laagspanning, watter ook al vir die verbruiker die mees ekonomiese tarief is.

(3) Die volgende gelde is betaalbaar, per maand of gedeelte daarvan:

(a) Grootmaatverbruikers aangesluit op laagspanning:

(i) 'n vaste maandelikse diensheffing van R207,23; plus

(ii) 'n maksimum aanvraagheffing van —

(aa) R18,39 per kVa per maand of gedeelte daarvan gemeet oor 'n tydperk van 30 minute deur 'n kVA-meter; of

(bb) R4,21 per ampère per maand of gedeelte daarvan gemeet deur 'n ampèremeter; plus

(iii) per kWh verbruik: 10,77c.

(b) Grootmaatverbruikers aangesluit op hoogspanning met 'n maksimum aanvraag van tot en met 200 kVa:

(i) 'n vaste maandelikse diensheffing van R626,87;

(ii) 'n maksimum aanvraagheffing van —

(aa) R13,93 kVa per maand of gedeelte daarvan gemeet oor 'n tydperk van 30 minute deur 'n kVa-meter; of

(bb) R3,20 per ampère per maand of gedeelte daarvan gemeet deur 'n ampèremeter; plus

(iii) per kWh verbruik: 7,15c.

(c) Grootmaatverbruikers aangesluit op hoogspanning met 'n maksimum aanvraag van meer as 200 kVa:

(i) Vaste maandelikse diensheffing van R1 252,05; plus

(ii) 'n maksimum aanvraagheffing van —

(aa) R11,41 per kVa per maand of gedeelte daarvan gemeet oor 'n tydperk van 30 minute deur 'n kVA-meter; of

(bb) R2,73 per ampère per maand of gedeelte daarvan gemeet deur 'n ampèremeter; plus

(iii) per kWh verbruik: 7,15c.

4. Rondtrekkende en Tydelike Verbruikers

Die volgende gelde is betaalbaar vir die lewering van elektrisiteit aan rondtrekkende verbruikers, vir tydelike doeleindes en enige soortgelyke klas van verbruiker.

(1)(a) 'n Aanvraagheffing per ampère van maksimum aanvraag geregistreer oor enige 20 opeenvolgende minute gedurende tussenposes van agtereenvolgende aflesings van die aanvraagmeter per maand of gedeelte daarvan: R9,36; plus

(b) vir alle elektrisiteit verbruik in dieselfde maand of gedeelte daarvan: per kWh: 12,75c.

(2) Minimum heffing ingevolge subitem (1)(a) en (b), per maand of gedeelte daarvan, of elektrisiteit ter waarde daarvan verbruik word, al dan nie: R68,52.

5. HL Hall & Sons Limited

Elektrisiteit word aan HL Hall & Sons Limited gelewer ooreenkomstig 'n ooreenkoms aangegaan deur en tussen die Raad en HL Hall & Sons Limited, gedateer 28 November 1974.

6.1 Crocodile Valley Estates (Proprietary) Limited

Elektrisiteit word aan Crocodile Valley Estates (Proprietary) Limited gelewer ooreenkomstig 'n ooreenkoms aangegaan deur en tussen die Raad en Crocodile Valley Estates (Proprietary) Limited, gedateer 26 April 1977 en 10 Julie 1986.

6.2 Delta EMD

Die volgende tariewe word gehef met betrekking tot die voorsiening van elektrisiteit aan Delta EMD:

(a) Basiese minimum heffing: R500,00

(b) Eenhede werklik gebruik: 3,373c per eenheid

(c) kVa werklik gebruik: R17,58

(d) Raadstoeslag op ESKOM-tarief en toeslag: 7,5%.

7. Verbruikers Buite die Munisipale Verspreidingsgebied

Die volgende tarief is van toepassing op Stonehenge Nr 1 en 2, asook Beryl:

Groep	Tipe voorsiening	Vaste heffing per maand of gedeelte daarvan	Uitbreidingsheffing per maand of gedeelte daarvan	Eenheidsheffing per kWh tot en met 600 kWh	Eenheidsheffing per kWh oor 600 kWh
		R	R	c	c
(i)	50 ampère stroombeperking, 1 fase	0	35,50	12,75	10,50
(ii)	60 ampère stroombeperking, 1 fase	15,10	35,50	12,75	10,50
(iii)	50 ampère stroombeperking, 3 fase	36,61	35,50	12,75	10,50

8. Munisipale Departemente

Lewering van elektrisiteit aan munisipale departemente geskied teen werklike koste, bereken op die koste van die vorige twaalf maande.

DEEL III

REËLS WAT OP DIE LEWERING VAN ELEKTRISITEIT OOREENKOMSTIG DEEL II VAN TOEPASSING IS

1. Woordomskrywing

Vir die toepassing van hierdie tarief beteken 'maand' 'n aaneenlopende tydperk van 30,4 dae.

2. Gelde vir Spesiale Meteraflesings

As 'n verbruiker sy meter op enige ander tyd as op die datum wat die Raad vir dié doel afgesonder het, deur 'n gemagtigde werknemer van die Raad laat aflees, is 'n vordering van R18,79 vir die aflesing betaalbaar.

3. Gelde vir Aansluiting van Persele

(1)(a) Die gelde betaalbaar vir die aansluiting van die perseel van 'n nuwe verbruiker, bedra die koste van materiaal, met inbegrip van die meter en toebehore, en arbeid wat gebruik word om die aansluiting te maak van die verbruiker se meterbord of eindverbindingskas, al na die gelang van die geval, tot by die naaste paal van die Raad se hooftoevoerleidings in die middel van die naaste pad, straat of deurgang, of in gevalle waar die hooftoevoerleidings langs die kant van die pad, straat of deurgang aangebring is, tot by die middelpunt van sodanige pad, straat of deurgang wat regoor die naaste paal is.

(b) Die koste bereken ingevolge paragraaf (a) is onderworpe aan 'n toeslag van 15% ten opsigte van administrasiekoste met 'n maksimum van R6 000,00.

(2) Alvorens 'n aansluiting ingevolge subitem (1) gemaak word, moet die applikant 'n deposito, gelykstaande aan die beraamde koste vir sodanige aansluiting soos deur die ingenieur bereken, by die inkomstekantoor van die Raad stort.

4. Gelde vir Aanskakeling en Heraansluiting

(1) 'n Vordering van R16,80 vir elke besoek deur 'n gemagtigde werknemer van die Raad gedurende werkure en R22,40 na werkure, is betaalbaar in verband met die aanskakeling van die elektrisiteitstoevoer na 'n perseel ten opsigte waarvan 'n bestaande diens bestaan.

(2) As die lewering van elektrisiteit ingevolge die bepalings van artikel 11(1), (2) of (4) onderbreek word, is 'n vordering van R44,80 vir elke besoek deur 'n gemagtigde werknemer van die Raad in verband met 'n heraansluiting gedurende werkure betaalbaar. Geen heraansluitings word na werkure gemaak nie.

5. Klagtes oor Kragonderbreking

As 'n gemagtigde werknemer van die Raad 'n verbruiker se perseel moet besoek na aanleiding van 'n klagte oor kragonderbreking en daar bevind word dat die defek veroorsaak is deur die verbruiker se elektriese installasie, is 'n vordering van R57,00 vir elke besoek van 'n gemagtigde werknemer van die Raad gedurende werkure en R85,00 na werkure vir elke sodanige besoek betaalbaar.

6. Toets van Juistheid van Meter

As 'n gemagtigde werknemer van die Raad versoek word om die juistheid van 'n meter te toets, is 'n vordering van R81,00 per enkelfase-meter en R100,00 per driefase-meter wat getoets moet word, betaalbaar, welke bedrag terugbetaal word as daar bevind word dat die meter meer as 5% te veel of te min registreer wanneer dit ooreenkomstig die gebruikskode van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde vir die toets van elektrisiteitsmeters of ooreenkomstig die prosedure wat deur die ingenieur voorgeskryf is, getoets word.

7. Toets en Inspeksie van Installasies

Vir 'n tweede en elke daaropvolgende inspeksie ingevolge artikel 17(8)(b): R75,00.

8. Deposito's

Die minimum deposito betaalbaar ingevolge artikel 6(1)(a) is R10,00.

2. Die bepalings van hierdie Bylae word geag in werking te getree het op 1 Julie 1989.

D W VAN ROOYEN
Stadsklerk

Burgersentrum
Posbus 45
Nelspruit
1200
6 September 1989
Kennisgewing No 80/1989

6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2560

TOWN COUNCIL OF NELSPRUIT

DETERMINATION OF CHARGES FOR SANITARY AND REFUSE (SOLID WASTES) REMOVAL

In terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, it is hereby notified that the Town Council of Nelspruit has, by Special Resolution, determined the charges for sanitary and refuse (solid waste) removal, as set out below, with effect from 1 July 1989.

TARIFF OF CHARGES FOR COLLECTION AND REMOVAL OF REFUSE AND SANITARY SERVICES

1. Refuse

(1) Domestic Refuse

For a maximum of 5 bin liners per container per removal, and where a service is rendered per week, per container, per month or part thereof: R11,60.

(2) Business and Dry Industrial refuse: Not compacted:

(a) From premises on which flats are erected with a maximum of 2 bin liners per container per removal, and where a service is rendered once per week, per flat, per month or part thereof: R11,60.

(b) From all premises other than those mentioned in paragraph (a):

(i) For a maximum of 1 bin liner per container per removal, and where a service is rendered three times per week, per container, per month or part thereof: R23,19.

(ii) For a maximum of 1 bin liner per container per removal, and where a service is rendered six times per week, per container, per month or part thereof: R46,42.

Compacted:

(a) Removal of refuse compacted and which is placed in a plastic, paper or other disposable container:

(i) With a capacity of 0,085 m^3, per removal once per week: R11,30 per bale.

(ii) With a capacity of 0,170 m^3, per removal once per week: R13,56 per bale.

(b) Removal of refuse which is compacted and placed in a compaction unit container:

(i) With a capacity of 6 m^3, per removal: R74,58.

(ii) With a capacity of 8 m^3, per removal: R99,44.

(iii) With a capacity of 9 m^3, per removal: R111,87.

(iv) With a capacity of 11 m^3, per removal: R137,86.

(3) Bulky Refuse

(a) Hand loaded, per load or part thereof: R81,23.

(b) Container Service: Business and Industrial Refuse:

(i) Where containers with a conserving capacity of not less than 0,7 m^3 and not more than 1,1 m^3 are used and where a service is rendered not more than three times per week, per 0,1 m^3 conserving capacity or part thereof, which shall be calculated separately for each container, per month or part thereof: R11,60.

(ii) Where containers with a conserving capacity of not less than 0,7 m^3 and not more than 1,1 m^3 are used and where a daily service is rendered, per 0,1 m^3 conserving capacity or part thereof, which shall be calculated separately for each container, per month or part thereof R23,19.

(iii) Where containers with a conserving capacity of not less than 3,4 m^3 and not more than 4,6 m^3 are used and where a service is rendered not more than three times per week, per 0,1 m^3 conserving capacity or part thereof, which shall be calculated separately for each container, per month or part thereof: R7,74.

(iv) Where containers with a conserving capacity of not less than 3,4 m^3 and not more than 4,6 m^3 are used and where a daily service is rendered, per 0,1 m^3 conserving capacity or part thereof, which shall be colculated separately for each container, per month or part thereof: R15,48.

(v) Rental per container mentioned in subparagraph 3(b)(i) up to and including 3(b)(iv):

Per container of	Per month	Per day
(i) 0,7 m^3 to 1,1 m^3	R50,28	R3,39
(ii) 3,4 m^3 to 4,6 m^3	R50,28	R5,65

(4) Garden Refuse: Free of charge.

(5) For the Council's consent in terms of section 11(3): R10,15.

2. Dumping sites of the Council

(1)(a) Domestic refuse and garden refuse per passenger car including a combi and mini-bus with complete passenger seats, small trailer or standard light delivery vehicle with a capacity up to 999 kg and ground, irrespective of the quantity, which in the opinion of the Head: Health Services of the Council can be used for covering material: Free of charge.

(b) Any other refuse or waste per passenger car including a combi and mini-bus with complete passenger seats, small trailer or standard light delivery vehicle with a capacity up to 999 kg: Free of charge.

Vehicles with a capacity of 1 000 kg up to 5 000 kg:

(i) Coupon: R7,50

(ii) On credit: R10,00

(c) Dumping by persons residing outside the area of jursdiction of the Council, and institutions whose registered office or premises is outside the area of jurisdiction of the Council:

(i) Coupon: R20,00

3. Night-Soil

(1) For the removal of night-soil, other than that mentioned in subitem (2), and where a service is rendered once or twice per week, per pail, per month or part thereof: R11,60.

(2) Where a night-soil removal service is rendered occasionally, per pail, per night: R21,27: provided that a deposit of R34,18 shall be paid in respect of each pail supplied. On termination of service, the said deposit shall be refunded as soon as the pail is returned to the Council and the account for the rendering of the service has been paid. If the pail is not returned, the deposit shall be forfeited.

4. Carcase Removal Service

For the removal of carcases of—

(a) Dogs, cats and smaller type of animals and poultry, per 5 carcases or part thereof: R10,15.

(b) Sheep, goats and similar animals, per carcase: R25,33.

(c) Horses, mules, donkeys, cattle and similar animals, per carcase: R78,90.

5. General

(1) The place, number and frequency of removal of night-soil pails, shall be as determined by the council.

(2) Where services are rendered occasionally, the charges for the period for which the service is required shall be due and payable on the date of application for the rendering of the service.

(3) Where services are rendered at the request of the owner or occupier of the premises, outside the normal working hours of the Council's service, the charges payable for such sevices shall be double the prescribed charges.

(4) Where in cases of infectious diseases, special services are rendered in accordance with the requirement of the council, such services shall be rendered free of charge.

(5) Where there is only a tariff for one removal per week and a service is rendered more frequently than once a week, the charges payable in respect of such service shall be the fixed monthly charge in respect of the service multiplied by the number of services rendered per week.

D W VAN ROOYEN
Town Clerk

Civic Centre
PO Box 45
Nelspruit
1200
6 September 1989
Notice No 82/1989

PLAASIKE BESTUURSKENNISGEWING 2560

STADSRAAD VAN NELSPRUIT

VASSTELLING VAN GELDE VIR VASTE AFVAL EN SANITEIT

Ingevolge die bepalings van artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Nelspruit, by Spesiale Besluit, die gelde vir vaste afval en saniteit vasgestel het met ingang 1 Julie 1989 soos hieronder uiteengesit.

TARIEF VIR DIE AFHAAL EN VERWYDERING VAN AFVAL EN SANITEITSDIENSTE

1. Afval

(1) Huisafval:

Met die maksimum van 5 plastiese voerings per houer per verwydering, en waar 'n diens een keer per week gelewer word, per houer, per maand of gedeelte daarvan: R11,60.

(2) Besigheids- en Droë Bedryfsafval:

Nie-verdig:

(a) Vanaf persele waarop woonstelle opgerig is met 'n maksimum van 2 plastiese voerings per houer per verwydering en waar 'n diens een keer per week gelewer word, per woonstel, per maand of gedeelte daarvan: R11,60.

(b) Vanaf alle ander persele as dié in paragraaf (a) genoem:

Die volgende heffings is ten opsigte van die spesiale buitespitsperiode van 21:00 tot 06:30 of gedurende die periode waarop die Stadselektrisiteitsingenieur besluit, betaalbaar, indien 'n spesiale buitespitstydtoevoer aanvullend by die standaardtoevoer in item 1 hierbo uiteengesit, beskikbaar gestel word: Met dien verstande dat die verbruiker skriftelik aansoek gedoen het om so 'n spesiale buitespitstydtoevoer en onderneem om sy elektriese installasie so in te rig dat die spesiale buitespitstydtoevoer slegs gedurende die periode hierbo uiteengesit, gebruik kan word, en onderneem om die beperking van so 'n toevoer tot die vermoë van die hoofleidings en toerusting wat normaalweg vir die hooftoevoer na die perseel verskaf sou word, en enige ander beperkings ten opsigte van die maksimum aanvraag of aard van die las wat die Stadselektrisiteitsingenieur kan oplê, te aanvaar:

(a) 'n Aanvraagheffing teen 25 % per maand van die tarief per kVA wat bepaal is ooreenkomstig die tariefskaal waarvolgens die standaardtoevoer aan die perseel beskikbaar gestel word, toegepas op die waarde waarmee die halfuurlikse maksimum aanvraag gedurende die buitespitsperiode die halfuurlikse maksimum aanvraag van toepassing op die standaardtoevoer, oorskry; plus

(b) 'n energieheffing vir alle kWh wat gedurende die buitespitstyd sedert die vorige meteraflesing verbruik is teen die tarief per kWh wat bepaal is ingevolge die tariefskaal waarvolgens die standaardtoevoer aan die perseel beskikbaar gestel word; plus

(c) 'n toeslag van 6,0 % op die som van die netto bedrag wat kragtens subitems (a) en (b) hiervan bereken is.

F. BUITESPITSTYDTOEVOERSKAAL

Behoudens enige bykomende heffings wat in Deel II van die tarief vervat is, is hierdie skaal van toepassing op persele wat binne en buite die munisipale grense geleë is.

Die volgende bepalings is van toepassing op 'n toevoer van elektrisiteit wat gedurende die buitespitsperiode van 20:00 tot 07:00 of gedurende die periode soos deur die Stadselektrisiteitsingenieur bepaal, aan persele voorsien of beskikbaar gestel word en aan wie 'n standaardtoevoer volgens òf die 132kV-toevoerskaal òf die 33kV-toevoerskaal òf die 11kV-toevoerskaal òf die Laespanningaanvraagskaal gelewer word:

1. Die verbruiker moet skriftelik aansoek doen om so 'n buitespitstydtoevoer wat aan die volgende beperkings onderworpe sal wees;

(a) Die verbruiker se elektriese installasie moet so ingerig word dat die buitespitstydtoevoer slegs gedurende die tye wat in hierdie aanhef uiteengesit is, gebruik kan word.

(b) Die verbruiker moet die beperking van so 'n toevoer tot die vermoë van die bestaande hoofleidings en toerusting, of, in die geval van 'n nuwe of verhoogde toevoer, tot die vermoë van die hoofleidings en toerusting wat per onderlinge ooreenkoms tussen die Raad en die verbruiker deur die Raad voorsien word, en enige ander beperkings ten opsigte van die maksimum aanvraag of aard van die las wat die Stadselektrisiteitsingenieur mag oplê, aanvaar.

2. Die verbruiker moet die Raad vergoed vir die voorsiening en installering van die nodige meettoerusting.

3. Indien die aansoek deur die Stadselektrisiteitsingenieur goedgekeur word en die buitespitstydtoevoer voorsien of beskikbaar gestel word, is die volgende heffings betaalbaar:

(a) 'n Aanvraagheffing teen 25 % per maand van die tarief per kVA wat bepaal is ingevolge die tariefskaal waarvolgens die standaardtoevoer aan die perseel voorsien word, toegepas op die waarde waarmee die halfuurlikse maksimum aanvraag gedurende die buitespitsperiode die halfuurlikse maksimum aanvraag van toepassing op die standaardtoevoer, oorskry.

(b) 'n Energieheffing vir alle kWh wat gedurende die buitespitstyd sedert die vorige meteraflesing verbruik is teen die tarief per kWh wat bepaal is ingevolge die tariefskaal waarvolgens die standaardtoevoer aan die perseel beskikbaar gestel word; plus

(c) waar dit van toepassing is, 'n vaste heffing per maand.

DEEL II
ALGEMEEN

A. BYKOMENDE HEFFINGS

(a) Uitbreidingsheffings en/of Waarborg

Die skale van die tarief vir die lewering van elektrisiteit soos dit in Deel I uiteengesit is, is gebaseer op die koste wat meegebring word deur die verskaffing van die toevoer aan die verskeie klasse verbruikers in die gewone elektries ontwikkelde gebiede binne die munisipale grense. Waar die toevoer aan 'n nuwe verbruiker of groep verbruikers verskaf word en die koste van die uitbreiding van die transmissieleidings en die plaaslike distribusiestelsel in verhouding tot die aanvanklike elektrisiteitsbehoeftes van die verbruiker of groep verbruikers buitengewoon hoog is, pas die Raad bykomende heffings toe, hetsy deur middel van waarborge wat deur die dorpseienaar in die geval van 'n wetlike gestigte dorp verskaf moet word of, in alle ander gevalle, deur middel van 'n stelsel van uitbreidingsheffings of waarborge wat deur die individuele verbruiker(s) betaalbaar is.

Dié uitbreidingsheffings en/of waarborge moet sodanig wees dat dit die kapitaalverpligtinge dek wat aangegaan word om die transmissie-en/of distribusiestelsel uit te brei om krag aan die gemelde verbruiker(s) te verskaf en 'n toegelate bedrag wat na die mening van die Raad voldoende is om die bykomende bedryfs- en onderhoudskoste van sodanige uitbreidings te dek.

(b) Toeslae

Indien die gelewerde elektrisiteit gebruik word op persele wat buite die munisipale grense geleë is, is —

(i) al dié in Deel I genoemde heffings en gelde, uitgesonderd dié in Item A.I 1(3), A.I 2(3), A.II 1(3), A.II 2(3), A.III 4, A.IV 1(3), A.IV 2(3), B.4, C.4, D.4, E.1(c) daarvan, en

(ii) al dié in Items 3, 5, 6, 7, 8 en 9 van Deel II.B genoemde heffings en gelde, onderworpe aan 'n toeslag van 25 %: Met dien verstande dat —

al die heffings en gelde in (i) en (ii) hiervan uiteengesit met betrekking tot enige goedgekeurde dorp soos omskryf in artikel 1 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), waarvan die erwe hoofsaaklik vir nywerheidsdoeleindes gesoneer is, slegs aan 'n toeslag van 5 % onderworpe sal wees, en

al die heffings en gelde in Deel I hiervan uiteengesit met betrekking tot die voorsiening van 'n 11kV-elektrisiteitstoevoer aan 'n onafhanklike Plaaslike Owerheid buite die Pretoriase munisipale grense, slegs aan 'n korting van 13,8 % onderworpe sal wees.

Vir die doel van die toepassing van die toeslag word enige buitegebied soos bepaal in artikel 7(b) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), geag binne die munisipale grense te wees.

In die geval van 'n te stigte dorp, kan die Raad, indien buitengewone omstandighede dit regverdig, kragtens 'n Spesiale Raadsbesluit afsien van die toeslae wat in (ii) hiervan uiteengesit is.

(c) Basiese heffing

Behoudens die bepalings van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), is 'n heffing van basiese koste vir elke erf, standplaas, perseel of ander terrein (hierna 'n perseel genoem), met of sonder verbeterings, wat na die oordeel van die Raad by die Raad se hooftoevoerleiding aangesluit kan word, maar nog nie aangesluit is nie en waarvan die heffings, soos in die onderskeie tariewe genoem word, nie betaal is nie, soos volg deur die eienaar betaalbaar:

Vir 'n perseel wat ingevolge die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, gesoneer is vir:

(i) "Spesiale woon" (Gebruiksone I), of "Spesiaal" (Gebruiksone XIV) en "Onbepaald" (Gebruiksone XV), waarop slegs een of hoogstens twee wooneenhede per erf, wat ingevolge die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, toelaatbaar is, opgerig is, R14,55 per maand per perseel;

(ii) "Groepsbehuising" (Gebruiksone II), of "Spesiaal" (Gebruiksone XIV) en "Onbepaald" (Gebruiksone XV), vir 'n spesifieke gebruik wat na die mening van die Stadselektrisiteitsingenieur ooreenstem met Gebruiksone II, R11,64 per maand per potensiële wooneenheid waar die getal potensiële wooneenhede deur die Skema bepaal word.

(iii) "Dupleks woon" (Gebruiksone III), "Algemene woon" (Gebruiksone IV), of "Spesiaal" (Gebruiksone XIV) en "Onbepaald" (Gebruiksone XV), vir 'n spesifieke gebruik wat na die mening van die Stadselektrisiteitsingenieur ooreenstem met Gebruiksone III en IV, R2,91 per maand per kVA waar die kVA-waarde bereken word volgens die formule in paragraaf 2(b)(i) hierna, en die getal potensiële wooneenhede bereken word ooreenkomstig die toegelate vloerruimteverhouding soos bepaal word in die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, en elke wooneenheid 'n oppervlakte van 100 m² sal hê, of die aantal wooneenhede soos deur die Skema bepaal.

(iv) "Spesiale besigheid" (Gebruiksone VII), "Algemene besigheid" (Gebruiksone VIII), of "Spesiaal" (Gebruiksone XIV) en "Onbepaald" (Gebruiksone XV) vir n spesifieke gebruik wat na die mening van die Stadselektrisiteitsingenieur ooreenstem met Gebruiksones VII en VIII, R2,91 per maand per kVA waar die kVA-waarde bereken word teen 5,0 kVA per 100 m² van die oppervlakte van die gebou wat ingevolge die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, op die perseel opgerig mag word;

(v) "Beperkte nywerheid" (Gebruiksone XI), "Algemene nywerheid" (Gebruiksone XII), of "Spesiaal" (Gebruiksone XIV) en "Onbepaald" (Gebruiksone XV) vir 'n spesifieke gebruik wat na die mening van die Stadselektrisiteitsingenieur ooreenstem met Gebruiksones XI en XII, R2,91 per maand per kVA waar die kVA-waarde bereken word teen 2,5 kVA per 100 m² van die oppervlakte van die perseel;

(vi) "Landbou" (Gebruiksone XIII) of "Spesiaal" (Gebruiksone XIV) en "Onbepaald" (Gebruiksone XV) vir 'n spesifieke gebruik wat na die mening van die Stadselektrisiteitsingenieur ooreenstem met Gebruiksone XIII, R30,55 per maand;

(vii) enige ander gebruik wat nie in (i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) hierbo genoem word nie, R72,75 per maand;

(viii) in gevalle waar daar reeds by dorpstigting 'n kVA-waarde aan 'n perseel toegeken is en die dorpseienaar 'n grootmaatdiensbydrae, gebaseer op dié kVA-waarde, betaal het of waar 'n grootmaatdiensbydrae tydens hersonering, onderverdeling of goedkeuring van 'n toestemmingsgebruik betaal is, sal dié kVA-waarde gebruik word by die berekening van die basiese heffing teen R2,91 per maand per kVA: Met dien verstande dat wanneer sodanige perseel by die Raad se hooftoevoer aangesluit is, Deel I van die Elektrisiteitstarief, met uitsluiting van die tarief ingevolge hierdie paragraaf, met ingang van die aansluitingsdatum geld: Voorts met dien verstande dat 'n perseel waaraan slegs 'n bouersaansluiting voorsien is, beskou word as nie aangesluit aan die Raad se hooftoevoerleiding nie.

(ix) ten opsigte van erwe wat munisipale eiendom is, is geen basiese heffing betaalbaar nie.

Opmerking:

Indien die eienaar van 'n perseel 'n aansluiting verkry het, maar sy gemete aanvraag in kVA, of die ekwivalent daarvan in die geval van 'n kapasiteitsheffing, aansienlik minder is as wat ooreenkomstig paragrawe (i) tot (ix) hiervan aan die perseel toegewys is, is die normale maandelikse heffings ingevolge die elektrisiteitstarief betaalbaar, plus 'n basiese heffing gebaseer op die verskil tussen 25 % van die toegekende kVA-waarde en sy gemete kVA-aanvraag, of die ekwivalent daarvan.

B. ALGEMENE HEFFINGS

1. Aansluitingsgelde

(1) Die Raad verskaf die volgende standaard aansluitings tussen sy hooftoevoerleidings en die elektriese installasie van die perseel. Normaalweg word slegs een sodanige aansluiting by 'n enkele perseel verskaf:

Met dien verstande dat, in die geval van plase en landbouhoewes wat 'n elektrisiteitstoevoer teen lae spanning ontvang en in gevalle waar oorweging van afstand of spanningsval van so 'n aard is dat dit na die mening van die Stadselektrisiteitsingenieur bykomende aansluitings regverdig, sodanige bykomende aansluitings verskaf kan word.

(a) By 'n private huis wat toevoer teen lae spanning ontvang, 'n enkelfase of driefase ondergrondse kabelaansluiting of, na goeddunke van die Raad, 'n enkelfase boleiding.

(b) By enige ander perseel wat 'n toevoer teen lae spanning ontvang, 'n eenfase of driefase ondergrondse kabelaansluiting, of na goeddunke van die Raad, 'n ekwivalente boleiding.

(c) By enige perseel wat 'n toevoer teen 11 kV ontvang, 'n driefasige ondergrondse aansluiting.

(2)(a) Gelde is vooruitbetaalbaar ten opsigte van 'n eerste aansluiting by 'n perseel of 'n nuwe aansluiting by 'n perseel ter vervanging van ander wat gesloop is.

(b) In gevalle waar die aansluiting 'n bykomende aansluiting by die perseel is of 'n verandering van die bestaande aansluiting of die vervanging van 'n aansluiting wat voorheen op versoek van die eienaar of bewoner verwyder is, of 'n nie-standaard of tydelike aansluiting is, is die geraamde koste van so 'n bykomende, veranderde, vervangde, nie-standaard of tydelike aansluiting vooruitbetaalbaar: Met dien verstande dat, in die geval van 'n verandering van die bestaande aansluiting, 'n verbruiker sodanige verandering slegs een maal per jaar van die Raad mag aanvra.

(c) Geen aansluitingsgelde is betaalbaar ten opsigte van die eerste aansluiting by persele waar voorsiening gemaak is vir ruimte vir 'n substasiekamer van die Raad wat nodig is om die betrokke perseel sowel as aangrensende persele van toevoer te voorsien nie.

(3)(a) Die aansluiting word op die eienaar of die verbruiker se koste geïnstalleer en die koste daarvan word deur die Raad bereken.

(b) In die geval van 'n kabelaansluiting moet die eienaar of die verbruiker 'n goedgekeurde leipyp of voor oor die volle roete op sy eiendom verskaf.

2. Grootmaatdiensbydrae

Waar aansoek gedoen word om 'n elektrisiteitsaansluiting na 'n perseel wat nog nie by die Raad se elektrisiteitsnetwerk aangesluit is nie, of waar 'n bestaande verbruiker aansoek doen om 'n verhoging in toevoer, moet die aansoeker die Raad by wyse van 'n bydrae vergoed vir die deel van die koste verbonde aan die voorsiening van die nuwe toevoer of die verhoogde toevoer wat die Raad nie uit die tarief vir die lewering van elektrisiteit soos in Deel I uiteengesit is, verhaal nie, en is die volgende gelde betaalbaar:

(1) Laespaningsaansluitings

(a) 'n Spesiale woonerf waarop 'n woonhuis opgerig staan te word (soos omskryf in die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974)

(i) Enkelfase-aansluitings

Waar die aanslag van die verbruiker se inkomende stroombreker meer is as 60 ampère: R20,77 per ampère bo 60 ampère.

(ii) Driefase-aansluitings

Waar die aanslag van die verbruiker se inkomende stroombreker meer is as 20 ampère: R62,31 per ampère bo 20 ampère.

Opmerking:

In die geval van duethuise (twee wooneenhede op dieselfde perseel wat nie onderverdeel is nie en waarvan die elektrisiteitsverbruik afsonderlik gemeet word) is die in subparagrawe (1)(a)(i) en (ii) gemelde bedrae betaalbaar vir elke ampère waarmee die gesamentlike stroomaanslag van die inkomende stroombrekers van die wooneenhede 60 ampère in die geval van 'n enkelfasetoevoer en 20 ampère in die geval van 'n driefasetoevoer oorskry.

(b) Woonstelle

(i) Aansluitings na die perseel as geheel

R260 per kVA waarmee die verwagte gediversifiseerde aanvraag soos deur die eienaar van die perseel of sy gemagtigde verteenwoordiger verstrek, die aanvraagsyfers volgens die formule hierna bereken, oorskry, waar die aantal woonstelle bepaal word in ooreenstemming met item c(ii) van Deel II.A:

$$S = 3N \begin{matrix} \sqrt{N} + 4\frac{3}{4} \\ \sqrt{N} + 1\frac{3}{4} \end{matrix}$$

waar S = aanvraagsyfer in kVA en

N = getal wooneenhede.

(ii) Aansluiting na die individuele verbruikers in woonstelle

(aa) Enkelfase-aansluitings

Waar die aanslag van die individuele verbruiker se inkomende stroombreker 60 ampère oorskry: R20,77 per ampère bo 60 ampère.

(bb) Driefase-aansluitings

Waar die aanslag van die individuele verbruiker se inkomende stroombreker 20 ampère oorskry: R63,31 per ampère bo 20 ampère.

(c) Plase en landbouhoewes

Waar die aanvraag soos deur die eienaar van die perseel of sy gemagtigde verteenwoordiger verstrek, 15 kVA oorskry: R260 per kVA bo 15 kVA.

(d) Persele wat as "Spesiale besigheid" (Gebruiksone VII), "Algemene besigheid" (Gebruiksone VIII), "Beperkte nywerheid" (Gebruiksone XI), "Algemene nywerheid" (Gebruiksone XII), of "Spesiaal" (Gebruiksone XIV), en "Onbepaald" (Gebruiksone XV) vir 'n spesifieke gebruik wat ooreenstem met een van hierdie gebruike (soos bepaal in die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974), gesoneer is. Waar die gediversifiseerde aanvraag soos deur die eienaar van die perseel of sy gemagtigde verteenwoordiger verstrek, die kVA-waarde soos bereken in Deel II A (c)(iii) of (c)(vi), watter een ook al van toepassing is, of die kVA-waarde wat by dorpstigting aan die betrokke perseel toegeken is en waarvoor die dorpseienaar reeds 'n grootmaatdiensbydrae betaal het, oorskry: R260 per kVA.

(e) Alle ander persele wat nie in (a) tot (d) genoem word nie

Waar die waarde van die gediversifiseerde aanvraag soos deur die eienaar van die perseel of sy gemagtigde verteenwoordiger verstrek, 25 kVA oorskry: R260 per kVA bo 25 kVA.

(2) 11kV-aansluitings

In alle gevalle van aansluitings na persele onder (1)(c), (1)(d) en (1)(e) genoem en waar 'n aansluiting teen 11 kV geneem word, teen die aanvraag soos in die gedeelte onder Laespanningsaansluitings hiervan bereken is:

(a) Waar die aanvraag groter as 8MVA is en die verbruiker self vir sy toevoerkabels vanaf die Raad se 132/11kV-substasie betaal: R160,00 per kVA.

(b) en in alle ander gevalle: R165,00 per kVA.

(3) 132kV-aansluitings

R116,56 per kVA.

(4) Opmerking

In dié gevalle waar dorpseienaars reeds 'n grootmaatdiensbydrae tydens dorpstigting betaal het of waar 'n grootmaatdiensbydrae betaal is tydens skemawysigings, onderverdeling of toestemmingsgebruik, sal 'n bydrae vir elke kVA waarmee die aanvraag wat deur die aansoeker of sy gemagtigde verteenwoordiger verstrek is, die kVA waarvoor reeds betaal is, oorskry, betaalbaar wees.

3. Heraansluitingsgelde

(1)(a) Geen heffing word van 'n nuwe verbruiker gevra vir die heraansluiting van 'n perseel wat voorheen aangesluit was en ook nie vir die heraansluiting van 'n perseel wat op versoek van die verbruiker tydelik afgesluit is nie: Met dien verstande dat so 'n afsluiting 'n tydperk van minstens 14 dae lank duur en die aansluitgeleiers nie verwyder is nie.

(b) Wanneer 'n perseel weens die nie-betaling van rekenings of die nie-nakoming van enigeen van die Raad se Elektrisiteitsverordeninge of -regulasies tydelik afgesluit is, moet 'n bedrag van R45 aan die Raad betaal word voordat heraansluiting van die perseel geskied.

(c) Wanneer 'n perseel op versoek van die verbruiker tydelik vir 'n tydperk van minder as 14 dae afgesluit word, moet 'n bedrag van R22,50 aan die Raad betaal word voordat heraansluiting van die perseel geskied.

4. Gelde vir die Herstel van Defekte waarvoor die Verbruiker Verantwoordelik is

Wanneer die Elektrisiteitsafdeling gevra word om 'n onderbreking van toevoer te herstel en wanneer bevind word dat sodanige onderbreking te wyte is aan 'n fout in die installasie of aan foutiewe werking van die apparaat wat in verband daarmee gebruik word, moet die verbruiker 'n bedrag betaal vir elke sodanige herstelling, wat bepaal word as die geraamde koste wat die Elektrisiteitsafdeling aangegaan het vir die herstel van sodanige onderbreking.

5. Gelde vir Spesiale Meteraflesing

Sover dit redelik moontlik is, word verbruikers se meters met 'n tussenpose van een maand afgelees. Wanneer die verbruiker verlang dat sy meters, wat die watermeters insluit, op enige ander tyd as die vasgestelde datum afgelees word, is 'n bedrag van R21 ten opsigte van sodanige aflesings betaalbaar.

Wanneer 'n verbruiker die aflesing van sy meters, wat die watermeters insluit, in twyfel trek en verlang dat die meters ter bevestiging weer afgelees word, is 'n bedrag van R21 betaalbaar indien die heraflesings toon dat die oorspronklike lesings reg was.

6. Gelde vir Toets van Elektrisiteitsmeters

As 'n verbruiker rede het om te vermoed dat 'n elektrisiteitsmeter nie in orde is nie of verkeerd registreer, word die meter deur die Raad getoets mits die verbruiker 'n bedrag van R48 per meter betaal, welke bedrag terugbetaal word indien bevind word dat die meter meer as 5 persent te vinnig of te stadig registreer, in welke geval die verbruiker se rekening kragtens die toepaslike artikel van die Elektrisiteitsverordeninge aangesuiwer word.

7. Gelde vir Inspeksie en Toets van Installasie

By ontvangs van 'n kennisgewing kragtens die Raad se Elektrisiteitsverordeninge dat 'n installasie of 'n uitbreiding van 'n installasie voltooi is en gereed is om geïnspekteer en getoets te word, word so 'n toets en inspeksie kosteloos uitgevoer.

Indien bevind word dat die installasie onvolledig of gebrekkig is of in enige opsig nie aan die Raad se Elektrisiteitsverordeninge en -regulasies voldoen nie, sluit die Raad die installasie nié aan voordat so 'n gebrek of tekortkoming deur die aannemer reggestel en 'n verdere toets en inspeksie uitgevoer is nie. 'n Bedrag van R114 word vir elke sodanige bykomende toets en inspeksie gevra en dit is vooruitbetaalbaar.

8. Deposito's

Die minimum bedrag wat deur 'n verbruiker ten opsigte van die verbruik van elektrisiteit ingevolge artikel 11(1) van die Raad se Elektrisiteitsverordeninge en -regulasies by die Stadsteskourier gedeponeer moet word, is R100 welke bedrag in gevalle waar ook 'n waterdeposito betaalbaar is, sodanige waterdeposito insluit.

9. Ongemete Toevoer

In gevalle waar elektrisiteit teen lae spanning voorsien word en dit onprakties is om die verbruik te meet, word die verbruik volgens die aanslag van die geïnstalleerde apparaat en die ure van gebruik beraam en is die volgende heffings betaalbaar:

9.1 Waar die toevoer vir 'n tydperk van minder as dertig dae benodig word: 'n vooruitbetaalbare bedrag bestaande uit 'n basiese heffing van R9,32, plus 'n energieheffing van 13,7c per kWh.

9.2 Waar die toevoer vir 'n tydperk van meer as dertig dae benodig word: 'n maandelikse bedrag bestaande uit 'n basiese heffing van R9,32, plus 'n energieheffing van 13,7c per kWh.

10. Straatverligting

10.1 In gevalle waar daar nog terreinligte bestaan wat die Raad op privaat eiendom opgerig het en in stand hou, is huurgeld soos volg maandeliks betaalbaar:

(a) Telefoonhokkie: R9,90.

(b) Straatlig met 200W-gloeilamp: R10,00.

(c) Straatlig met 125W-kwikdamplamp: R5,85.

10.2 In gevalle waar die Raad straatverligting in dorpe buite die munisipale grense voorsien, word 'n heffing opgelê wat deur die Raad bepaal word om die kapitaalkoste, oprigkoste, die energieverbruik en die instandhoudingskoste van sodanige straatverligting te dek.

11. Ander spesiale dienste

Die bedrae betaalbaar vir enige spesiale diens wat die Raad se Elektrisiteitsafdeling lewer en wat nie spesifiek in hierdie tarief genoem is nie, is die koste soos deur die Raad bereken.

DEEL III

VERTOLKINGS EN ALGEMEEN

A. Vertolkings

"per maand" beteken per maand of deel daarvan;

"laespanning" beteken 239,6V enkelfase of 415V driefase;

"metingspunt" beteken elke afsonderlike stel metertoerusting wat vir die meting van elektrisiteitsvoorsiening op die perseel aangebring is, waar "stel metertoerusting" die minimum getal meters beteken wat nodig is om die toevoer ingevolge een skaal van die tarief en op grond van een aansluiting by die perseel te meet;

"vaste heffing" beteken enige maandelikse bedrag wat bedoel is om die jaarlikse onkoste ten opsigte van kapitaaluitgawe en die instandhouding van toerusting wat die Raad by die perseel geïnstalleer het vir die uitsluitlike gebruik van die verbruiker te dek en is nie betaalbaar nie in gevalle waar die toevoer deur die gewone hoofdistribusieleidings gelewer word of waar die toerusting wat by die perseel geïnstalleer is, gebruik word om toevoer ook aan ander persele benewens die betrokke perseel te lewer;

"wetlik gestigte dorp" beteken 'n goedgekeurde dorp soos dit omskryf is in artikel 1 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), en omvat

(a) enige perseel buite 'n dorp ten opsigte waarvan die Raad weens so 'n perseel se ligging en grootte en die doel waarvoor dit gebruik word, meen dat dit as 'n deel van so 'n dorp beskoumoet word; en

(b) enige stuk grond wat verdeel is in of uitgelê of ontwikkel is as terreine vir woon- en besigheidsdoeleindes ten opsigte waarvan die Raad weens sodanige verdeling, uitleg of ontwikkeling meen dat dit as 'n goedgekeurde dorp beskou moet word.

B. Elektrisiteitsverordeninge en -regulasies

Die Raad se Elektrisiteitstarief moet saam met die Raad se Elektrisiteitsverordeninge en -regulasies gelees word en maak deel daarvan uit.

Die bepalings wat in hierdie kennisgewing vervat is, tree op 2 Augustus 1989 in werking, behalwe item (c), van Deel II A: Bykomende Heffings, wat op 1 September 1989 in werking tree.

6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2586

DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 103 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), the Randburg Town Council hereby declares Kya Sand Extension 10 Township to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

DA 2/280

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY ATLANTA SALES (PROPRIETARY) LIMITED UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 61 (A PORTION OF PORTION 1) OF THE FARM HOUTKOPPEN 193 IQ, PROVINCE OF TRANSVAAL, HAS BEEN GRANTED

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

(1) Name

The name of the township shall be Kya Sand Extension 10.

(2) Design

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan SG No A7145/88.

(3) Stormwater Drainage and Street Construction

(a) The township owner shall on request by the local authority submit to such authority for its approval a detailed scheme complete with plans, sections and specifications, prepared by a civil engineer approved by the local authority, for the collection and disposal of stormwater throughout the township by means of properly constructed works and for the construction, tarmacadamising, kerbing and channelling of the streets therein together with the provision of such retaining walls as may be considered necessary by the local authority.

Furthermore, the scheme shall indicate the route and gradient by which each erf gains access to the street on which it abuts.

(b) The township owner shall, when required by the local authority to do so, carry out the approved scheme at its own expense on behalf and to the satisfaction of the local authority under the supervision of a civil engineer approved by the local authority.

(c) The township owner shall be responsible for the maintenance of the streets to the satisfaction of the local authority until the streets have been constructed as set out in subclause (b).

(d) If the township owner fails to comply with the provisions of paragraphs (a), (b) and (c) hereof the local authority shall be entitled to do the work at the cost of the township owner.

(4) Land for Municipal Purposes

Erf 128 shall be transferred to the local authority by and at the expense of the township owner for purposes of a road.

(5) Disposal of Existing Conditions of Title

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

(6) Access

No ingress from Rivier Road to the township and no egress to Rivier Road from the township shall be allowed.

(7) Demolition of Buildings and Structures

The township owner shall at its own expense cause all existing buildings and structures situated within the building line reserves, side spaces or over common boundaries to be demolished to the satisfaction of the local authority, when required by the local authority to do so.

2. CONDITIONS OF TITLE

The erven mentioned hereunder shall be subject to the conditions as indicated, imposed by the local authority in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986.

(1) All Erven

(a) The erf is subject to a servitude, 2 m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 2 m wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.

(b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.

(c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

(2) Erf 126

The erf is subject to a servitude for transformer/substation purposes in favour of the local authority, as indicated on the general plan.

(3) Erf 120

The erf is subject to a servitude for stormwater purposes in favour of the local authority, as indicated on the general plan.

B J VAN DER VYVER
Town Clerk

6 September 1989
Notice No 166/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2586

VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 103 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), verklaar die Stadsraad van Randburg hierby die dorp Kya Sand Uitbreiding 10 tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

DA 2/280

BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR ATLANTA SALES (EIENDOMS) BEPERK INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 61 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 1) VAN DIE PLAAS HOUTKOPPEN 193 IQ, PROVINSIE TRANSVAAL, TOEGESTAAN IS

1. STIGTINGSVOORWAARDES

(1) Naam

Die naam van die dorp is Kya Sand Uitbreiding 10.

(2) Ontwerp

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan LG No A714.7/88.

(3) Stormwaterdreinering en Straatbou

(a) Die dorpseienaar moet op versoek van die plaaslike bestuur aan sodanige bestuur 'n gedetailleerde skema, volledig met planne, deursneë en spesifikasies, opgestel deur 'n siviele ingenieur wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is, vir die opgaar en afvoer van stormwater deur die hele dorp deur middel van behoorlike aangelegde werke en vir die aanlê, teermacadamisering, beranding en kanalisering van die strate daarin, tesame met die verskaffing van sodanige keermure as wat die plaaslike bestuur nodig ag, vir goedkeuring voorlê.

Verder moet die skema die roete en helling aandui deur middel waarvan elke erf toegang tot die aangrensende straat verkry.

(b) Die dorpseienaar moet, wanneer die plaaslike bestuur dit vereis, die goedgekeurde skema op eie koste namens en tot bevrediging van die plaaslike bestuur, onder toesig van 'n siviele ingenieur deur die plaaslike bestuur goedgekeur, uitvoer.

(c) Die dorpseienaar is verantwoordelik vir die instandhouding van die strate tot bevrediging van die plaaslike bestuur totdat die strate ooreenkomstig subklousule (b) gebou is.

(d) Indien die dorpseienaar versuim om aan die bepalings van paragrawe (a), (b) en (c) hiervan te voldoen, is die plaaslike bestuur geregtig om die werk op koste van die dorpseienaar te doen.

(4) Grond vir Munisipale Doeleindes

Erf 128 moet deur en op koste van die dorpseienaar aan die plaaslike bestuur vir doeleindes van 'n pad oorgedra word.

(5) Beskikking oor Bestaande Titelvoorwaardes

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale.

(6) Toegang

Geen ingang van Rivierweg tot die dorp en geen uitgang tot Rivierweg uit die dorp word toegelaat nie.

(7) Sloping van Geboue en Struktüre

Die dorpseienaar moet op eie koste alle bestaande geboue geleë binne boulynreserwes, kantruimtes of oor gemeenskaplike grense laat sloop tot bevrediging van die plaaslike bestuur wanneer die plaaslike bestuur dit vereis.

2. TITELVOORWAARDES

Die erwe hieronder genoem is onderworpe aan die voorwaardes soos aangedui, opgelê deur die plaaslike bestuur ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986.

(1) Alle Erwe

(a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut 2 m breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n bykomende serwituut vir munisipale doeleindes 2 m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer dit deur die plaaslike bestuur verlang word: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.

(b) Geen geboue of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.

(c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwyderings van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

(2) Erf 126

Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir transformator/substasie doeleindes ten gunste van die plaaslike bestuur, soos op die algemene plan aangedui.

(3) Erf 120

Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir stormwater doeleindes ten gunste van die plaaslike bestuur, soos op die algemene plan aangedui.

B J VAN DER VYVER
Stadsklerk

6 September 1989
Kennisgewing No 166/1989

6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2587

DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 103 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), the Randburg Town Council hereby declares Kya Sand Extension 11 Township to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

DA 2/281

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY ATLANTA SALES (PROPRIETARY) LIMITED UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 60 (A PORTION OF PORTION 1) OF THE FARM HOUTKOPPEN 193 IQ, PROVINCE OF TRANSVAAL, HAS BEEN GRANTED

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

(1) Name

The name of the township shall be Kya Sand Extension 11.

(2) Design

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan SG No A7146/88.

(3) Stormwater Drainage and Street Construction

(a) The township owner shall on request by the local authority submit to such authority for its approval a detailed scheme complete with plans, sections and specifications, prepared by a civil engineer approved by the local authority, for the collection and disposal of stormwater throughout the township by means of properly constructed works and for the construction, tarmacadamising, kerbing and channelling of the streets therein together with the provision of such retaining walls as may be considered necessary by the local authority.

Furthermore, the scheme shall indicate the route and gradient by which each erf gains access to the street on which it abuts.

(b) The township owner shall, when required by the local authority to do so, carry out the approved scheme at its own expense on behalf and to the satisfaction of the local authority under the supervision of a civil engineer approved by the local authority.

(c) The township owner shall be responsible for the maintenance of the streets to the satisfaction of the local authority until the streets have been constructed as set out in subclause (b).

(d) If the township owner fails to comply with the provisions of paragraphs (a), (b) and (c) hereof the local authority shall be entitled to do the work at the cost of the township owner.

(4) Disposal of Existing Conditions of Title

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

(5) Access

No ingress from Rivier Road to the township and no egress to Rivier Road from the township shall be allowed.

(6) Demolition of Buildings and Structures

The township owner shall at its own expense cause all existing buildings and structures situated within the building line reserves, side spaces or over common boundaries to be demolished to the satisfaction of the local authority, when required by the local authority to do so.

2. CONDITIONS OF TITLE

The erven mentioned hereunder shall be subject to the conditions as indicated, imposed by the local authority in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986.

(1) All Erven

(a) The erf is subject to a servitude, 2 m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 2 m wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.

(b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.

(c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purposes subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

(2) Erf 145

The erf is subject to a servitude for purposes of a transformer/substation in favour of the local authority, as is indicated on the general plan.

B J VAN DER VYVER
Town Clerk

6 September 1989
Notice No 160/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2587

VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 103 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), verklaar die Stadsraad van Randburg hierby die dorp Kya Sand Uitbreiding 11 tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

DA 2/281

BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR ATLANTA SALES (PROPRIETARY) LIMITED INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 60 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 1) VAN DIE PLAAS HOUTKOPPEN 193 IQ, PROVINSIE TRANSVAAL, TOEGESTAAN IS

1. STIGTINGSVOORWAARDES

(1) Naam

Die naam van die dorp is Kya Sand Uitbreiding 11.

(2) Ontwerp

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan LG No A7146/88.

(3) Stormwaterdreinering en Straatbou

(a) Die dorpseienaar moet op versoek van die plaaslike bestuur aan sodanige bestuur 'n gedetailleerde skema, volledig met planne, deursneë en spesifikasies, opgestel deur 'n siviele ingenieur wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is, vir die opgaar en afvoer van stormwater deur die hele dorp deur middel van behoorlike aangelegde werke en vir die aanlê, teermacadamisering, beranding en kanalisering van die strate daarin, tesame met die verskaffing van sodanige keermure as wat die plaaslike bestuur nodig ag, vir goedkeuring voorlê. Verder moet die skema die roete en helling aandui deur middel waarvan elke erf toegang tot die aangrensende straat verkry.

(b) Die dorpseienaar moet, wanneer die plaaslike bestuur dit vereis, die goedgekeurde skema op eie koste namens en tot bevrediging van die plaaslike bestuur, onder toesig van 'n siviele ingenieur deur die plaaslike bestuur goedgekeur, uitvoer.

(c) Die dorpseienaar is verantwoordelik vir die instandhouding van die strate tot bevrediging van die plaaslike bestuur totdat die strate ooreenkomstig subklousule (b) gebou is.

(d) Indien die dorpseienaar versuim om aan die bepalings van paragrawe (a), (b) en (c) hiervan te voldoen, is die plaaslike bestuur geregtig om die werk op koste van die dorpseienaar te doen.

(4) Beskikking oor Bestaande Titelvoorwaardes

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale.

(5) Toegang

Geen ingang van Rivierweg tot die dorp en geen uitgang tot Rivierweg uit die dorp, word toegelaat nie.

(6) Sloping van Geboue en Strukture

Die dorpseienaar moet op eie koste alle bestaande geboue en strukture wat binne boulynreserwes, kantruimtes of oor gemeenskaplike grense geleë is, laat sloop tot bevrediging van

die plaaslike bestuur wanneer die plaaslike bestuur dit vereis.

2. TITELVOORWAARDES

Die erwe hieronder genoem is onderworpe aan die voorwaardes soos aangedui, opgelê deur die plaaslike bestuur ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986.

(1) Alle Erwe

(a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut 2 m breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n bykomende serwituut vir munisipale doeleindes 2 m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer dit deur die plaaslike bestuur verlang word: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.

(b) Geen geboue of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.

(c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwyderings van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

(2) Erf 145

Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir transformator/substasie doeleindes ten gunste van die plaaslike bestuur, soos op die algemene plan aangedui.

B J VAN DER VYVER
Stadsklerk

6 September 1989
Kennisgewing No 160/1989

6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2588

RANDBURG AMENDMENT SCHEME 1342

The Town Council of Randburg hereby in terms of the provisions of section 125(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, No 15 of 1986, declares that he has approved an amendment scheme being an amendment of the Randburg Town-planning Scheme, 1976, comprising the same land as included in the township of Kya Sand Extension 11.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Town Clerk, Randburg Town Council and the Head of the Department of Local Government, Housing and Works: Administration: House of Assembly, Pretoria and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Randburg Amendment Scheme 1342.

B J VAN DER VYVER
Town Clerk

6 September 1989
Notice No 143/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2588

RANDBURG-WYSIGINGSKEMA 1342

Die Stadsraad van Randburg verklaar hierby ingevolge die bepalings van artikel 125(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, No 15 van 1986, dat hy 'n wysigingskema synde 'n wysiging van die Randburgse Dorpsbeplanningskema, 1976, wat uit dieselfde grond as die dorp Kya Sand Uitbreiding 11 bestaan, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Stadsklerk van Randburg en die Hoof van die Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke: Administrasie: Volksraad, Pretoria en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Randburg-wysigingskema 1342.

B J VAN DER VYVER
Stadsklerk

6 September 1989
Kennisgewing No 143/1989

6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2589

RANDBURG AMENDMENT SCHEME 1341

The Town Council of Randburg hereby in terms of the provisions of section 125(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, No 15 of 1986, declares that he has approved an amendment scheme being an amendment of the Randburg Town-planning Scheme, 1976, comprising the same land as included in the township of Kya Sand Extension 10.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Town Clerk, Randburg Town Council and the Head of the Department of Local Government, Housing and Works: Administration: House of Assembly, Pretoria and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Randburg Amendment Scheme 1341.

B J VAN DER VYVER
Town Clerk

6 September 1989
Notice No 167/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2589

RANDBURG-WYSIGINGSKEMA 1341

Die Stadsraad van Randburg verklaar hierby ingevolge die bepalings van artikel 125(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, No 15 van 1986, dat hy 'n wysigingskema synde 'n wysiging van die Randburgse Dorpsbeplannigskema, 1976, wat uit dieselfde grond as die dorp Kya Sand Uitbreiding 10 bestaan, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Stadsklerk van Randburg en die Hoof van die Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke: Administrasie: Volksraad, Pretoria en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Randburg-wysigingskema 1341.

B J VAN DER VYVER
Stadsklerk

6 September 1989
Kennisgewing No 167/1989

6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2590

ROODEPOORT MUNICIPALITY: AMENDMENT TO STANDARD FOOD-HANDLING BY-LAWS AND PUBLIC HEALTH BY-LAWS

The Town Clerk of Roodepoort hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been drawn up by the Council in terms of section 96 of the aforesaid Ordinance.

(i) The Standard Food-Handling By-laws published under Administrator's Notice 1317 of 16 August 1972 and adopted by the Council in terms of Administrator's Notice 1210 of 1 August 1973, as amended are hereby further amended by—

1. The substitution in the difinition of "Medical Officer of Health" for the words "Medical Officer of Health" of the words "Manager Health Services";

2. The amendment of section 2—

(a) by the substitution in subsection 7(a) for the expressions "16 m²", "2,7 m" and "3 m" of the expressions "10 m²", "2,4 m" and "2 m", respectively;

(b) by the deletion in subsection 9 of the words: "every part of any wall within 0,6 m from any part of such sink or drain board shall be tiled or given some other approved finish to a height of at least 1,4 from the floor."

(c) by the deletion in subsection (12)(a) of the words "a floor area of not less than 3 m²."

(d) by the substitution for subsection (14) of the following:

"14. Where on any premises six or more persons of the same sex are employed there shall be provided for the persons of each such sex a change room with a minimum floor area of 6 m², having a minimum width of 2 m or 0,5 m of unobsructed floor area for each person, which ever shall be the greater. In respect of any sex for which no change-room is required in terms hereof, an approved metal locker shall be provided for each person and kept in an approved place."

(e) by the deletion of subsection 15(a) and 15(b);

(f) by the substitution in subsection (16)(a)(ii) for the figure "5" of the figure "6".

3. Amending section 7 by—

(a) the substitution in subsection (a) for the expression "45 m²" of the expression "25 m²";

(b) the deletion of subsections (b) and (c).

4. The subsitution in section 17 for the figure "R300" of the figure "R500".

(ii) The amendment of Chapter 9 of Part IV of the Public Health By-laws of the Municipality of Roodepoort published under Administrator's Notice 11 dated 12 January 1949 as substituted by Administrator's Notice 2111 of 14 December 1983 by—

(1)(a) the substitution in subsection 2(a) for the expression "100 m²" of the expression "40 m²";

(b) the substitution in subsection (b) for the expression "12 m²" of the expression "7 m²;

(c) the deletion in subsection (c) of the following words: "with a minimum floor area of 9 m²";

(d) the substitution in subsection (d) for the expression "20 m²" of the expression "10 m²";

(e) the deletion of subsections (e) and (f);

(f) the substitution for subsection (g) of the following:

"(g) the rooms mentioned in paragraphs (b) and (d) shall have a minimum width of 3 m";

(g) the substitution for subsection (h) of the following:

"(h) the floor surfaces of the rooms referred to in paragraphs (a), (b) and (c) shall be of an approved impermeable smooth material graded and drained to an outside gully in accordance with the National Building Regulations".

(h) the deletion of subsections (i), (j) and (m);

(i) the substitution in subsection (o) for the expression "50 %" of the expression "25 %";

(j) the deletion of subsection (q);

(2) the substitution for section 3 of the following:

"3. The Manager, Health Services may relax the requirements of paragraphs (b) and (g) of section 2 if the business carried out on the premises does not warrant total compliance of such requirements".

(3) the deletion of sections 5 and 6.

(4) the substitution in section 8 for the designation "Medical Officer of Health" of the designation "Manager Health Services".

(5) the substitution in section 9 for the figure "R300" of the figure "R500".

(iii) The amendment of Chapter 10 of Part IV of the Public Health By-laws of the Municipality of Roodepoort published under Administrator's Notice 11 dated 12 January 1949 as substituted by Administrator's Notice 1655 dated 8 December 1976 by —

(1) the substitution for the designation "Medical Officer of Health" of the designation "Manager Health Services" wherever it appears.

(2) amending section 2 by —

(a) the substitution in the proviso of section (2)(a)(ii) for the expression "55 m²" of the expression "25 m²";

(b) the deletion of subsection 2(b);

(c) the substitution in section 2(c) for the expression "50 %" of the expression "25 %";

(d) the deletion of subsections (3) and (4);

(e) the deletion in subsection (5)(a) of the words: "and the room or area referred to in subsection 3";

(f) the deletion of subsection 5(b);

(g) the substitution for subsection (5)(c) of the following:

"(c) Where required by the Manager Health Services the floor of the preparation room shall be graded to an outside gully drained in accordance with the National Building Regulations."

(h) by the substitution in subsection (6) for the words: "Which storeroom or area shall have a minimum floor area of 6,5 m², a height of not less than 2,6 m and a width of not less than 2,2 m" of the words: "which storeroom or area shall have a minimum floor area of 6 m², a height of not less than 2 m and a width of not less than 2 m."

(i) the deletion of subsections (7), (8), (9) and (10);

(3) the deletion of section 3.

(4) the substitution in section 9 for the figure "R300" of the figure "R500".

(iv) The amendment of Chapter 12 of Part IV of the Public Health By-laws of the Municipality of Roodepoort published under Administrator's Notice 11 dated 12 January 1949, as substituted by Administrator's Notcie 778 dated 14 May 1975, by —

(1) The substitution in paragraph (4) of section 6 for the expression "10 m²" of the expression "9 m²" and by the substitution in paragraph (5) for the word "stainless" of the word "rust-resistant";

(2) the substitution in section 7 for the expressions "7 m²" and "16 m²" of the expressions "6 m²" and "10 m²" respectively;

(3) the substitution in section 8 for the expressions "7 m²" and "2,2 m" of the expressions "6 m²" and "2 m" respectively and by the addition at the end of the paragraph of the following words: "alternatively in an approved rust-resistant cabinet supplied with rust-resistant hanging rails;

(4) the deletion in section 9(5) of the word "or" where it appears after the word "coldroom";

(5) the substitution in section 10(2)(b) for the expressions "7 m²" and "2,2 m" of the expressions "6 m²" and "2 m" respectively;

(6) the addition of the following section after section 20.

"21. Any person who contravenes or fails to comply with any provision of this chapter shall be guilty of an offence and liable, on conviction, to a fine not exceeding R500 or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding 12 months, or to both such fine and imprisonment, and in the event of a continuing offence, shall be deemed to be guilty of a separate offence for every 24 hours or part of such period during which the offence continues and shall be liable as aforesaid in respect of each such separate offence.

L DE WET
Town Clerk

Civic Centre
Christiaan de Wet Road
Roodepoort
6 September 1989
Notice No 108/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2590

MUNISIPALITEIT ROODEPOORT: WYSIGING VAN STANDAARD VOEDSELHANTERINGSVERORDENINGE EN DIE GESONDHEIDSVERORDENINGE

Die Stadsklerk van Roodepoort publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), die verordeninge hierna uiteengesit wat deur die Raad ingevolge artikel 96 van voornoemde Ordonnansie opgestel is.

(i) Die Standaardvoedselhanteringsverordeninge afgekondig by Administrateurskennisgewing 1317 gedateer 16 Augtustus 1972 en deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1210 gedateer 1 Augustus 1973, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur —

1. In die woordomskrywing van "Mediese Gesondheidsbeampte" die woorde "Mediese Gesondheidsbeampte" deur die woorde "Bestuurder: Gesondheidsdienste" te vervang;

2. Artikel 2 te wysig deur —

(a) in subartikel (7)(a) die uitdrukkings: 16 m²", "2,7 m" en "3 m" onderskeidelik deur die uitdrukkings "10 m²", "2,4 m" en "2 m", te vervang;

(b) in subartikel (9) die woorde:

"Elke gedeelte van enige muur binne 0,6 m vanaf enige gedeelte van sodanige opwasbak of droogblad, moet geteel of op 'n ander goedgekeurde wyse afgewerk word tot 'n hoogte van minstens 1,4 m van die vloer af", te skrap;

(c) in subartikel (12)(a) die woorde; "met 'n vloeroppervlakte van minstens 3 m²", te skrap.

(d) subartikel (14) deur die volgende te vervang:

"14 Waar daar op enige perseel ses of meer persone van dieselfde geslag in diens is, moet daar vir die persone van elke geslag 'n kleedkamer met 'n minimum vloeroppervlakte van 6 m² en 'n minimum wydte van 2 m of 0,5 m onbelemmerde vloerruimte vir elke persoon, watter een ookal die grootste is, verskaf word. Ten opsigte van enige geslag waarvoor geen kleedkamer ingevolge hiervan nodig is nie, moet 'n goedgekeurde metaalsluitkas vir elke persoon aangeskaf word en op 'n goedgekeurde plek gehou word";

(e) subartikels 15(a) en 15(b) te skrap;

(f) in subartikel (16)(a)(ii) die getal "5" deur die getal "6" te vervang;

3. artikel 7 te wysig deur;

(a) in subartikel (a) die uitdrukking "45 m²" deur die uitdrukking "25 m²" te vervang;

(b) subartikels (b) en (c) te skrap;

4. In artikel 17 die syfer "R300" deur die syfer "R500" te vervang.

(ii) Dat Hoofstuk 9 van Deel IV van die Publieke Gesondheidsverordeninge van die Munisipaliteit Roodepoort afgekondig by Administrateurskennisgewing 11 van 12 Januarie 1949 soos vervang deur Administrateurskennisgewing 2111 van 14 Desember 1983, gewysig word deur —

(1) Artikel 2 soos volg te wysig:

(a) in subartikel 2(a) die uitdrukking "100 m²" deur die uitdrukking "40 m²" te vervang;

(b) in subartikel (b) die uitdrukking "12 m²" deur die uitdrukking "7 m²" te vervang;

(c) in subartikel (c) die woorde "met 'n minimum vloeroppervlakte van 9 m²", te skrap;

(d) in subartikel (d) die uitdrukking "20 m²" deur die uitdrukking "10 m²", te vervang;

(e) subartikels (e) en (f) te skrap;

(f) subartikel (g) deur die volgende te vervang:

"(g) die vertrekke soos gemeld in paragrawe (b) en (d) minstens 3 m breed is;

(g) subartikel (h) deur die volgende te vervang:

"(h) die vloeropeervlakte van die vertrekke gemeld in paragrawe (a), (b) en (c) van 'n goedgekeurde glad afgewerkte vloeistofdigte materiaal is en ooreenkomstig die Nasionale bouregulasies skuins afloop na 'n buiterioolput;

(h) subartikels (i), (j) en (m) te skrap;

(i) in subartikel (o) die uitdrukking "50 %" deur die uitdrukking "25 %" te vervang;

(j) subartikel (q) te skrap;

(2) artikel 3 deur die volgende te vervang;

"3. Die Bestuurder; Gesondheidsdienste mag die vereistes van paragrawe (b) en (g) van artikel 2 verslap indien die besigheid wat op die perseel bedryf word nie die totale nakoming van die vereistes regverdig nie";

(3) artikels 5 en 6 te skrap;

(4) in artikel 8 die benaming "Mediese Gesondheidsbeampte" deur die benaming "Bestuurder: Gesondheidsdienste", te vervang;

(5) in artikel 9 die syfer "R300" deur die syfer "R500" te vervang.

(iii) Dat Hoofstuk 10 van Deel IV van die Publieke Gesondheidsverordeninge van die Muni-

sipaliteit Roodepoort, afgekondig by Administrateurskennisgewing 11 van 12 Januarie 1949, soos vervang deur Administrateurskennisgewing 1655 van 8 Desember 1976 gewysig word deur -

(1) die benaming "mediese gesondheidsbeampte" waar dit ookal voorkom deur die benaming "bestuurder: gesondheidsdienste", te vervang;

(2) artikel 2 te wysig deur —

(a) in die voorbehoudsbepaling van artikel (2)(a)(ii) die uitdrukking "55 m^2" deur die uitdrukking "25 m^2"; te vervang;

(b) subartikel 2(b) te skrap;

(c) in subartikel 2(c) die uitdrukking "50 %" deur die uitdrukking "25 %" te vervang;

(d) subartikels (3) en (4) te skrap;

(e) in subartikel (5)(a) die woorde "en die kamer of ruimte waarna daar in subartikel (3) verwys word", te skrap;

(f) subartikel (5)(b) te skrap;

(g) subartikel (5)(c) deur die volgende te vervang:

"(c) As die Bestuurder Gesondheidsdienste dit vereis moet die vloer van die bereidingskamer ooreenkomstig die Nasionale Bouregulasies skuins na 'n buitereioolput, afloop."

(h) in subartikel (6) die woorde "Sodanige pakkamer of ruimte moet 'n vloeroppervlakte van minstens 6,5 m^2 hê, minstens 2,6 m hoog en minstens 2,2 m breed wees", deur die volgende woorde te vervang: "Sodanige pakkamer of ruimte moet 'n vloeroppervlakte van minstens 6 m^2 hê, minstens 2,4 m hoog en minstens 2 m breed wees";

(i) subartikels (7), (8), (9) en (10) te skrap;

(3) artikel 3 in sy geheel te skrap.

(4) in artikel 9 die syfer "R300" deur die syfer "R500", te vervang.

(iv) Dat Hoofstuk 12 van Deel IV van die Publieke Gesondheidsverordeninge van die Munisipaliteit Roodepoort afgekondig by Administrateurskennisgewing 11 van 12 Januarie 1949, soos vervang deur Administrateurskennisgewing 778 van 14 Mei 1975 gewysig word deur —

(1)in subartikel (4) van artikel 6 die uitdrukking "10 m^2" deur die uitdrukking "9 m^2" te vervang en in subartikel (5) die woord "vlekvrye" deur die woord "roesvrye", te vervang;

(2) in artikel 7 die uitdrukkings "7 m" en "16 m^2" onderskeidelik deur die uitdrukkings "6 m^2" en "10 m^2", te vervang;

(3) in artikel 8 die uitdrukkings "7 m^2" en "2,2 m" onderskeidelik deur die uitdrukkings "6 m^2" en "2 m" te vervang en na die laaste woord van die paragraaf die volgende by te voeg: "alternatiewelik in 'n goedgekeurde roesvrye kabinet wat voorsien is van roesvrye hangrelings.";

(4) in artikel 9(5) die woord "of" na die woord "koelkamer" te skrap;

(5) in artikel 10(2)(b) die uitdrukkings "7 m^2" en "2,2 m" onderskeidelik deur die uitdrukkings "6 m^2" en "2 m" te vervang;

(6) na artikel 20 die volgende artikel in te voeg:

"21. Iemand wat die bepaling van hierdie hoofstuk oortree of wat versuim om daaraan te volgoen begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R500 of, by wanbetaling, met 'n gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande, of met beide sodanige boete of gevangenisstraf, en in die geval van 'n voortgesette misdryf, word hy aan 'n atsonderlike misdryf vir elke 24 uur of gedeelte van sodanige tydperk waartydens die misdryf voortgesit word, skuldig geag en is soos voornoem ten opsigte van elkeen van sodanige misdrywe aanspreeklik."

L DE WET
Stadsklerk

Burgersentrum
Christiaan de Wetweg
Roodepoort
6 September 1989
Kennisgewing No 108/89

6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2591

TOWN COUNCIL OF RUSTENBURG

SEWERAGE SERVICE: DETERMINATION OF CHARGES

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), that the Town Council of Rustenburg has with effect from 1 July 1989 by Special Resolution withdrawn the determination of charges published under Municipal Notice No 178/1988 dated 9 November 1988 and determined the charges set out in the Schedule below.

SCHEDULE

TARIFF OF CHARGES

1. LAND NOT BUILT UPON OR LAND WITH BUILDINGS NOT CONTAINING CLOSETS, URINAL PANS OR BASINS

The owner of any vacant stand, erf, portion of an erf or portion of land which has not been built upon, or an erf, portion of an erf, or portion of land with buildings which do not contain closets, urinal pans or basins which can, in the opinion of the Council, be connected to the Council's sewer, shall pay to the Council in respect of each such vacant stand, erf, portion of an erf or portion of land, a charge of R13,80 per month or part thereof.

2. DOMESTIC SEWERAGE PER MONTH OR PART THEREOF

(1) Private dwellings:

For each private dwelling designed for use as a dwelling for a single family, together with such outbuildings that are ordinarily used in connection therewith, whether occupied or not: R15,95.

(2) Flats:

For each flat: R15,95.

(3) Business or industrial premises and offices:

For each water closet, urinal pan or basin: R14,80.

(4) Private hotels and boarding-houses:

For each water closet, urinal pan or basin: R14,80.

(5) Hotels licensed in terms of the Liquor Act, 1928:

For each water closet, urinal pan or basin: R17,10.

(6) Churches:

For each church: R13,65.

(7) Church halls used for church purposes only and from which no revenue is derived: Per hall: R13,65.

(8) Church and other halls not used exclusively for church purposes and from which no revenue is derived: Per church or hall: R15,65.

(9) Day schools:

For each water closet, urinal pan or basin for use by scholars, staff or servants: R9,55.

(10) Boarding schools and school hostels:

For each water closet, urinal pan or basin for use by scholars, staff or servants: R14,80.

(11) Amateur sports clubs:

For each water closet, urinal pan or basin used by or under the control of such club: R9,55.

(12) Hospitals, nursing homes and maternity homes:

For each water closet, urinal pan or basin for use by patients, staff or servants: R9,55.

(13) Prisons:

For each water closet, urinal pan or basin for use by inmates, wardens, staff and servants, including water closets in the house or outbuildings of wardens: R14,80.

(14) Public conveniences:

For each water closet, urinal pan or basin for use by Whites or Non-Whites, including all municipality owned public conveniences: R13,65.

(15) Building premises:

For each water closet: R15,65.

3. INDUSTRIAL EFFLUENTS

The charge for industrial effluents shall be in accordance with the following formula: Charge in cents per kilolitre = 15 + (0,17 x OA) + 0,11 (E - 100). Where OA = Oxygen absorbed in milligrams per litre (mg/1) as specified in Annexure 11 of the by-laws. E = specific conductance at 25°C expressed in milli Siemens/m (mSm).

4. CHARGES FOR WORK CARRIED OUT BY THE COUNCIL

(1) Cleaning of blocked private drainage installations: The amount payable to the Council for the cleaning of a blockage in a private drainage installation shall be equal to the actual cost of material and labour used for such work plus a surcharge of 10 % on the total cost: Provided that the minimum levy shall not be less than R21,70.

(2) Making of additional connections, laying of drains, installation of meters:

The amount payable for the abovementioned works shall be equivalent to the average cost for material, labour, transport and administration cost, plus a surcharge of 10 % on the total costs.

5. APPROVAL OF DRAINAGE INSTALLATIONS

The charges for the approval of drainage installations, including approval of plans and inspection fees, shall be R3,65 for every R100 valuation or part thereof of the drainage installations, with a minimum charge or R14,50: Provided that in respect of plans for small repair such as the replacement of a WC-pan, the repair of a faulty trap or pipe, the disconnection or removal of sanitary fittings or similar minor works a minimum charge of R7,25 shall be payable.

W J ERASMUS
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 16
Rustenburg
0300
6 September 1989
Notice No 69/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2591

STADSRAAD VAN RUSTENBURG

RIOLERINGSDIENS: VASSTELLING VAN GELDE

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), dat die Stadsraad van Rustenburg by Spesiale Besluit die vasstelling van gelde gepubliseer by Munisipale Kennisgewing No 178/1988 van 9 November 1988 met ingang van 1 Julie 1989 ingetrek en die gelde in die onderstaande Bylae uiteengesit, vasgestel het.

BYLAE

TARIEF VAN GELDE

1. ONBEBOUDE PERSELE OF PERSELE MET GEBOUE SONDER LATRINES, URINOIRPANNE OF -BAKKE

Die eienaar van enige oop ruimte, erf, gedeelte van 'n erf of stuk grond wat onbeboud is of erf, gedeelte van 'n erf of stuk grond met geboue sonder latrines, urinoirpanne of -bakke wat na die mening van die Raad met die Raad se vuilriool verbind kan word, moet ten opsigte van elke sodanige oop ruimte, erf, gedeelte van 'n erf of stuk grond 'n bedrag van R13,80 per maand of gedeelte van 'n maand aan die Raad betaal.

2. HUISHOUDELIKE RIOOLVUIL, PER MAAND OF GEDEELTE DAARVAN

(1) Private woonhuise:

Vir elke private woning ontwerp vir gebruik as 'n woning vir een gesin tesame met sodanige buitegeboue wat gewoonlik in verband daarmee gebruik word, hetsy bewoon al dan nie: R15,95.

(2) Woonstelle:

Vir elke woonstel: R15,95.

(3) Besigheids- of nywerheidspersele en kantore:

Vir elke spoelkloset, urinoirpan of -bak: R14,80.

(4) Private hotelle en losieshuise:

Vir elke spoelkloset, urinoirpan of -bak: R14,80.

(5) Hotelle, ingevolge die Drankwet, 1928, gelisensieer:

Vir elke spoelkloset, urinoirpan of -bak: R17,10.

(6) Kerke:

Vir elke kerk: R13,65.

(7) Kerksale:

Wat net vir kerkdoeleindes gebruik word en waaruit geen inkomste verkry word nie, perseel: R13,65.

(8) Kerk- en ander sale wat nie uitsluitlik vir kerkdoeleindes gebruik word nie en waaruit geen inkomste verkry word nie, per kerk- of saal: R15,65.

(9) Dagskole:

Vir elke spoelkloset, urinoirpan of -bak wat deur leerlinge, personeel of bediendes gebruik word: R9,55.

(10) Kosskole en skoolkoshuise:

Vir elke spoelkloset, urinoirpan of -bak wat deur leerlinge, personeel of bediendes gebruik word: R14 80.

(11) Amateur sportklubs:

Vir elke spoelkloset, urinoirpan of -bak wat deur sodanige klub gebruik of beheer word: R9,55.

(12) Hospitale, verpleeg- en kraaminrigtings:

Vir elke spoelkloset, urinoirpan of -bak wat deur pasiënte, personeel of bediendes gebruik word: R9,55.

(13) Tronke:

Vir elke spoelkloset, urinoirpan of -bak wat deur gevangenes, bewaarders, personeel en bediendes gebruik word, insluitende waterklosette in bewaarders se huise of buitegeboue: R14,80.

(14) Publieke gemaksgeriewe:

Vir elke spoelkloset, urinoirpan of -bak vir gebruik deur Blankes of Nie-blankes, insluitende munisipale publieke gemaksgeriewe: R13,65.

(15) Bouterreine:

Vir elke spoelkloset: R15,65.

3. FABRIEKSUITVLOEISEL

Die vordering vir fabrieksuitvloeisel is ooreenkomstig die volgende formule: Vordering in sent per kiloliter = 15 + (0,17 x PW) + 0,11 (E - 100). Waar PW = suurstof in milligram per liter (mg/1) geabsorbeer soos in Aanhangsel 11 van die verordeninge gespesifiseer. E = spesifieke geleidingsvermoë by 25°C uitgedruk in milli Siemens/m (mSm).

4. WERK WAT DEUR DIE RAAD GEDOEN WORD

(1) Skoonmaak van verstopte private rioleringsinstallasies:

Die bedrag aan die Raad betaalbaar vir die oopmaak van 'n verstopping in 'n private rioleringsinstallasie is gelykstaande met die werlike koste van materiaal en arbeid wat vir sodanige werk gebruik word plus 'n toeslag van 10 % op die totale koste: Met dien verstande dat die minimum heffing R21,70 is.

(2) Maak van bykomende aanslutings, lê van riole, installering van meters:

Vir bovermelde werke is die bedrag wat betaalbaar is, gelykstaande met die gemiddelde koste van materiaal, arbeid, vervoer en administrasie plus 'n toeslag van 10 % op die totale koste.

5. GOEDKEURING VAN RIOLERINGSINSTALLASIE

Gelde ten opsigte van die goedkeuring van rioleringsinstallasies, insluitende goedkeuring van planne en inspeksiegelde is R3,65 vir elke R100-waardering of gedeelte daarvan van die rioleringsinstallasie, met 'n minimum vordering van R14,50: Met dien verstande dat vir planne ten opsigte van klein herstellings soos die vervanging van 'n spoelkloset, die herstel van 'n gebrekkige sperder of pyp, die ontkoppeling of verwydering van sanitêre inrigtings of soortgelyke geringe werke, 'n bedrag van minstens R7,25 betaal moet word.

W J ERASMUS
Stadsklerk

Stadskantore
Posbus 16
Rustenburg
0300
6 September 1989
Kennisgewing No 69/1989 6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2592

TOWN COUNCIL OF RUSTENBURG

SANITARY AND REFUSE REMOVAL: DETERMINATION OF CHARGES

Notice is hereby given in terms of provisions of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), that the Town Council of Rustenburg has with effect from 1 July 1989 by Special Resolution withdrawn the determination of charges published under Municipal Notice No 166/1988 dated 12 October 1988 and determined the charges as set out in the Schedule below:

SCHEDULE

TARIFF OF CHARGES

1. Refuse and garbage removal service:

(1) The removal of refuse and garbage:

(a) Standard garbage and refuse receptacles:

(i) Removal twice per week from premises that are not dwelling-houses or flats, per receptacle, per month: R17,70.

(ii) Removal once per week from all premises, excluding flats, per receptacle, per month: R7,10.

(iii) Removal once per week from flats, per flat, per month: R7,10.

(b) Bulk containers:

(i) Removal once per week from business premises, per bulk container per 1,5 m^3 per month: R94,85. (See tariff 4(i)).

(ii) For each additional removal in the same week, per bulk container per 1,5 m^3 per month: R91,75. (See tariff 4(i)).

(iii) Removal from business premises already served by bulk containers, of incidental additional quantities of refuse: per 1,5 m^3 or part thereof, per removal: R21,40.

(iv) Removal once per week from business premises per 6 m^3 bulk container per month: R371,75. (See tariff 4(ii)).

(v) For each additional removal in the same week per 6 m^3 container per month: R321,20.

(vi) Removal from business premises already served by bulk containers of incidental additional quantities of refuse per 6 m^3 or part thereof, per removal: R84,10.

(c) Special removals:

(i) Removal of garden refuse, per load or part thereof: R8,00 per m^3.

(ii) Removal of refuse or garbage which is not garden refuse or rubble, per load or part thereof: R20,00 per m^3.

Provided that the Council shall not be obliged to render this service.

(iii) Removal of industrial refuse and garbage from business premises, per load of 6 m^3: R70,50.

(2) Removal and disposal of dead animals:

(a) Horses, mules, bulls, cows, oxen and donkeys, per carcase: R27,55.

(b) Calves, heifers, foals, sheep, goats and pigs, per carcase: R13,85.

(c) Cats and dogs, per carcase: R6,10.

(d) In the event of any of the services in terms of paragraphs (a) and (c) inclusive being requested and rendered on Saturdays or Sundays, the charges shall be double the amount laid down. In the event of a carcase being in a state of decomposition or so situated that the loading thereof may cause delay or the transportation thereof causes additional expense, the charges shall be doubled.

(3) Garbage and refuse receptacles: cost price plus 10 %.

2. Slop water removal services:

(1) For the removal of slop water and sewerage sludge from storage tanks:

(a) For the first 4,5 kℓ, per 500 ℓ or part thereof: R2,65.

(b) Thereafter, per 500 ℓ or part thereof: R2,00.

(c) Minimum charge, per month, per dwelling-house: R20,00.

(2) For the removal of slop water and incidental sewerage sludge, special removals, per 4,5 kℓ or part thereof: R21,30.

The Council shall not be obliged to render this special service.

3. Temporary services:

(1) For the provision of movable latrines, per week or part thereof, each: R12,00.

(2) For the provision and rendering of refuse removal services to circuses and merry-go-rounds, such circuses or merry-go-rounds shall in addition to the tariff laid down, make a deposit of R120,00 before any such services shall be rendered.

(3) *For functions of whatever nature, shows,* merry-go-rounds and circuses, in addition to the charges laid down in subitem (2), for such standard refuse receptacle, per 24 hours: R2,00 with a minimum charge of R8,00.

4. Rental of Bulk containers:

(1) Bulk containers of 1,5 m³ per month: R14,25.

(2) Bulk containers of 6 m³ per month: R31,90.

5. For the use of the Council's Waste Disposal Dump by agreement:

(1) Demostic and other refuse compacted in ratio 3 to 1 as obtained by the standard compacting refuse removal trucks used by the Council: R8,00 per m³.

(2) Uncompacted or lose refuse and garden refuse: R2,65 per m³.

(3) Covering material (soil): Free of charge.

W J ERASMUS
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 16
Rustenburg
0300
6 September 1989
Notice No 71/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2592

STADSRAAD VAN RUSTENBURG

SANITEIT- EN VULLISVERWYDERING: VASSTELLING VAN GELDE

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), dat die Stadsraad van Rustenburg by Spesiale Besluit die vasstelling van gelde gepubliseer by Munisipale Kennisgewing No 166/1988 van 12 Oktober 1988 met ingang 1 Julie 1989 ingetrek en die gelde soos in die onderstaande Bylae uiteengesit, vasgestel het:

BYLAE

TARIEF VAN GELDE

1. Vullis- en afvalverwyderingsdiens:

(1) Verwydering van vullis en afval:

(a) Standaard afval- en vullisbakke:

(i) Verwydering twee keer per week vanaf persele wat nie woonhuise of woonstelle is nie, per bak, per maand: R17,70.

(ii) Verwydering een keer per week vanaf alle persele wat nie woonstelle is nie, per bak, per maand: R7,10.

(iii) Verwydering een keer per week vanaf woonstelpersele, per woonstel, per maand: R7,10.

(b) Massahouers:

(i) Verwydering een keer per week vanaf besigheidspersele, per massahouer van 1,5m³ per maand: R94,85.

(ii) Vir elke bykomende verwydering in dieselfde week, per massahouer van 1,5m³ per maand: R91,75.

(iii) Verwydering vanaf besigheidspersele wat reeds met massahouers bedien word, van toevallige addisionele hoeveelhede vullis: per 1,5 m³ of gedeelte daarvan, per verwydering: R21,40.

(iv) Verwydering een keer per week vanaf besigheidspersele, per 6m³ massahouer, per maand: R371,75. (Sien tarief 4(ii)).

(v) Vir elke bykomende verwydering in dieselfde week, per 6 m³ massahouer, per maand: R321,20.

(vi) Verwydering vanaf besigheidspersele wat reeds met massahouers bedien word, van toevallige addisionele hoeveelhede vullis, per 6 m³ of gedeelte daarvan per verwydering: R84,10.

(c) Spesiale verwyderings:

(i) Verwydering van tuinvullis, per vrag of gedeelte daarvan: R8,00 per m³.

(ii) Verwydering van vullis of afval wat nie tuinvullis of puin is nie, per vrag of gedeelte daarvan: R20,00 per m³.

Met dien verstande dat die Raad nie verplig is om hierdie diens te lewer nie.

(iii) Verwydering van bedryfsafval en vullis vanaf besigheidspersele, per vrag van 6 m³ of gedeelte daarvan: R70,50.

(2) Verwydering en wegruiming van dooie diere:

(a) Perde, muile, bulle, koeie, osse en donkies, per karkas: R27,55.

(b) Kalwers, verse, vullens, skape, bokke en varke, per karkas: R13,85.

(c) Katte en honde, per karkas: R6,10.

(d) Indien enige van die dienste ingevolge subparagrawe (a) tot en met (c) aangevra en gelewer word op 'n Saterdag of Sondag, beloop die gelde dubbel die vasgestelde bedrag. Indien die karkas in ontbinde toestand is of so geleë is dat die oplaai daarvan vertraging veroorsaak, of die vervoer daarvan bykomende koste meebring, sal die tarief verdubbel word.

(3) Afval- en vullisbakke: kosprys plus 10 %.

2. Vuilwaterverwyderingsdiens:

(1) Die verwydering van vuilwater en rioolslyk uit opgaartenks:

(a) Vir die eerste 4,5 kℓ, per 500 ℓ of gedeelte daarvan: R2,65.

(b) Daarna, per 500 ℓ of gedeelte daarvan: R2,00.

(c) Minimum vordering, per maand, per woonhuis: R20,00.

(2) Vir die verwydering van vuilwater en diverse afvalwater, spesiale verwyderings, per 4,5 kℓ of gedeelte daarvan: R21,30.

Die Raad is nie verplig om hierdie diens te lewer nie.

3. Tydelike dienste:

(1) *Vir die voorsiening van verskuifbare latrines*, per week of gedeelte daarvan, elk: R12,00.

(2) Vir die voorsiening en lewering van vullisverwyderingsdienste by sirkusse en mallemeulens, moet sodanige sirkusse en mallemeulens benewens die vasgestelde gelde, 'n deposito van R120,00 ten opsigte van die dienste betaal alvorens enige sodanige diens gelewer word.

(3) Vir byeenkomste van watter aard ook al, skoue, mallemeulens en sirkussse, benewens die vorderings in subitem (2) bepaal, vir elke standaard vullisbak, per 24 uur: R2,00 met 'n minimum vordering van R8,00.

4. *Verhuur van massahouers:*

(1) Massahouers van 1,5 m³ per maand: R14,25.

(2) Massahouers van 6 m³ per maand: R31,90.

5. Vir die gebruik van die Raad se vullisstortingsterrein by ooreenkoms:

(1) Huis en ander vullis gepers in verhouding 3 tot 1 soos verkry deur die standaard vullisvoertuie soortgelyk aan die wat die Raad gebruik: R8,00 per m³.

(2) Ongepersde of los vullis en tuinvullis: R2,65 per m³.

(3) *Bedekkingsmateriaal (grond): Gratis.*

W J ERASMUS
Stadsklerk

Stadskantore
Posbus 16
Rustenburg
0300
6 September 1989
Kennisgewing No 71/1989

6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2593

TOWN COUNCIL OF SECUNDA

DETERMINATION OF CHARGES: FIRE BRIGADE SERVICES

Notice is hereby given in terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Secunda has by *Special Resolution determined the amended tariff* of charges for the Fire Brigade Services set out below:

Tariff of charges for the rendering of Fire Brigade Services:

1. Within the Council's Area of Jurisdiction:

When the fire brigade is called out, notwithstanding the circumstances: R100 plus R30 per 30 minutes or part thereof for the use of each fire engine.

2. Outside the Council's Area of Jurisdiction:

When the fire brigade is called out, notwithstanding the circumstances: R250 plus R120 per hour or part thereof for the use of each fire engine. In addition to the aforementioned charges, all actual expenses for water usage and all other actual expenses which must be incurred is payable.

3. Fire-extinguishing Materials Consumed:

(1) Foam per litre or part thereof: Replacement value, plus 15 %.

(2) Dry powder per litre or part thereof: Replacement value, plus 15 %.

4. Special Services:

(1) Attendance of fire brigade personnel at any meetings held for entertainment: R30.

(2) Covering of roof damaged by storms or lightning: R80.

(3) Opening of doors in case of emergency: R20.

(4) Removal of bees: R20.

(5) Pumping out of liquids or other substances: Per hour or part thereof: R50.

(6) Testing and refilling of fire-extinguishers: Per extinguisher: R20.

(7) Other sundry services: Per hour or part thereof: R40.

J F COERTZEN
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 2
Secunda
2302
6 September 1989
Notice No 74/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2593

STADSRAAD VAN SECUNDA

VASSTELLING VAN GELDE: BRANDWEERDIENSTE

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Secunda by Spesiale Besluit die gewysigde tarief van gelde vir die Brandweerdienste soos hieronder uiteengesit, vasgestel het:

Tarief van gelde vir die lewering van 'n Brandweerdiens:

1. Binne die Raad se Regsgebied:

Wanneer die brandweer ontbied word, ongeag die omstandighede: R100 plus R30 per 30 minute of gedeelte daarvan vir die gebruik van elke brandweervoertuig.

2. Buite die Raad se Regsgebied:

Wanneer die brandweer ontbied word, ongeag die omstandighede: R250 plus R120 vir elke uur of gedeelte daarvan vir die gebruik van elke brandweervoertuig. Benewens voormelde gelde, is alle werklike uitgawe verbonde aan waterverbruik en alle ander werklike uitgawes wat aangegaan moet word, ook betaalbaar.

3. Brandblusmiddels-gebruik:

(1) Skuim per liter of gedeelte daarvan: Vervangingskoste, plus 15 %.

(2) Droë poeier per liter of gedeelte daarvan: Vervangingskoste, plus 15 %.

4. Spesiale Dienste:

(1) Bywoning deur brandweerpersoneel van byeenkomste van vermaaklikheid of ontspanning: R30.

(2) Bedekking van dak beskadig deur storms of weerlig: R80.

(3) Oopmaak van deure in noodgevalle: R20.

(4) Verwydering van bye: R20.

(5) Uitpomp van vloeistof en ander stowwe: Per uur of gedeelte daarvan: R50.

(6) Toets en herlaai van brandblussers: Per brandblusser: R20.

(7) Ander diverse dienste: Per uur of gedeelte daarvan: R40.

J F COERTZEN
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 2
Secunda
2302
6 September 1989
Kennisgewing No 74/1989

6

LOCAL AUTHORITIES NOTICE 2594

TOWN COUNCIL OF SECUNDA

DETERMINATION OF CHARGES: LAPAS

Notice is hereby given in terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Secunda has by Special Resolution determined the amended tariff of charges for the lapas set out below:

Rentals for the use of the lapas and its facilities are as follows:

1. Deposit:

A refundable deposit of R100 is payable in every case.

2. Rental:

(i) Willow Lapa 1

08h00-15h00: R30

16h00-07h00: R80

(ii) Poplar Lapa 2

08h00-15h00: R30

16h00-07h00: R80

J F COERTZEN
Town Clerk

Municipal Offices
Secunda
2302
6 September 1989
Notice No 74/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2594

STADSRAAD VAN SECUNDA

VASSTELLING VAN GELDE: LAPAS

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Secunda by Spesiale Besluit die gewysigde tarief van gelde vir die lapa's soos hieronder uiteengesit, vasgestel het:

Huurgelde vir die gebruik van die lapa's en sy gereiwe is soos volg:

1. Deposito:

'n Terugbetaalbare deposito van R100 is in alle gevalle betaalbaar.

2. Huurgeld:

(i) Wilge Lapa 1

08h00-15h00: R30

16h00-07h00: R80

(ii) Populier Lapa 2

08h00-15h00: R30

16h00-07h00: R80

J F COERTZEN
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Secunda
2302
6 September 1989
Kennisgewing No 74/1989

6

LOCAL AUTHORITIES NOTICE 2595

TOWN COUNCIL OF SECUNDA

DETERMINATION OF CHARGES: CLEANING SERVICES TARIFFS

Notice is hereby given in terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), as amended, that the Town Council of Secunda has by Special Resolution determined the charges set out in the Schedule hereto with effect from 1 July 1989.

SCHEDULE

Tariff of charges for the rendering of cleansing services.

1. Refuse:

(a) from residential, flats and church premises: once per week, per month or part thereof: R9,00;

(b) from business, industrial and school premises: in the case of bulk removals, in units 0,1 m^3 or portion thereof;

(i) once a week, per month or part thereof: R9,00;

((ii) three times per week, per month or part thereof: R12,00; and

(iii) daily, excluding Saturdays and Sundays per month or part thereof: R18,00.

(2) For removal of bulky garden and other bulky refuse: per m^3 or part thereof: At cost plus 15 %.

(3) For removal of car wrecks: per wreck or part thereof: At cost plus 15 %.

(4) For removal of compressed refuse: where garbage or refuse is pressed into bales by means of any device, double the normal tariff shall be payable.

2. Removal of dead animals:

At cost plus 15 %.

3. Clearning premises of long grass, weed, shrubs and accumulation of refuse:

For clearning premises of long grass, weed, shrubs and accumulation of refuse: At cost, plus 15 %.

4. Rendering of cleansing services outside the Council's area of jurisdiction:

For rendering of cleansing services outside the Council's area of jurisdiction: At cost, plus 15 %.

J F COERTZEN
Town Clerk

Municipal Offices
Secunda
2302
6 September 1989
Notice No 74/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2595

STADSRAAD VAN SECUNDA

VASSTELLING VAN GELDE: REINIGINGSDIENSTE-TARIEWE

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), soos gewysig, dat die Stadsraad van Secunda by Spesiale Besluit die tariewe soos in onderstaande Bylae uiteengesit met ingang van 1 Julie 1989 vasgestel het.

BYLAE

Tarief vir die lewering van reinigingsdienste

1. Vir verwydering van afval:

(a) vanaf woon-, woonstel- en kerkpersele: een maal per week, per maand of gedeelte daarvan: R9,00;

(b) vanaf besigheids-, nywerheids- en skoolpersele, in die geval van massaverwyderings, in eenhede van 0,1 m^3 of 'n gedeelte daarvan:

(i) een maal per week, per maand of gedeelte daarvan: R9,00;

(ii) drie maal per week, per maand of gedeelte daarvan: R12,00; en

(iii) daagliks, Saterdae en Sondae uitgesluit, per maand of gedeelte daarvan: R18,00.

(2) Vir verwydering van lywige tuin- en ander lywige afval: per m^3 of gedeelte daarvan: Teen koste plus 15 %.

(3) Vir verwydering van motorwrakke: per wrak of gedeelte daarvan: Teen koste plus 15 %.

(4) Vir verwydering van saamgeperste vullis: waar vullis of afval deur middel van enige toestel in bale saamgepers word, is dubbel die normale tarief betaalbaar.

2. Verwydering van dooie diere:

Teen koste plus 15 %.

3. Skoonmaak van persele van lang gras, onkruid, struikgewasse en ophoping van vullis:

Vir die skoonmaak van persele van lang gras, onkruid, struikgewasse en ophopings van vullis: Teen koste plus 15 %.

4. Lewering van reinigingsdienste buite die regsgebied van die Raad:

Vir die lewering van reinigingsdienste buite die regsgebied van die Raad: Teen koste plus 15 %.

J F COERTZEN
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Secunda
2302
6 September 1989
Kennisgewing No 74/1989

6

LOCAL AUTHORITIES NOTICE 2596

THE TOWN COUNCIL OF SECUNDA

DETERMINATION OF CHARGES: USE OF CARAVAN PARK

Notice is hereby given in terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Secunda has by Special Resolution determined the amended tariff of charges for the Caravan Park set out below:

1. Deposit:

A key deposit of R30,00 is payable in respect of keys for admission gates and ablution blocks.

2. Site fees:

A tariff of R10,00 per site per day is applicable.

J F COERTZEN
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 2
Secunda
2302
6 September 1989
Notice No 74/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2596

STADSRAAD VAN SECUNDA

VASSTELLING VAN GELDE: KARAVAANPARK

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Secunda by Spesiale Besluit die gewysigde tarief van gelde vir die Karavaanpark soos hieronder uiteengesit, vasgestel het:

1. Deposito:

'n Sleuteldeposito van R30,00 ten opsigte van sleutels vir toegangshekke en ablusieblokke is betaalbaar.

2. Staanplekgelde:

'n Tarief van R10,00 per staanplek per dag is van toepassing.

J F COERTZEN
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 2
Secunda
2302
6 September 1989
Kennisgewing No 74/1989

6

LOCAL AUTHORITIES NOTICE 2597

THE TOWN COUNCIL OF SECUNDA

DETERMINATION OF CHARGES: USE OF SHOW GROUNDS

Notice is hereby given in terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Secunda has by Special Resolution determined the amended tariff of charges for the show grounds set out below:

TARIFF OF CHARGES

1. Deposit:

A refundable deposit of R100 is payable in every case.

2. Rental:

(i) Large commercial users (circuses, pleasure parks, mass auctions and others as determined by the Council or its delegate): R125,00 per 24 hours or part thereof.

(ii) All other users: R60,00 per 24 hours or part thereof.

(iii) Use for school activities, religious meetings and activities of registered welfare organizations: No charge.

(iv) Teksa Show Committee — as negotiated from time to time by special agreement.

3. Mast Lighting:

In every case — a minimum of R30,00 per evening or the tariff per hour as determined from time to time by the Electrotechnical Town Engineer, according to the degree of lighting whichever is the most.

4. Large-scale Services:

Is available on request at a connection cost as determined by the Electrotechnical Town Engineer and the tariffs which are at that stage valid for supply.

5. Showhall (Bloekom and Showhall):

Time periods for rental:

07h45 — 15h45: R40

15h45 — 06h45: R60

J C COERTZEN
Town Clerk

Municipal Offices
Secunda
2302
6 September 1989
Notice No 74/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2597

DIE STADSRAAD VAN SECUNDA

VASSTELLING VAN GELDE: GEBRUIK VAN SKOUTERREIN

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestur, 1939, dat die Stadsraad van Secunda by Spesiale Besluit die gewysigde tarief van gelde vir die skouterrein soos hieronder uiteengesit, vasgestel het:

TARIEF VAN GELDE

1. Deposito:

'n Terugbetaalbare deposito van R100,00 is in alle gevalle betaalbaar.

2. Huurgeld:

(i) Groot kommersiële gebruikers (sirkusse, pretparke, massaveilings en ander soos deur die Raad of sy gedelegeerde bepaal): R125,00 per 24 uur of gedeelte daarvan.

(ii) Alle ander gebruikers R60,00 per 24 uur of gedeelte daarvan.

(iii) Gebruik vir skoolaktiwiteite, godsdienstige byeenkomste en aktiwiteite van geregistreerde welsynorganisasies: Gratis.

(iv) Teksa-skoukomitee — soos van tyd tot tyd beding by spesiale ooreenkoms.

3. Masbeligting:

In alle gevalle — 'n minimum van R30,00 per aand of die tarief per uur soos van tyd tot tyd bepaal deur die Elektrotegniese Stadsingenieur ooreenkomstig die graad van beligting wat ook al die meeste is.

4. Grootmaatdienste:

Is op aansoek beskikbaar teen aansluitingskoste soos bepaal deur die elektrotegniese Stadsingenieur en die dan geldende tariewe vir voorsiening.

5. Skousale (Bloekom- en Skousaal):

Tydperke van huur:

07h45 — 15h45: R40

15h45 — 06h45: R60

J F COERTZEN
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Secunda
2302
6 September 1989
Kennisgewing No 74/1989

6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2598

TOWN COUNCIL OF SECUNDA

DETERMINATION OF RENTALS: SPORT STADIUM

Notice is hereby given in terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Secunda has by Special Resolution determined the amended tariff of charges for the sport stadium set out below:

Rentals for the use of the sport stadium and facilities are as follows:

(i) 25 % of gate takings which does not exceed R500 plus 20 % of gate takings above R500 which does not exceed R1 000, plus 15 % of gate takings above R1 000 which does not exceed R3 000, plus 10 % of gate takings above R3 000. Provided that a minimum of R150 is payable in any event;

(ii) a unit cost per hour for the use of floodlighting as follows:

40 % lighting at R20,00 per hour; 70 % lighting at R35,00 per hour; 100 % lighting at R50,00 per hour;

(iii) sale rooms at R100 per room per meeting;

(iv) reception hall for meetings in connection with sport at R10,00 per occasion, and

(v) all available sport equipment shall be supplied free of charge provided that if the electronic timing equipment is used, the lessee will be liable for additional costs for the use of film, developer and toner.

J F COERTZEN
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 2
Secunda
2302
6 September 1989
Notice No 74/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2598

STADSRAAD VAN SECUNDA

VASSTELLING VAN SPORTSTADIONHUURGELDE

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Secunda by Spesiale Besluit die gewysigde tarief van gelde vir die sportstadion soos hieronder uiteengesit, vasgestel het:

Huurgelde vir die gebruik van die sportstadion en sy geriewe is soos volg:

(i) 25 % van hekinkomste wat nie R500 oorskry nie, plus 20 % van hekinkomste bo R500 wat nie 'n R1 000 oorskry nie, plus 15 % van hekinkomste bo R1 000 wat nie R3 000 oorskry nie plus 10 % van hekinkomste bo R3 000. Met dien verstande dat 'n minimum van R150 in alle gevalle betaalbaar is;

(ii) 'n eenheidskoste per uur vir die gebruik van masbeligting soos volg:

40 % beligting teen R20,00 per uur; 70 % beligting teen R35,00 per uur; 100 % beligting teen R50,00 per uur;

(iii) verkooplokale teen R100 per lokaal per byeenkoms;

(iv) onthaallokaal vir vergaderings vir sportdoeleindes teen R10,00 per geleentheid, en

(v) alle beskikbare sporttoerusting word kosteloos voorsien, maar indien die elektroniese tydtoerusting gebruik word, is die huurder aanspreeklik vir addisionele koste vir gebruik van film, ontwikkelaar en fikseerder teen aankoopkoste.

J F COERTZEN
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 2
Secunda
2302
6 September 1989
Kennisgewing No 74/1989

6

LOCAL AUTHORITIES NOTICE 2599

TOWN COUNCIL OF SECUNDA

DETERMINATION OF CHARGES: TRICHARDTSFONTEINDAM

Notice is hereby given in terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Secunda has by Special Resolution determined the amended tariff of charges for the Trichardsfontein Dam set out below:

Entrance Fees:

1. Day Visitors:

Tariffs applicable to day visitors are as follows:

1.1 R6,00 per motor vehicle per day.

1.2 R3,00 per caravan per day.

1.3 R1,00 per person per day (excluding visitors in motor vehicles).

1.4 R1,00 per scholar.

1.5 R2,00 per craft (engine-driven boats included) per occasion is levied on behalf of the yacht club.

2. Year permits:

2.1 Tariffs:

Year permits are issued at a fee of R35,00 per permit to residents of Secunda and Trichardt and all registered members of the yacht club and fishing club only. Year permits are also available to bona fide pensioners residing in Secunda and Trichardt at R5,00 per permit.

2.2 General:

Year permits are valid from 1 October of a year to 30 September of the following year. From 1 April of a year, permits are issued at half the prescribed fee in terms of 2.1 above in respect of the remaining validity period.

J F COERTZEN
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 2
Secunda
2302
6 September 1989
Notice No 74/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2599

STADSRAAD VAN SECUNDA

VASSTELLING VAN GELDE: TRICHARDTSFONTEINDAM

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnaise op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Secunda by Spesiale Besluit die gewysigde tarief van gelde vir Trichardtsfonteindam soos hieronder uiteengesit, vasgestel het:

Toegangsgelde:

1. Dagbesoekers:

Tariewe van toepassing op dagbesoekers is soos volg:

1.1 R6,00 per motorvoertuig per dag.

1.2 R3,00 per karavaan per dag.

1.3 R1,00 per persoon per dag (uitgesonderd besoekers in motors).

1.4 R1,00 per skolier.

1.5 R2,00 per vaartuig (enjin-aangedrewe bote uitgesonder) per geleentheid word ten behoewe van die seiljagklub gevorder.

2. Jaarpermitte:

2.1 Tariewe:

(9) By besigheids-, woonstel- en enige ander persele wat die Raad mag bepaal, moet voorsiening gemaak word vir 'n onderdak vullisarea, omsluit deur 'n ondeursigtige muur, toegerus met ondeursigtige staalhekke. Die vloer moet van sementbeton wees en moet skuins afloop met 'n helling sodat alle vloeistowwe doeltreffend daarvandaan kan afloop na 'n rioolput wat met die Raad se rioolstelsel gekoppel is. Die vullisarea moet toegerus wees met 'n tapkraan om gereelde skoonmaak van die area moontlik te maak. Geen stormwater mag in die rioolput versamel nie.

6.(1) Die bewoner van die perseel, of indien die perseel deur meer as een bewoner bewoon word, die eienaar van sodanige perseel, moet toesien dat —

(a) alle huis- of besigheidsafval wat op die perseel ontstaan, in vuilgoedblikvoerings geplaas en gehou word vir verwydering deur die Raad: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie subartikel nie verhoed nie dat 'n bewoner of eienaar —

(i) wat vooraf die Raad se skriftelike toestemming verkry het, draf, riffelkarton, papier, glas of ander afvalmateriaal, verkoop of vervreem sodat dit deur 'n vervaardigingsproses herwin kan word of, in die geval van draf, vir verbruiksdoeleindes gebruik kan word; en

(ii) van die huisafval wat vir komposdoeleindes geskik is, gebruik maak nie, mits die afval op die perseel bly en geen oorlas tot gevolg het nie;

(b) geen warm as, glasskerwe of ander besigheids- of huisafval wat die vuilgoedblikvoering of houers kan beskadig of die Raad se werknemers kan beseer terwyl hulle hul pligte ingevolge hierdie verordeninge nakom, in die vuilgoedblikvoerings of houers geplaas word voordat hy die nodige voorsorg getref het om sodanige skade of beserings te voorkom nie;

(c) geen materiaal, insluitende vloeistof, wat weens die masse of ander eienskappe daarvan, dit waarskynlik vir die Raad se werknemers te moeilik kan maak om die vuilgoedblikvoering te hanteer of te dra, in sodanige voerings geplaas word nie;

(d) elke houer op die perseel wat met 'n deksel voorsien is, toe is, behalwe wanneer afval daarin geplaas of daaruit verwyder word, en dat elke houer skoon en higiënies gehou word.

(2) Geen houer mag vir 'n ander doel as die doel waarvoor dit voorsien is, gebruik word nie en geen vuur mag daarin gemaak word nie.

(3) Die Raad verwyder vuilgoedblikvoerings met afval slegs indien dit op die voorgeskrewe plekke, soos in artikel 5 bepaal, geplaas is met sodanige tussenpose as wat hy nodig ag.

(4) Die Raad aanvaar geen aanspreeklikheid vir die verlies van, of skade aan 'n houer of vuilgoedblikvoering nie.

TUINAFVAL

Verwydering en Wegdoen van Tuinafval

7.(1) Die bewoner, of indien die perseel deur meer as een bewoner bewoon word, die eienaar van 'n perseel waarop tuinafval ontstaan, moet toesien dat sodanige afval, binne 'n redelike tydperk nadat dit ontstaan het, mee weggedoen word: Met dien verstande dat tuinafval op die perseel vir die maak van kompos gehou kan word indien dit nie 'n oorlas sal veroorsaak nie.

(2) Behoudens die bepalings van artikel 2(2), kan enige iemand tuinafval verwyder en daarmee wegdoen.

(3) Tuinafval moet, nadat dit van die perseel af waarop dit ontstaan het, verwyder is, gestort word op 'n terrein wat die Raad as 'n stortingsterrein vir sodanige tuinafval aangewys het.

Die Raad se Spesiale Dienste

8.(1) Behoudens die bepalings van artikel 7, kan die Raad goedkeur dat sekere tuinafval in vuilgoedblikvoerings geplaas en gehou word in welke geval die bepalings van artikel 5 mutatis mutandis van toepassing is en tesame met huishoudelike vullis mee gehandel word.

(2) Enige ander tuinvullis word as lywige afval beskou.

BOUERSAFVAL

Aanspreeklikheid vir Bouersafval

9.(1) Die eienaar van die perseel waarop bouersafval ontstaan en die persoon wat betrokke is by die bedrywighede wat sodanige afval laat ontstaan; moet toesien dat —

(a) dié afval ingevolge artikel 12 mee weggedoen word binne 'n redelike tydperk nadat dit ontstaan het;

(b) tot tyd en wyl die bouersafval weggedoen is ingevolge artikel 12 en onderworpe aan die bepalings van Artikel 10, moet sodanige afval, asook die houers waarin dit gehou en verwyder word, op die perseel waar dit onstaan het, gehou word.

(2) Enigiemand kan 'n diens vir die verwydering van bouersafval lewer. Indien die Raad so 'n diens lewer, geskied dit teen die voorgeskrewe gelde: Met dien verstande dat die Raad dit met sy afvalverwyderingstoerusting kan doen.

(3) Geen bouersafval mag op sypaadjies, oop ruimtes en openbare plekke gestort word nie.

Houers

10.(1) Indien 'n houer of vergaarbak wat gebruik word vir die verwydering van bouersafval vanaf persele, nie op die perseel gehou kan word nie, kan die houer of vergaarbak met die Raad se skriftelike toestemming vir die duur van die toestemming langs die straat gehou word.

(2) Toestemming wat ingevolge subartikel (1) verleen word, is onderworpe aan die voorwaardes wat die Raad nodig mag ag: Met dien verstande dat, as die Raad sy toestemming verleen of weier of voorwaardes stel, die openbare veiligheid en gerief in ag geneem moet word.

(3) Die Raad se skriftelike toestemming waarna in subartikel (1) verwys word, word slegs verleen teen betaling van die voorgeskrewe tarief vir die geldigheidsduur van die toestemming.

11. Elke houer of vergaarbak wat vir die verwydering van bouersafval gebruik word, moet —

(a) duidelik gemerk wees met die naam en adres of telefoonnommer van die persoon in beheer van die houer of vergaarbak;

(b) toegerus wees met kaatschevrons en kaatsers wat die hele voor- en agterkant daarvan duidelik omlyn;

(c) te ale tye toegemaak wees, sodat daar geen verplasing van die inhoud of stof kan ontstaan nie, behalwe wanneer dit werklik met afval gevul of leeggemaak word.

Wegdoen van Bouersafval

12.(1) Alle bouersafval moet, onderworpe aan die bepalings van subartikel (2), op die Raad se afvalstortterreine gestort word.

(2) Bouersafval uitgesonderd blikke, papier, plastiek en afvalmetaal, kan vir grondherwinningsdoeleindes met die Raad se skriftelike toestemming op 'n ander plek as die Raad se afvalstortterreine gestort word.

(3) Toestemming wat ingevolge subartikel (2) verleen word, is onderworpe aan die voorwaardes wat die Raad nodig mag ag: Met dien verstande dat die Raad die volgende in ag neem wanneer hy sy vergunning verleen of weier of wanneer hy voorwaardes stel:

(a) Openbare veiligheid.

(b) Die omgewing van die beoogde stortterrein.

(c) Die geskiktheid van die gebied met inbegrip van die dreinering daarvan.

(d) Die verwagte tye en wyse waarop afval op die terrein gestort word.

(e) Die gelykmaking van die terrein.

(f) Stofbeheer.

(g) Ander verwante faktore.

Lywige Afval

Verwydering en Wegdoen van Lywige Afval

13.(1) Die bewoner, of indien die perseel deur meer as een bewoner bewoon word, die eienaar, van 'n perseel waarop lywige afval ontstaan, moet toesien dat die afval ingevolge hierdie hoofstuk mee weggedoen word binne 'n redelike tydperk nadat dit ontstaan het.

(2) Enigiemand kan lywige afval verwyder en daarmee wegdoen.

(3) Lywige afval moet, nadat dit van die perseel waarop die ontstaan het, verwyder is, gestort word op 'n terrein wat die Raad daarvoor aangewys het.

Die Raad se Spesiale Diens

14. Die Raad verwyder die lywige afval van 'n perseel af teen die voorgeskrewe tarief, mits hy dit met sy afvalverwyderingsuitrusting kan doen, op versoek van 'n eienaar of 'n bewoner van 'n perseel.

Aanstootlike Afval

Kennisgewing van die Ontstaan van Aanstootlike Afval

15.(1) Die eienaar of bewoner van 'n perseel waarop aanstootlike afval ontstaan, moet die Raad verwittig aangaande die samestelling daarvan, die hoeveelheid daarvan, hoe dit opgeberg word en hoe en wanneer dit verwyder sal word.

(2) Die kennisgewing waarna daar in subsartikel (1) verwys word, moet, as die Raad dit vereis, gestaaf word deur 'n ontleding wat deur 'n gekwalifiseerde bedryfskeikundige of 'n persoon deur die Raad aangewys, gewaarmerk is.

(3) Die Raad of iemand wat deur die Raad daartoe gemagtig is, kan onderworpe aan die bepalings van artikel 72 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, 'n perseel te enige redelike tyd betree ten einde vas te stel of aanstootlike afval op so 'n perseel ontstaan het, om monsters te neem en om afval wat op die perseel gevind word, te toets om die samestelling daarvan te bepaal.

(4) Die eienaar of bewoner van 'n perseel waarop aanstootlike afval ontstaan, moet die Raad verwittig van enige verandering in die samestelling en die hoeveelheid aanstootlike afval wat daarna mag ontstaan.

Opberging van Aanstootlike Afval

17.(1) Niemand mag, sonder die skriftelike toestemming van die Raad of op 'n wyse anders as deur die Raad bepaal, aanstootlike afval van die perseel waarop dit ontstaan het, verwyder of wegdoen nie.

(2) Die Raad kan ingevolge subartikel (1) toestemming verleen onderworpe aan voorwaardes wat hy nodig mag ag: Met dien verstande dat wanneer die Raad voorwaardes stel, die volgende in ag geneem word:

(a) Die samestelling van die aanstootlike afval.

(b) Die geskiktheid van die voertuig en die houer wat gebruik sal word.

(c) Die plek waar die afval gestort gaan word.

(d) Bewys aan die Raad van sodanige storting.

(3) Tensy die Raad daarvan oortuig is dat die persoon wat om toestemming aansoek doen, bevoeg is om die aanstootlike afval te verwyder, oor die toerusting wat vir die verwydering van die aanstootlike afval nodig is, beskik, en aan die voorwaardes van die Raad kan voldoen, verleen die Raad nie toestemming ingevolge subartikel (1) nie.

(4) Die persoon waarna daar in artikel 15(1) verwys word, moet die Raad so dikwels as wat die Raad kan bepaal, met inagnemeing van die inligting wat ingevolge artikel 15(1) aan die Raad verstrek moet word, inlig in verband met die verwydering van aanstootlike afval, die identiteit van die verwyderaar, die verwyderingsdatum, die hoeveelheid en die samestelling van die aanstootlike afval wat verwyder word.

(5) By oortreding van hierdie artikel, is artikel 21(3) mutatis mutandis van toepassing.

SLANGPARK AFVAL

Verwydering en Wegdoen van Slangpark Afval

18.(1) Die eienaar van die Slangpark is self verantwoordelik vir die verwydering van Slangpark afval op 'n daaglikse basis tot voldoening van die Hoof: Gesondheidsdienste.

(2) Die Slangpark afval moet onmiddellik nadat dit verwyder is, van die perseel waarop dit ontstaan het, gestort word op die terrein en in die slote spesifiek daarvoor deur die Raad voorsien.

(3) Die eienaar van die Slangpark kan as alternatief vir die bepalings van subartikel (2), 'n goedgekeurde verbrandingsapparaat, onderhewig aan die voorwaardes deur die Raad gestel, bedryf met die oog op die wegdoen van die Slangpark afval.

(4) Die eienaar van die Slangpark is self verantwoordelik vir die toegooi van slote na elke storting tot voldoening van die Hoof: Gesondheidsdienste.

Opberging van Slangpark Afval

19.(1) Slangpark afval moet, voordat dit verwyder word, deeglik met gebluste kalk behandel en in duursame sakke tot voldoening van die Hoof Ingenieursdienste geplaas word.

(2) Geen slangpark afval mag langer as 24 uur op die perseel waar dit ontstaan het, vertoef nie.

Voorsiening van Slote

20.(1) Die Raad sal verantwoordelik wees vir die deurlopende voorsiening van afkeerslote waarin die Slangpark afval gestort en wat met 'n grondlaag van minstens 500 mm bedek moet word.

(2) Die eienaar is aanspreeklik vir die koste van die slote soos uiteengesit in die tarief.

STORTTERREINE

Prosedure by Stortterreine

(a) die stortterrein slegs by die gemagtigde ingang binnegaan;

(b) die afval aanbied op die wyse wat die Raad vereis, sodat die masse gemeet kan word indien die Raad dit vereis;

(c) al die besonderhede wat die Raad betreffende die samestelling van die afval vereis, verstrek;

(d) alle opdragte van die Raad in verband met toegang tot die werklike stortplek, die plek waar en die manier waarop die afval gestort moet word, nakom;

(e) die voorgeskrewe gelde betaal ten opsigte van die afval wat gestort is op die wyse soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.

(2) Niemand mag sterk drank na 'n stortterrein wat onder toesig van die Raad staan, bring nie.

(3) Niemand mag 'n stortterrein waaroor die Raad beheer uitoefen, binnegaan nie, behalwe met die doel om afval ingevolge hierdie verordeninge te stort en dan slegs op die tye wat die Raad van tyd tot tyd bepaal.

Eiendomsreg op Afval

22.(1) Alle afval en vuilgoedblikvoerings wat die Raad verwyder het en alle afval op afvalstortterreine waaroor die Raad beheer uit-

oefen, is die eiendom van die Raad en niemand wat nie behoorlik deur die Raad daartoe gemagtig is nie, mag dit verwyder of hom daarmee bemoei nie.

(2) Slegs afval afkomstig van persele wat binne die munisipaliteit geleë is, mag op die Raad se stortingsterreine gestort word.

ROMMELSTROOIERY, STORTING EN VERWANTE AANGELEENTHEDE

Rommelstrooiery

23.(1) Niemand mag —

(a) afval in of op 'n openbare plek, leë standplaas, leë erf, stroom of waterloop gooi, laat val, stort of mors nie;

(b) afval in 'n straatvoor of 'n openbare plek invee nie;

(c) iemand oor wie hy beheer uitoefen, toelaat om enigiets waarna daar in paragrawe (a) en (b) verwys word, te doen nie.

(2) Vir die toepassing van hierdie artikel word dit geag dat iemand die dade waarna daar in subartikel (1) verwys word, deur diegene waaroor hy beheer uitoefen, toegelaat het, tensy die teendeel bewys word.

Storting

24.(1) Behoudens enige andersluidende bepalings in hierdie Verordeninge vervat mag niemand enigiets op 'n plek laat of toelaat dat enigiets waaroor hy beheer voer, gelaat word op 'n plek waarheen dit gebring is met die doel om dit daar te laat nie.

(2) Indien iemand iets gelaat het, of veroorsaak het dat dit gelaat word op 'n plek waarvan hy nie die eienaar of bewoner is nie, word dit geag dat hy die bepalings van subartikel (1) oortree het, tensy en tot dat die teendeel bewys is.

(3) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R300 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande, of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

Goed wat Laat Vaar is

25. Enigiets, behalwe 'n voertuig wat ingevolge artikel 131 van die Ordonnansie op Padverkeer, 1966, soos gewysig, as laat vaar beskou word, wat met inagneming van faktore soos die plek waar dit gevind is, die tydperk wat dit op so 'n plek gelaat is en die aard en toestand daarvan redelikerwys deur die Raad as laat vaar beskou word, kan na goeddunke deur die Raad verwyder en mee weggedoen word.

Aanspreeklikheid van Verantwoordelike Persoon

26.(1) As die Raad enigiets ingevolge artikel 25 verwyder en daarmee weggedoen het, is die verantwoordelike persoon teenoor die Raad aanspreeklik vir die betaling van die voorgeskrewe tarief ten opsigte van sodanige verwydering en wegdoening.

(2) Vir die toepassing van subartikel (1), is die verantwoordelike persoon —

(a) die eienaar van die goed, en dit sluit iemand in wat daarop geregtig is om dit kragtens 'n huurooreenkoms of 'n huurkontrak in sy besit te hê toe dit laat vaar is of op die plek geplaas is waarvandaan dit verwyder is; tensy hy kan bewys dat hy nie daarby betrokke was nie en nie geweet het dat dit laat vaar of daar geplaas is nie; of

(b) iemand wat dit op die plek waarvandaan dit verwyder is, gelaat het; of

(c) iemand wat wetend toegelaat het dat dit op die plek waarvan dit verwyder is, gelaat is.

ALGEMENE BEPALINGS

Toegang tot 'n Perseel

27.(1) Waar die Raad 'n afvalverwyderingsdiens lewer, moet die eienaar of bewoner van 'n perseel aan die Raad toegang verleen en verseker dat niks die Raad in die lewering van sodanige diens dwarsboom, fnuik of hinder nie.

(2) Waar, na die mening van die Raad, die lewering van 'n afvalverwyderingsdiens aan 'n perseel skade aan enige eiendom of besering aan enige persoon kan veroorsaak, kan die Raad, as 'n voorwaarde vir die lewering van sodanige diens, vereis dat die eienaar of bewoner van sodanige perseel die Raad skriftelik vrywaar ten opsigte van sodanige skade of besering of enige eise wat daaruit mag voortspruit.

Hoe Dikwels Verwydering Geskied en Aard van Afval

28. Ondanks enige andersluidende bepaling, bepaal die Raad hoe dikwels verwydering moet geskied en wat die aard van enige afval is.

Ophoping van Afval

29. Waar enige afval op 'n perseel ophoop sodat dit verwyder moet word, kan die Raad sodanige afval verwyder en is die eienaar of bewoner van sodanige perseel teenoor die Raad aanspreeklik vir die betaling van die voorgeskrewe tarief vir sodanige verwydering en wegdoening.

Aansoek om die Lewering of Staking van 'n Diens

30.(1) 'n Aansoek om die lewering of staking van 'n diens wat ingevogle hierdie verordeninge gelewer word, moet deur die eienaar of bewoner van 'n perseel of hul gevolgmagtigde skriftelik of op enige ander wyse soos deur die Raad bepaal, gedoen word.

(2) Ondanks die bepalings van subartikel (1) word 'n diens ten opsigte van die verwydering van huis- of besigheidsafval nie gestaak nie, alvorens 'n skriftelike kennisgewing van die eienaar van 'n perseel deur die Raad ontvang is, dat sodanige afval nie meer op die perseel ontstaan nie.

Gelde

31.(1) Die persoon aan wie die Raad 'n diens ingevolge hierdie verodeninge gelewer het, is behoudens andersluidende bepalings van hierdie verordeninge, teenoor die Raad aanspreeklik vir die betaling van die voorgeskrewe tarief vir sodanige diens.

(2) Die maandelikse tarief is betaalbaar totdat die Raad die kennisgewing wat in artikel 30 genoem word, ontvang het of totdat die Raad van mening is dat daar nie meer huis- of besigheidsafval op die perseel ontstaan nie.

(3) Vir die doeleindes van die berekening van die maandelikse tarief betaalbaar, beteken "maand" 'n kalendermaand: Met dien verstande dat 'n gedeelte van 'n maand as 'n volle maand beskou word.

(4) Die Raad kan te eniger tyd die voorgeskrewe tarief ten opsigte van 'n diens wat aan enige perseel gelewer word, hef, alhoewel daar geen aansoek van die eienaar of bewoner van sodanige perseel vir die lewering van die diens, deur die Raad ontvang is nie.

(5) Iemand wat versuim om die voorgeskrewe tarief wat gehef is ten opsigte van dienste wat deur die Raad gelewer is, te betaal, begaan 'n misdryf.

Oortredings en Strafbepalings

32.(1) Iemand wat 'n bepaling van hierdie verordeninge oortree of versuim om daaraan te voldoen, begaan 'n misdryf en is, behoudens die bepalings van artikel 24(3) by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R200 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 6 maande of met beide sodanige boete en gevangenisstraf.

(2) Iemand wat voortgaan om 'n bepaling van hierdie verordeninge te oortree of te versuim om daaraan te voldoen, word geag ten aansien van elke tydperk van 24 uur of 'n gedeelte daarvan, wat die oortreding voortduur, 'n afsonderlike misdryf te begaan het en is by skuldigbevinding vir elke afsonderlike misdryf strafbaar soos omskryf in subartikel (1).

Herroeping van Verordeninge

33. Die volgende verordeninge wat ingevolge Proklamasie (Administrateurs's) 39 van 1 Julie 1986, gelees met artikel 159*bis*(1)(c) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge van die Stadsraad van Hartbeespoort geword het, soos gewysig, word hierby herroep:

(a) Die Verordeninge Betreffende Vullisverwyderingsdienste, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1101 van 5 Junie 1985.

(b) Die Sanitêre Gemakke en Nagvuil- en Suigtenkverwyderingsverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1102 van 5 Junie 1985.

P G PRETORIUS
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 976
Hartbeespoort
0216
6 September 1989
Kennisgewing No 15/1989

6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2630

TOWN COUNCIL OF LYDENBURG

DETERMINATION OF CHARGES IN THE GUSTAV KLINGBIEL NATURE RESERVE

It is hereby notified in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939 that it is the intention of the Town Council of Lydenburg to determine charges for the use of the overnight hut and the use of the shed in the Gustav Klingbiel Nature Reserve.

The general purport of this determination is to levy charges for the use of the overnight hut on the trail and for the use of the shed at the picnic spot in the Gustav Klingbiel Nature Reserve and will be effective as from 1 August 1989.

Copies of the proposed determination of charges are open for inspection at the office of the town Clerk for a period of fourteen (14) days from the date of publication hereof in the Provincial Gazette.

Any person who wishes to object to the proposed determination of charges must lodge his objection in writing with the undersigned within 14 days of publication hereof in the Provincial Gazette.

H R UYS
Town Clerk

PO Box 61
Lydenburg
6 September 1989
Notice No 38/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2630

STADSRAAD VAN LYDENBURG

VASSTELLING VAN TARIEWE IN DIE GUSTAV KLINGBIEL NATUURRESERVAAT

Daar word hierby ingevolge die bepalings van artikel 80B van die Ordonnansie op Plaasike Bestuur, 1939 bekend gemaak dat die Stadsraad van Lydenburg van voorneme is om tariewe vir die gebruik van die oornaghut en die gebruik van die afdak in die Gustav Klingbiel Natuurreservaat, vas te stel.

Die algemene strekking van hierdie vasstelling is om tariewe vir die gebruik van die oornaghut langs die voetslaanpad en vir die gebruik van die afdak by die piekniekterrein in die Gustav Klingbiel Natuurreservaat neer te lê met datum van inwerkingtreding 1 Augustus 1989.

Afskrifte van die voorgestelde tariewe lê ter insae by die kantoor van die Stadsklerk vir 'n

tydperk van veertien (14) dae vanaf publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant.

Engie persoon wat beswaar teen die voorgestelde tariewe wens aan te teken moet dit skriftelik binne 14 dae na datum van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant by die ondergetekende doen.

H R UYS
Stadsklerk

Posbus 61
Lydenburg
1120
6 September 1989
Kennisgewing No 39/1989

6

LOCAL AUTHORITIES NOTICE 2631

TOWN COUNCIL OF LYDENBURG

NOTICE OF GENERAL RATE OR RATES AND OF FIXED DAY FOR PAYMENT IN RESPECT OF FINANCIAL YEAR 1 JULY 1989 TO 30 JUNE 1990

(Regulation 17)

Notice is hereby given in terms of section 26(2)(a) or (b) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), the following general rates has been levied in respect of the above-mentioned financial year on rateable property recorded in the valuation roll —

1(a) on the site value of any land or on the site value of a right in any land: 8,5 cent in the Rand.

(i) In terms of section 21(4) of the said Ordinance, a rebate on the general rate levied on the site value of any land or on the site value of a right in any land referred to in paragraph (a) above, of 30 per cent is granted in respect of such rateable properties which are zoned as Residential I and Educational purposes in terms of the Council's Town-planning Scheme.

(ii) Properties which are zoned for other uses than mentioned in 1(a)(i) on which a single dwelling-unit has been erected and which is occupied as such, a rebate of 30% is granted.

2. In terms of section 32(1)(b) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977, the following rebates is granted to the undermentioned category owners:

(a) Elderly people with an income up to R6 000,00 per year: A rebate of 40 percent on the balance after the rebate in terms of section 21(4) has been deducted from the amount of rates payable.

(b) Elderly people with an income up to R8 000,00 per year: A rebate of 30 percent on the balance after the rebate in terms of section 21(4) has been deducted from the amount of rates payable.

(c) Elderly people with a single dwelling-unit erected on property zoned as Business, with an income up to R6 000,00 per year: A rebate of 30 percent on the amount of rates payable in terms of section 21(3), less a further rebate of 40 percent on the balance payable.

(d) Elderly people with a single dwelling-unit erected on property zoned as Business, with an income up to R8 000,00 per year: A rebate of 30 percent on the amount of rates payable in terms of section 21(3), less a further rebate of 30 percent on the balance payable.

The amount due for rates as contemplated in section 27 of the said Ordinance shall be payable in 12 (twelve) equal instalments.

Interest of 15 percent per annum or such higher rate as the Administrator may determine in terms of section 50A of the Local Government Ordinance, 1939, is chargeable on all amounts in arrear after the fixed day and defaulters are liable to local proceedings for recovery of such arrear amounts.

H R UYS
Town Clerk

P O Box 61
Lydenburg
1120
6 September 1989
Notice No 38/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2631

STADSRAAD VAN LYDENBURG

KENNISGEWING VAN ALGEMENE EIENDOMSBELASTING OF EIENDOMSBELASTING EN VAN VASGESTELDE DAG VIR BETALING TEN OPSIGTE VAN DIE BOEKJAAR 1 JULIE 1989 TOT 30 JUNIE 1990

(Regulasie 17)

Kennis word hierby gegee dat ingevolge artikel 26(2)(a) of (b) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), die volgende algemene eiendomsbelasting ten opsigte van bogenoemde boekjaar gehef is op belasbare eiendom in die waarderingslys opgeteken —

1(a) op die terreinwaarde van enige grond of op die terreinwaarde van 'n reg in enige grond: 8,5 sent in die Rand.

(i) Ingevolge artikel 21(4) van die genoemde Ordonnansie word 'n korting van 30 persent op die algemene eiendomsbelasting gehef op die terreinwaarde van 'n reg in enige grond, genoem in paragraaf (a) hierbo, toegestaan ten opsigte van sodanige belasbare eiendom wat as Residensieel I en Opvoedkundig ingevolge die Raad se Dorpsbeplanningskema gesoneer is.

(ii) Eiendomme anders as die in 1(a)(i) genoem en waarop 'n enkel wooneenheid opgerig is wat bewoon word, word 'n korting van 30% toegestaan.

2. Ingevolge artikel 32(1)(b) van die Plaaslike Bestuur Belasting Ordonnansie die volgende korting aan die ondergenoemde kategorie eienaars toegestaan word:

(a) Bejaardes tot R6 000,00 per jaar inkomste: 40 persent korting van die balans nadat die korting ingevolge artikel 21(4) van genoemde Ordonnansie van die bedrag van eiendomsbelasting verskuldig, afgetrek is.

(b) Bejaardes tot R8 000,00 per jaar inkomste: 30 persent korting van die balans nadat die korting ingevolge artikel 21(4) van genoemde Ordonnansie van die bedrag van eiendomsbelasting verskuldig, afgetrek is.

(c) Bejaardes met huis op Besigheidsperseel met inkomste tot R6 000,00 per jaar: 30 persent korting op die eiendomsbelasting verskuldig ooreenkomstig artikel 21(3) minus 'n verdere korting van 40% op die balans verskuldig.

(d) Bejaardes met huis op Besigheidsperseel met inkomste tot R8 000,00 per jaar: 30 persent korting op die eiendomsbelasting verskuldig ooreenkomstig artikel 21(3) minus 'n verdere korting van 30% op die balans verskuldig.

Die bedrag verskuldig vir eiendomsbelasting, soos in artikel 27 van genoemde Ordonnansie beoog, is in 12 (twaalf) gelyke maandelikse paaiemente betaalbaar.

Rente teen 15 persent per jaar of sodanige hoër koers as wat die Administrateur ingevolge die bepalings van artikel 50A van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, mag bepaal, is op alle agterstallige bedrae na die vasgestelde dag hefbaar en wanbetalers is onderhewig aan regsproses vir die invordering van sodanige agterstallige bedrae.

H R UYS
Stadsklerk

Posbus 61
Lydenburg
1120
6 September 1989
Kennisgewing No 38/1989

6

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2632

TOWN COUNCIL OF LYDENBURG

DETERMINATION OF CHARGES IN TERMS OF THE TOWNPLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986

It is hereby notified in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939 that it is the intention of the Town Council of Lydenburg to determine charges payable in terms of the Ordinance on Townplanning and Townships, 1986.

The general purport of this determination is to levy and determine charges for several matters under the Ordinance, on Townplanning and Townships, 1986.

Copies of the proposed determination of charges are open for inspection at the office of the Town Clerk for a period of fourteen (14) days from the date of publication hereof in the Provincial Gazette.

Any person who wishes to object to the proposed amendment must do so in writing to the undersigned within 14 days after the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

H R UYS
Town Clerk

PO Box 61
Lydenburg
1120
6 September 1989
Notice No 40/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2632

STADSRAAD VAN LYDENBURG

VASSTELLING VAN TARIEWE INGEVOLGE DIE ORDONNANSIE OP DORPE EN DORPSBEPLANNING 1986

Daar word hierby ingevolge die bepalings van artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 bekend gemaak dat die Stadsraad van Lydenburg van voorneme is om tariewe betaalbaar ingevolge die Ordonnansie op Dorpe en Dorpsbeplanning, 1986 vas te stel.

Die algemene strekking van hierdie vasstelling is om tariewe van verskeie aangeleenthede onder die Ordonnansie op Dorpe en Dorpsbeplanning 1986 te wysig of vas te stel.

Afskrifte van die voorgestelde tariewe lê ter insae by die Kantoor van die Stadsklerk vir 'n tydperk van veertien (14) dae vanaf publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysigings wens aan te teken, moet dit skriftelik binne 14 dae van datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant, by die ondergetekende doen.

H R UYS
Stadsklerk

Posbus 61
Lydenburg
1120
6 September 1989
Kennisgewing No 40/1989

6

TOWN COUNCIL OF MODDERFONTEIN

AMENDMENT OF TARIFFS:

STANDARD STREET AND MISCELLANEOUS BY-LAWS

It is hereby notified in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Council intends adopting certain amendments to the tariffs regarding the abovementioned By-laws.

The general purport of these tariffs is to provide for the payment of deposits and licence fees regarding posters and similar advertisements.

Copies of these tariffs are open for inpection at the office of the Council for a period of fourteen days from the date of publication hereof in the Provincial Gazette.

Any person who desires to record his objection to the said tariffs, shall do so in writing to the undermentioned within 14 days after the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

G HURTER
Town Clerk

Municipal Offices
Private Bag X1
Modderfontein
1645
6 September 1989
Notice No 10/1989

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2633

STADSRAAD VAN MODDERFONTEIN

WYSIGING VAN TARIEWE:

STANDAARD STRAAT- EN DIVERSE VERORDENINGE

Daar word hierby ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekendgemaak dat die Raad voornemens is om die bogemelde tariewe te wysig.

Die algemene strekking van hierdie kennisgewing is om voorsiening te maak vir die betaling van deposito's en lisensiefooie ten opsigte van plakkate en soortgelyke advertensies.

Afskrifte van die voorgestelde wysiging lê ter insae by die kantoor van die Raad vir 'n tydperk van 14 dae vanaf publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen gemelde wysigings wil aanteken, moet dit skriftelik binne 14 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant by die ondergetekende doen.

G HURTER
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Privaatsak X1
Modderfontein
1645
6 September 1989
Kennisgewing No 10/1989

6

CONTENTS

Administrator's Notice

638. Johannesburg Amendment Scheme 1807 3060
639. Bedfordview Extension 320: Declaration as Approved Township 3061
640. Bedfordview Amendment Scheme 355 3060
641. Witkoppen Township: Declaration as Approved Township 3062
642. Sandton Amendment Scheme 1224 3064
643. Letsitele Extension 3 Township: Declaration as Approved Township 3064
644. Transvaal Board for Development of Peri-Urban Areas: Amendment Scheme 179 3065
645. District of Prerioria: Public and District Road 1386 3065
646. District of Pretoria: Access Road 3068
647. District of Pretoria: Access Road 3069
648. District of Pretoria: Access Road 3070

General Notices

1461. Town Council of Midrand 3071
1463. Notice of Application for the Establishment of a Township 3072
1466. Pretoria Amendment Scheme 3411 3072
1467. Pretoria Amendment Scheme 3412 3073
1468. Lydenburg Amendment Scheme 34 3073
1469. Roodepoort Amendment Scheme 322 3074
1470. Roodepoort Amendment Scheme 321 3074
1471. Town Council of Sandton 3074
1472. Edenvale: Notice of Application for Town-planning 3075
1473. Alberton Amendment Scheme 456 3075
1474. Alberton Amendment Scheme 455 3076
1475. Notice of Application for Establishment of Township 3076
1476. Johannesburg Amendment Scheme 2697 3077
1477. Randburg Amendment Scheme 1374 3077
1478. Potchefstroom Amendment Scheme 275 3078
1479. Edenvale Amendment Scheme 189 3078
1480. Bedfordview Town Council 3079
1481. Boksburg Amendment Scheme 1/646 3079
1482. Pretoria Amendment Scheme 3393 3080
1483. Johannesburg Amendment Scheme 3080
1484. Notice of Application for Establishment of Township 3081
1485. Sandton Amendment Scheme 1455 3081
1486. Witbank Amendment Scheme 1/238 3082
1487. Notice of Application for Amendment of Town-planning Scheme in terms of section 56(1)(b)(i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986) 3082
1506. Notice of Application of Township 3083
1507. Notice of Draft Scheme 3083
1508. Notice of Application for Amendment of Town-planning Scheme in terms of section 56(1)(b)(i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986) 3084
1509. Notice of Application for Amendment of Town-planning Scheme in terms of section 56(1)(b)(i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986) 3084
1510. Notice of Application for Amendment of Town-planning Scheme in terms of section 56(1)(b)(i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986) 3085
1511. Notice of Application for Amendment of Town-planning Scheme in terms of section 56(1)(b)(i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986) 3085
1513. Sandton Amendment Scheme (Regulation 11(2)): Notice of Application for Amendment of Town-planning Scheme in terms of section 56(1)(b)(i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986) 3085
1514. Edenvale Amendment Scheme 184: Notice of Application for Amendment of Town-planning Scheme in terms of section 56(1)(b)(i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986) 3086
1515. Edenvale Amendment Scheme 188 3086
1516. Meyerton Town Council 3087
1517. Town Council of Vanderbijlpark 3087
1518. Benoni Amendment Scheme 1/421 3088
1519. Botleng: Declaration of Land as Transit Areas 3088
1520. Brakpan Amendment Scheme 124 3091
1521. Middelburg Amendment Scheme 166 3091
1522. Middelburg Amendment Scheme 152 3092
1523. Potchefstroom: Correction Notice 3092
1524. Randburg Amendment Scheme 1362 3092
1525. Johannsburg Amendment Scheme 3093
1526. Sandton Amendment Scheme 1287 3093
1527. Tokoza: Declaration of Land as a Transit Area 3094
1528. Witbank: Reyno Ridge Extension 14: Notice of Application for Establishment of Township 3096

INHOUD

Administrateurskennisgewings

629. Munisipaliteit Meyerton 3059
638. Johannesburg-wysigingskema 1807 3060
639. Bedfordview Uitbreiding 320: Verklaring tot Goedgekeurde Dorp 3061
640. Bedfordview-wysigingskema 355 3060
641. Dorp Witkoppen: Verklaring tot Goedgekeurde Dorp 3062
642. Sandton-wysigingskema 1224 3064
643. Dorp Letsitele Uitbreiding 3: Verklaring tot Goedgekeurde Dorp 3064
644. Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede: Wysigingskema 179 3065
645. Distrik Pretoria: Openbare- en Distrikspad 1386 3065
646. Distrik Pretoria: Toegangspad 3068
647. Distrik Pretoria: Toegangspad 3069
648. Distrik Pretoria: Toegangspad 3070

Algemene Kennisgewings

1461. Stadsraad van Midrand 3071
1463. Kennisgewing van 'n Aansoek om Stigting van 'n Dorp 3072
1466. Pretoria-wysigingskema 3411 3072
1467. Pretoria-wysigingskema 3412 3073
1468. Lydenburg-wysigingskema 34 3073
1469. Roodepoort-wysigingskema 322 3074
1470. Roodepoort-wysigingskema 321 3074
1471. Stadsraad van Sandton 3074
1472. Edenvale: Dorpsbeplanning 3075
1473. Alberton-wysigingskema 456 3075
1474. Alberton-wysigingskema 455 3076
1475. Kennisgewing van Aansok om Stigting van Dorp 3076
1476. Johannesburg-wysigingskema 2697 3077
1477. Randburg-wysigingskema 1374 3077
1478. Potchefstroom-wysigingskema 275 3078
1479. Edenvale-wysigingskema 189 3078
1480. Stadsraad van Bedfordview 3079
1481. Boksburg-wysigingskema 1/646 3079
1482. Pretoria-wysigingskema 3393 3080
1483. Johannesburg-wysigingskema 3080
1484. Kennisgewing van Aansoek om Stigting van Dorp 3081
1485. Sandton-wysigingskema 1455 3081
1486. Witbank-wysigingskema 1/238 3082
1487. Kennisgewing van Aansoek om Wysiging van Dorpsbeplanningskema, ingevolge artikel 56(1)(b)(i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanninge en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986) 3082
1506. Aansoek om Stigting van Dorp 3083
1507. Kennisgewing van Ontwerpskema 3083
1508. Kennisgewing van Aansoek om Wysiging van Dorpsbeplanningskema, ingevolge artikel 56(1)(b)(i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanninge en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986) 3084
1509. Kennisgewing van Aansoek om Wysiging van Dorpsbeplanningskema, ingevolge artikel 56(1)(b)(i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanninge en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986) 3084
1510. Kennisgewing van Aansoek om Wysiging van Dorpsbeplanningskema, ingevolge artikel 56(1)(b)(i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanninge en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986) 3085
1511. Kennisgewing van Aansoek om Wysiging van Dorpsbeplanningskema, ingevolge artikel 56(1)(b)(i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanninge en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986) 3085
1513. Sandton-wysigingskema (Regulasie 11(2): Kennisgewing van Aansoek om Wysiging van Dorpsbeplanningskema, ingevolge artikel 56(1)(b)(i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanninge en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986) 3085
1514. Edenvale-wysigingskema 184: Kennisgewing van Aansoek om Wysiging van Dorpsbeplanningskema, ingevolge artikel 56(1)(b)(i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanninge en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986) 3086
1515. Edenvale-wysigingskema 188 3086
1516. Stadsraad van Meyerton 3087
1517. Stadsraad van Vanderbijlpark 3087
1518. Benoni-wysigingskema 1/421 3088
1519. Botleng: Verklaring van Grond as Deurgangsgebiede 3088
1520. Brakpan-wysigingskema 124 3091
1521. Middelburg-wysigingskema 166 3091
1522. Middelburg-wysigingskema 152 3092
1523. Potchefstroom: Verbeteringskennisgewing 3092
1524. Randburg-wysigingskema 1362 3092
1525. Johannesburg-wysigingskema 3093
1526. Sandton-wysigingskema 1287 3093
1527. Tokoza: Verklaring van Grond as 'n Deurgangsgebied 3094
1528. Witbank: Reyno Ridge Uitbreiding 14: Kennisgewing van Aansoek om Stigting van Dorp 3096

1529. Pietersburg Amendment Scheme 161 3096
1530. Pretoria Amendment Scheme 3097
1531. Pretoria Amendment Scheme 3097
1532. Pietersburg Amendment Scheme 168 3098
1533. Pietersburg Amendment Scheme 151 3098
1534. Pretoria Amendment Scheme 3420 3098
1535. Roodepoort Amendment Scheme 327 3099
1536. Nelspruit Amendment Scheme 1/284 3099
1537. Pretoria Amendment Scheme 3415 3100
1538. Johannesburg Amendment Scheme 2686 3100
1539. Alberton Amendment Scheme 458 3101
1540. Vanderbijlpark Amendment Scheme 74 3101
1541. Johannesburg Amendment Scheme 2661 3102
1542. Pretoria Amendment Scheme 3414 3102
1543. Boksburg Amendment Scheme 1/643 3103
1544. Vereeniging Town-planning Scheme 1/56 3103
1545. Randfontein: Holding 97 Pelzvale Agricultural Holdings: Declaration of Land 3104
1546. Roodepoort Amendment Scheme 221 3104
1547. Roodepoort Amendment Scheme 293 3104
1548. Roodepoort Amendment Scheme 324 3105
1549. Roodepoort Amendment Scheme 325 3105
1550. Roodepoort Amendment Scheme 326 3106
1551. Roodepoort Amendment Scheme 223 3106
1552. Krugersdorp Amendment Scheme 224 3107
1553. Krugersdorp Amendment Scheme 225 3107
1554. Johannesburg Amendment Scheme 2528 3108
1555. Randfontein Amendment Scheme 163 3108
1556. Rustenburg Amendment Scheme 154 3109
1557. Pretoria Amendment Scheme 3422 3109
1558. Halfway House and Clayville Amendment Scheme 431 3110
1559. Germiston Amendment Scheme 282 3110
1560. Pretoria Amendment Scheme 3421 3111
1561. Groblersdal: Groblersdal Extension 14 Township: Notice of Application for Establishment of Township 3111
1562. Sandton Amendment Scheme 1438 3112
1563. Johannesburg Amendment Scheme 2706 3112
1564. Johannesburg Amendment Scheme 2704 3113

Notices by Local Authorities 3114

1529. Pietersburg-wysigingskema 161 3096
1530. Pretoria-wysigingskema 3097
1531. Pretoria-wysigingskema 3097
1532. Pietersburg-wysigingskema 168 3098
1533. Pietersburg-wysigingskema 151 3098
1534. Pretoria-wysigingskema 3420 3098
1535. Roodepoort-wysigingskema 327 3099
1536. Nelspruit-wysigingskema 1/284 3099
1537. Pretoria-wysigingskema 3415 3100
1538. Johannesburg-wysigingskema 2686 3100
1539. Alberton-wysigingskema 458 3101
1540. Vanderbijlpark-wysigingskema 74 3101
1541. Johannesburg-wysigingskema 2661 3102
1542. Pretoria-wysigingskema 3414 3102
1543. Boksburg-wysigingskema 1/643 3103
1544. Vereeniging-dorpsbeplanningskema 1/56 3103
1545. Randfontein: Pelzvale Landbouhoewes 97: Verdeling van Grond 3104
1546. Roodepoort-wysigingskema 221 3104
1547. Roodepoort-wysigingskema 293 3104
1548. Roodepoort-wysigingskema 324 3105
1549. Roodepoort-wysigingskema 325 3105
1550. Roodepoort-wysigingskema 326 3106
1551. Roodepoort-wysigingskema 223 3106
1552. Krugersdorp-wysigingskema 224 3107
1553. Krugersdorp-wysigingskema 225 3107
1554. Johannesburg-wysigingskema 2528 3108
1555. Randfontein-wysigingskema 153 3108
1556. Rustenburg-wysigingskema 154 3109
1557. Pretoria-wysigingskema 3422 3109
1558. Halfway House- en Clayville-wysigingskema 431 3110
1559. Germiston-wysigingskema 282 3110
1560. Pretoria-wysigingskema 3421 3111
1561. Groblersdal: Groblersdal Uitbreiding 14: Kennisgewing van Aansoek om Stigting van Dorp 3111
1562. Sandton-wysigingskema 1438 3112
1563. Johannesburg-wysigingskema 2706 3112
1564. Johannesburg-wysigingskema 2704 3113

Plaaslike Bestuurskennisgewings 3114

Printed for the Transvaal Provincial Administration, Pta by Aurora Printers, 161 Mitchell Street, Pretoria West.

Gedruk vir die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pta. deur Aurora Drukpers, Mitchellstraat 161, Pretoria-Wes.